

T.N&A

NEDERLANDS EN AFRIKAANS
NR. 2 DESEMBER 2003

TYD
100DE



Redaksioneel

Willie Burger

"Bolwerk teen tyd en vergetelheid": Karel Schoeman se outobiografiese aantekeninge

J.U. Jacobs

White Skin, Black Masks: Breyten Breytenbach's African Selves

Nicholas Meihuizen

Campbell's Autobiographies: Versions of a Life

Andries Visagie

Bendegeweld, seksualiteit en manlike subjektiwiteit in die outobiografie van Joseph Marble

M.J. Daymond

Generic and Discursive Tensions in Winnefred and Agnes: The True Story of Two Women by Agnes Lottering

Ena Jansen

"Ons samelewing sal nog ingewikkelder gemaak word." Twee vertelmomente van Anna Barry se Boereoorlogdagboek *Ons Japie* (1960)

Pamela Pattynama

Herinnerd Indië: Autobiografiese tekste van Indiese migrantenschrywers

Gina Buijs

Presenting and Re-presenting the Past: African Childhood recalled

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#)

Opgedateer 7 Desember 2005 deur Angelique de Villiers Kopiereg © 1997 berus by die redaksie

Gasredakteur: Andries Visagie

- Redaksioneel -

Hierdie uitgawe van Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans word gewy aan studies oor Suid-Afrikaanse en Nederlandse outobiografiese tekste. Die artikels in hierdie uitgawe is verteenwoordigend van die referate wat gelewer is tydens die Durbanse Colloquium oor Nederlandse en Suid-Afrikaanse Outobiografiese Tekste wat op 30 en 31 Mei 2003 plaasgevind het by die Program vir Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal (Durban). Die colloquium het deel gevorm van die akademiese samewerking tussen die Program vir Afrikaans en Nederlands (UN) en die Afdeling Theorie en Geschiedenis van de Literatuur van die Universiteit van Tilburg. Jaap Goedegebuure en Léon Hanssen het die Universiteit van Tilburg by die colloquium verteenwoordig. Die Noordelike Kennisnetwerk vir Neerlandistiek en die Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van Natal (Durban) het 'n onontbeerlike geldelike bydrae tot die colloquium gelewer en hulle aandeel in die sukses van die byeenkoms word hiermee met dank erken.

Hierdie uitgawe oor outobiografiese tekste gee uitdrukking aan die groeiende belangstelling in biografiese en outobiografiese tekste, nie net binne die veld van die literatuurstudie nie, maar ook by die breër leserspubliek. Egotekste word wyd gelees en behaal goeie verkoopsyfers. Literatuurwetenskaplikes besef toenemend die belang van egotekste as 'n lewenskragtige groeipunt in die literatuur. Tydens sy verwelkomingstoespraak by die Durbanse Colloquium het Michael Chapman, dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe by die Universiteit van Natal, opgemerk dat biografieë en outobiografieë tot dusver nie dieselfde literêr-kritiese aandag ontvang het as die roman nie en die hoop uitgespreek dat literatore hulle toenemend sal toespits op vroeë rondom: "how to interpret the life; how to narrate the life".

Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans het in die verlede reeds 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die studie van die egoliteratuur. In 2002 is nommer 1 van jaargang 9 gewy aan egodokumente onder die gasredakteurskap van Ena Jansen. Ook by die verskillende universiteite in KwaZulu-Natal is daar sedert die jare negentig van die vorige eeu 'n lewendige belangstelling in die studie van biografieë en outobiografieë. By die Program vir Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Natal in Durban het Helize van Vuuren en Eduan Swanepoel byvoorbeeld 'n nagraadse kursus oor outobiografieë aangebied en onder die studieleiding van Swanepoel is 'n goeie aantal M.A.-skripsies oor outobiografiese tekste voltooi waaronder Outobiografie as protesliteratuur van R.P. Chetty en Die aard van outobiografiese geskryfte deur gevangenes en ballinge: Die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) van Nico Lamprecht. Swanepoel se eie navorsing oor die outobiografie vind onder meer neerslag in sy 1996-artikel "Ubuntu en individualisme: enkele opmerkings oor die Suid-

Afrikaanse outobiografie" in *Stilet* 8(1). Nog 'n personeellid van die Program vir Afrikaans en Nederlands, Vasu Reddy, voltooi in 1997 'n M.A.-skripsie, *From Private Voice to Public Protest: Diary Narrative as Testimony*, oor onder meer Deneys Reitz se oorlogsdagboek *Commando*. In 2002 publiseer Andries Visagie 'n artikel oor Henk van Woerden se outobiografiese werk in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 9(2).

Die KwaZulu-Natalse karakter van hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* blyk ook uit die bydraes van literatore wat kenners is van die Engelstalige Suid-Afrikaanse literatuur, naamlik Nicholas Meihuizen, J.U. Jacobs en M.J. Daymond. 'n Onlangse voorbeeld van die navorsing wat reeds 'n geruime tyd deur lede van die Program vir Engels van die Universiteit van Natal oor die outobiografie onderneem is, is die bloemlesing *Women Writing Africa: the Southern Region* (2003) waarvan M.J. Daymond 'n mederedakteur is.

By die Universiteit van Durban-Westville het Johan van Wyk en Judith Lütge Coullie sedert die jare negentig aktief gewerk aan uiteenlopende projekte rondom outobiografiese tekste. Onder die energieke leiding van Johan van Wyk verskyn drie outobiografieë in Durban sedert 2001 in die "Life History Series" waaronder *No Way Out: Story of an X-Street Kid* (2001) van Zinhle Carol Mdakane asook Van Wyk se eie omstrede outobiografiese teks *Man-Bitch* (2001). Judith Lütge Coullie se proefskrif *Self, Life and Writing in Selected South African Autobiographical Texts* (1994) verskaf 'n nuttige oorsig van Suid-Afrikaanse outobiografieë wat in Engels geskryf is en dit is jammer dat hierdie studie nog steeds nie gepubliseer is nie. Ook buite Durban is daar navorsers wat hulle werk toespits op die outobiografie. By die Universiteit van Zululand doen onder meer Nicholas Meihuizen, Myrtle Hooper en Gina Buijs navorsing oor outobiografiese geskrifte. Hierdie beknopte oorsig van die literêre navorsing oor die outobiografie in KwaZulu-Natal maak nie aanspraak op volledigheid nie, maar wil eerder die KwaZulu-Natalse konteks skets waaruit hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* ontstaan het. Ook die tekening op die buiteblad van hierdie tydskrif getuig van die KwaZulu-Natalse inslag van hierdie uitgawe: die Durbanse kunstenaar en romanskrywer, Ingrid Winterbach, word hartlik bedank vir die toestemming om haar tekening, *George Dyer Reconsiders* (3), hier te reproduseer.

Die eerste drie bydraes in hierdie tydskrif word gewy aan die outobiografiese werk van drie invloedryke Suid-Afrikaanse skrywers, naamlik Karel Schoeman, Breyten Breytenbach en Roy Campbell. Die outobiografiese tekste van hierdie drie skrywers lewer blyke van 'n hoë vlak van literêre sofistikasie en 'n toegespitste belangstelling in die identiteitskeppende funksie van die outobiografie.

Een van die belangrikste skrywersoutobiografieë wat die afgelope paar jaar in Afrikaans verskyn het, is ongetwyfeld *Die laaste Afrikaanse boek van Karel Schoeman*. In "*Bolwerk teen tyd en vergetelheid*": Karel Schoeman se outobiografiese aantekeninge" toon Willie Burger aan hoe Schoeman in sy

outobiografie 'n doelbewuste poging aanwend om sy identiteit te bestendig teen die vergetelheid. Burger dui aan hoe Schoeman, soos ook in sy romans, steeds bewus is van die stemme uit die geskiedenis wat hulle by die romanskrywer en historikus aanmeld om opgeteken te word en sodoende 'n identiteit te verkry. In Die laaste Afrikaanse boek is Schoeman daarop ingestel om sy eie stem 'n plek in die geskiedenis te gee deur die proses van narratiewe identiteitskepping. Burger se artikel is 'n aanskoulike toevoeging tot sy literêre navorsing oor die wisselwerking tussen geskiedenis en narratiewe identiteit.

J.U. Jacobs het reeds verskeie publikasies van gehalte oor die werk van Breyten Breytenbach die lig laat sien. In "White Skin, Black Masks: Breyten Breytenbach's African Selves" is Jacobs, net soos Willie Burger, geïnteresseerd in die identiteit(e) wat die skrywer in sy fiksionele en outobiografiese werk projekteer. Jacobs vergelyk Breytenbach se selfrefleksiewe selfprojeksie met soortgelyke prosesse in die werk van Italo Calvino, Salman Rushdie en Fernando Pessoa. Hy konsentreer verder op die spanning tussen Breytenbach se kulturele identiteite as Afrikaner en Afrikaan, identiteite wat geensins as homogeen beskou kan word nie. Jacobs se artikel is uiteindelik ook 'n staalkaart van die Afrika-maskers van die self wat Breytenbach in sy prosa projekteer.

Die derde bydrae in hierdie tydskrif gaan oor die werk van Roy Campbell, die modernistiese digter wat in Durban gebore is. In "Campbell's Autobiographies: Versions of a Life" besin Nicholas Meihuizen oor weersprekende gegewens in Roy Campbell se twee outobiografieë, Broken Record (1934) en Light on a Dark Horse (1951). Volgens Meihuizen is Campbell se botsende verslae van dieselfde insident op die jagveld 'n doelbewuste misleiding wat veel dieper strek as Campbell se openlike bekentenis dat hy mildelik gebruik gemaak het van fiksionele gegewens in sy eerste outobiografie. Met verwysing na die psigoanalitiese konsepte van herhaling en repressie lê Meihuizen 'n verband tussen die weersprekende gegewens in Campbell se outobiografieë en die ontwrigtende effek van sy vrou, Mary, se verhouding met Vita Sackville-West tydens die Bloomsbury- periode.

Die helfte van die bydraes in hierdie uitgawe van Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans (die artikels van Andries Visagie, M.J. Daymond, Ena Jansen en Gina Buijs) word afgestaan aan die lewensverhale van individue wat hulle nooit aktief toegelê het op die ontwikkeling van 'n eie skrywersloopbaan nie. Die outobiografiese vertellings van hierdie individue toon dikwels groot verskille met die uitgesproke literêr-outobiografiese werk van byvoorbeeld Schoeman, Breytenbach en Campbell. Die artikels in hierdie tydskrif weerspieël dan ook die diversiteit wat tans merkbaar is in die studie van outobiografiese tekste. Die lewensverhale van mense sonder 'n literêre agtergrond word tans met ewe veel belangstelling bestudeer as die outobiografieë van literêre figure wat 'n hoë mate van estetiese beheer oor hulle tekste het.

Net soos Nicholas Meihuizen in sy artikel oor Campbell, betrek ook Andries Visagie die kwessie van manlikheid in sy studie van Ek, Joseph Daniel Marble

(1999), naamlik "Bendegeweld, seksualiteit en manlike subjektiwiteit in die outobiografie van Joseph Marble". Marble kyk in sy boek terug op sy eie jeug as 'n bendelid in die kleurlingbuurte van Johannesburg in die jare sewentig van die twintigste eeu. Visagie skakel die diskontinuiteit wat baie outobiografiese ervarings tussen hulle posisie as verteller enersyds en hulle jonger en andersoortige self andersyds met Marble se verskuivende projeksies van sy manlike identiteit. Die volwasse Joseph Marble gee gestalte aan sy manlikheid rondom sy rol as verantwoordelike gesinsman en broodwinner terwyl die jeugdige Joseph hom tot seksuele verowerings en bendegeweld wend in 'n oorkompenserende poging om die integriteit van sy jeugdige manlike subjektiwiteit te beskerm. Visagie besin verder oor die implikasies wat beskouings van die outobiografie as "autrebiografie" (Cixous en Coetzee) en "outobiokopie" (Lejeune) mag hê vir die pogings van die vertellende manlike subjek om die koherensie van die self te verseker.

M.J. Daymond skryf in "Generic and Discursive Tensions in Winnefred and Agnes: The True Story of Two Women by Agnes Lottering" oor Lottering se lewensverhaal as 'n uitdaging van die rassestereotipering waaraan gekleurde Suid-Afrikaners in die twintigste eeu onderwerp is. Daymond konsentreer op twee aspekte van Winnefred and Agnes, naamlik Lottering se problematisering van die outobiografiese pakt (Lejeune) deur die verdubbeling van die outobiografiese "ek" en haar ietwat problematiese keuse om haar jeug voor te stel met verwysing na 'n diskoers van natuurlike onskuld. In haar (outo)biografiese verslag oor haar familie se trotse geskiedenis in KwaZulu-Natal bied Lottering sowel haar moeder se lewensverhaal as haar eie lewensgeskiedenis aan as eerstepersoonsvertellings. Daymond ondersoek hierdie vertelstrategie deur Winnefred and Agnes te situeer binne die korpus Suid-Afrikaanse outobiografiese tekste wat sedert die jare negentig van die vorige eeu in Engels verskyn het.

Die diskontinuiteit, verdubbeling en fragmentasie van die outobiografiese vertelinstansie figureer nie net prominent in die artikels van Jacobs, Visagie en Daymond nie. In "'Ons samelewing sal nog ingewikkelder gemaak word." Twee vertelmomente van Anna Barry se dagboek *Ons Japie* (1960)" stel Ena Jansen ondersoek in na die inhoud van Anna Barry se dagboek uit die Anglo-Boereoorlog en beskou daarna die konteks rondom Barry se publikasie van haar dagboek bykans sestig jaar later. Volgens Jansen is die "skaduwee van die Vader" die bepalende faktor vir Anna Barry se identiteitsbesef. Haar vader het naamlik die eed van neutraliteit teenoor die Britse magte afgelê en na die oorlog is die Barry-gesin gevolglik as "hendsoppers" gestigmatiseer. Jansen merk op dat die titel van *Ons Japie*, asook ander elemente in die boek, in 1960 'n poging was om die één lid van die Barry-gesin wie se identiteit as "lojale Boer" nie bevraagteken kon word nie, voorop te stel. Met haar tweede vertelmoment in 1960 skep Barry 'n ander beeld van haar familie as wat moontlik was direk na die oorlog. Volgens Jansen beding Anna Barry vir die eerherstel van die Barry-familie sonder om die ingewikkelde posisie van die familie tydens die oorlog te verdoesel.

Ena Jansen en Pamela Pattynama skryf albei oor aspekte van die koloniale en

postkoloniale literatuur wat oorspronklik in Nederlands geskryf is. Tydens die Durbanse Colloquium oor Nederlandse en Suid-Afrikaanse Outobiografiese Tekste in 2003 het Pamela Pattynama, Jaap Goedegebuure en Léon Hanssen referate gelewer oor die verwerking van outobiografiese gegewens in die Nederlandse literatuur. Pattynama se referaat verskyn hier onder die titel "Herinnerd Indië: autobiografiese tekste van Indiese migrantenschrywers". In hierdie artikel neem Pattynama die literatuur van die eerste en tweede generasie migrante uit die voormalige Nederlands-Indië (tans Indonesië) in oënskou. Sy merk op dat dié migranteliteratuur gekenmerk word deur die vervaging van die tradisionele grense tussen literatuur, geskiedenis en outobiografie. Een van die redes waarom die Nederlands-Indiese literatuur vir so lank in Nederland beskou is as 'n "exotisch buitenbeentje" is die beeld van dié literatuur as realisties en outobiografies en daarom van mindere literêre gehalte. Pattynama maak die gevolgtrekking dat die herinneringe van die eerste generasie migranteskrywers berus op 'n representasie van "eie ervarings" terwyl die tweede generasie hulle verlaat op sogenaamde postherinneringe. Die tekste van die tweede generasie word gekenmerk deur intertekstualiteit en oorlewering waarin verwysings na 'n gemeenskaplike herkoms, die teleurstellende reis na Indonesië, die oorlogsvader en familieverhale gereeld voorkom.

Weens omstandighede kon Gina Buijs nie soos beplan die Durbanse Colloquium bywoon nie. Die referaat wat sy sou lewer, verskyn wel hier as "Presenting and Re-presenting the Past: African Childhood Recalled". Buijs se artikel funksioneer as 'n belangrike kontrapunt in hierdie uitgawe van Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans aangesien haar navorsing hoofsaaklik antropologies van aard is en gebaseer is op mondelinge onderhoude met 'n groot groep bejaarde Vendas. Buijs bied hier 'n blik buite die gepubliseerde letterkunde op die dinamiek wat betrokke is by die insameling van outobiografiese inligting vir antropologiese doeleindes. In hulle vertellings lê die bejaarde respondente klem op die kommunale aspekte van hulle kinderjare in Venda in die jare twintig en dertig van die twintigste eeu en brei uit op die belangrike funksie van rituele, gebruike, dans en musiek in hulle lewens as kinders. Met verwysing na Cavarero se *Relating Narratives: Storytelling and Selfhood* (2000) kom Buijs tot die volgende gevolgtrekking oor die gemeenskapsgerigtheid van die individuele Venda-respondente in hulle vertellings: "each life does not indicate a life lived in isolation, but rather the "togetherness and intercourse" of these single existents".

Die agt bydraes in hierdie temanommer van Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans oor Suid-Afrikaanse en Nederlandse outobiografiese tekste gee 'n beeld van die wye verskeidenheid tekste wat tans die basis vorm van navorsing oor die outobiografie. Op uiteenlopende maniere besin die skrywers egter almal oor die representasie van identiteit in die outobiografiese vertelling. Die geesteswetenskappe word wêreldwyd al vir 'n geruime tyd verryk deur 'n toegespitste belangstelling in identiteit. Dit is daarom nouliks verbasend dat die artikels in hierdie uitgawe van Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans ook deeglik aansluiting vind by die huidige debat oor literatuur en identiteit.

Ten slotte wil ek graag vir Beverly Pennington bedank vir haar hulp met die organisasie van die Durbanse Colloquium oor Nederlandse en Suid-Afrikaanse Outobiografiese Tekste. Ek is verder ook baie dank verskuldig aan Siegfried Huigen, hoofredakteur van Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans, en Lizette Grobler, sy redaksionele assistent, vir hulle waardevolle hulp en raad met die voorbereiding van hierdie tydskrif vir publikasie.

Universiteit van Natal, Durban

[Elektroniese weergawes
van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir
outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands &
Afrikaans

10de Jaargang, Nommer 2. Desember
2003

"Bolwerk teen tyd en vergetelheid": Karel Schoeman se outobiografiese aantekeninge

- Willie Burger -

Abstract

Karel Schoeman's attempt in his "autobiography", as well as in his historical works and fiction, is to create a "bulwark against time and oblivion". By narrating the past, an important contribution is made towards constituting an identity. Utilising Paul Ricoeur's notion of "narrative identity", the way in which Karel Schoeman emplots his life is explored. Although Schoeman does not yield totally to any popular plot provided by the tradition, he seems to utilize the plot of the journey to a large extent. However, in the last chapter he seems to undo the Jungian identity that was created by his narrative in order to reject the idea of a totalizing identity.

"o, mag van die geskrewe woord, bolwerk teen tyd en vergetelheid!"

Schoeman, 2002: 328

1. Bolwerk teen tyd en vergetelheid

Terwyl Karel Schoeman in Ierland besig was met sy novisiaat, is hy toegelaat om 'n dagboek te hou. Die Ierse dagboeke is later gepubliseer (1) maar Schoeman wou nooit weer daarna kyk nie, omdat hy voel dat dit "oordrewe positief" is en gekenmerk word deur "eensydige optimisme en die gevolglike oppervlakkigheid" (2002: 328). Wanneer hy nietemin jare later weer na die dagboeke kyk, is hy verbaas oor alles wat daarin opgeteken staan wat hy al vergeet het. Hy kom daardeur onder die indruk van die mag van die geskrewe woord: "indien dit nie swart op wit hier gestaan het nie, sou ek niks meer daarvan geweet het nie en alle wete ontken". Hierdie besef word dan opgevolg deur die lof aan die geskrewe woord wat as titel vir hierdie opstel gebruik word: "o, mag van die geskrewe woord, bolwerk teen tyd en vergetelheid!" (328).

Reeds in die titelnovelle in sy eerste gepubliseerde werk, *Veldslag*, was Karel Schoeman gemoeid met pogings om die verlede weer te gee. Hy skryf daaroor in *Die laaste Afrikaanse boek*:

Vir my was "Veldslag" in die eerste instansie 'n poging om Afrikaans te skryf, om vas te stel of ek dit kan doen of om te

bewys dat ek kan; maar baie gou het dit tot meer as dit uitgegroeï, 'n uitdruklike, haas Proustiaanse poging om daardie verre en verlore wêreld in woorde vas te lê... (299).

Die Proustiaanse poging om na verlore tyd te soek, staan sentraal in Schoeman se historiese werk sedert die vroeë tagtigerjare, maar ook in sy romans (veral in die Stemme-drieluik en in Verkenning wat eksplisiet met die verlede en die (on)moontlikheid om die verlede te ken, gemoeid is) en uiteraard ook in Die laaste Afrikaanse boek, sy "outobiografiese aantekeninge", waarin hy veral die laaste sestig jaar se persoonlike ervaring in herinnering roep. Schoeman herhaal telkens dat hy onthou en neerskryf wat hy ervaar het – niks meer nie.

Wat ek in hierdie tyd gedink en gevoel het, weet ek nie meer presies nie; maar ek het gekyk en geluister, gesien en gehoor, onthou, en dit wat ek gesien en gehoor het vir 'n deel uiteindelik ook opgeteken, sy dit eers vandag in hierdie aantekeninge. Dit is niks om my op te roem nie en ek wil so iets ook nie probeer nie. Ek skryf wat ek weet, wat ek onthou, wat ek self ervaar het (272).

Hiermee word iets te kenne gegee oor die aard van die geheue; oor die aard van outobiografiese skrywe: Dit behels 'n subjektiewe belewenis, "wat ek self ervaar het"; 'n selektiewe geheue, (alles kan nie onthou word nie – in ieder geval "weet ek nie meer presies nie"); en 'n gedeeltelike optekening ("vir 'n deel uiteindelik ook opgeteken").

Wanneer Schoeman in 1979 terugkeer na Bloemfontein, is hy ontstem deur die wyse waarop die historiese geboue wat hy uit sy vroeëre verblyf in die stad onthou, besig is om voor die stootskrapers te verdwyn. Dit lei daartoe dat hy geskiedenis begin skryf in 'n poging om die ou stad vas te lê, "voordat dit vir goed nie net uit die oog verdwyn nie maar ook uit die herinnering" (477). Van hierdie ywer om die verlede na te vors en op te teken, om 'n bolwerk teen tyd en vergetelheid op te rig, sê Schoeman dat dit sy lewe verander het: "'n onverwagte ontwikkeling waardeur my verdere lewe aanmerklik verander sou word, nie net sover dit my skryfwerk betref nie, maar uiteindelik ook wat betref my kennis van en verhouding teenoor die land waar ek gebore is, my plekbepaling in die wêreld, en my eie identiteit" (477).

Aan die einde van sy loopbaan (soos hy dit stel) het Schoeman in meer as twintig losstaande maar oorvleuelende boeke "die hele geskiedenis van die blanke in Suid-Afrika gedek ..., van so ver terug soos wat dit redelikerwys gevoer kan word" (483). Waar sy aanvanklike motivering, in sy eie woorde, "persoonlike piëteit" was om "die verlede van Bloemfontein aan die vergetelheid te ontruk" (483), het sy historiese navorsing uiteindelik vir Schoeman veel meer geword en hy beskryf dit as van deurslaggewende belang vir sy "persoonlike ontwikkeling en as deel van ... [sy] eie plek- en identiteitsbepaling" (483).

2. Die vertel van die verlede en identiteit

Die konsep "narratiewe identiteit" word gedurende die laaste twee dekades al hoe meer dikwels gebruik. Trouens, die waarde van narratiewe as navorsingsmetode het in verskeie navorsingsterreine (nie slegs die menswetenskappe nie maar ook selfs in die natuurwetenskappe) al meer aandag ontvang. (2) Verskeie teoretici, soos onder meer Alisdair MacIntyre (1997), wys op die belang van narratiewe as singewende strukture, maar dit is veral Paul Ricoeur wat 'n bydrae lewer wat nuttig betrek kan word by 'n refleksie op Schoeman se outobiografiese aantekeninge.

Soos hierbo aangetoon, verbind Schoeman die vertel van die verlede met 'n "eie identiteitsbepaling". Vir Ricoeur is persoonlike identiteit inherent narratief van aard. Om te verstaan wie ons is, is om in staat daartoe te wees om ons stories te volg. Een van die belangrikste funksies van narratiewe is, volgens Ricoeur, om te medieer tussen kontinuïteit en diskontinuïteit. (Soos elke nuwe gebeurtenis in die verhaal ander moontlikhede oopmaak en sekere moontlikhede sluit, bring dit dus eers diskontinuïteit maar die enkele insident word in die plot opgeneem en die kontinuïteit word herstel.) Narratiewe verskaf op soortgelyke wyse die skakel tussen die kontinuïteit en die diskontinuïteit van die self. (Aan die een kant is ons voortdurend aan die verander, die bejaarde persoon is anders as die middeljarige wat hy eers was en verskil radikaal van die rebelse tiener wat hy nóg vroeër was. Biologies, is daar nie eens meer een sel in 'n volwassene waarmee hy/sy gebore is nie. Maar aan die ander kant is dit tóg waar dat ek as volwassene steeds verantwoordelik gehou kan word vir 'n misdaad in my jeug.) Die self is histories en is daarom altyd aan die verander, maar nietemin bly dit steeds "dieselfde" self. Juis daarom is narratiewe geskik om die self uit te druk. (Ricoeur, 1988: 244-249).

In die driedelige *Time and Narrative* (1984, 1985 en 1988) ondersoek Ricoeur die verband tussen tyd en vertelling, die manier waarop vertelling tyd "menslik" maak. Hy onderskei deurgaans tussen "historiese narratiewe" en "fiksie", om verskeie redes waarop nie vir die doel van hierdie artikel verder ingegaan word nie. Wat wel van belang is, is dat Ricoeur veral aan die einde van die derde deel, die begrip "narratiewe identiteit" voorstel. Een van die belangrike aspekte van narratiewe identiteit is vir Ricoeur die "historiese narratiewe", die vertellings oor die verlede – hetsy 'n individu se persoonlike geskiedenis of 'n kollektiewe geskiedenis van 'n groep (Ricoeur, 1988: 244-249).

Identiteit is vir Ricoeur altyd 'n interpretasie. Ricoeur verskil van Descartes wat die idee het dat die mens die voorreg het om direk bewussyn (die cogito) te ondersoek. (Dié argument word breedvoerig uiteengesit in die eerste hoofstuk van *Oneself as Another* [1992]). Die menslike subjek is nie so self-onderzoekbaar nie, maar is altyd 'n wese in tyd, wat spore van bestaan agterlaat wat geïnterpreteer moet word: "The subject thus appears constituted simultaneously as reader and writer of his own life" (1988: 246). Die self is dus

'n "ondersoekte" lewe: "a life purified and clarified by the cathartic effects of historical as well as fictional narratives carried by our culture" (Ricoeur, 1988: 246). Teen hierdie agtergrond word die manier waarop Schoeman die verlede vertel, ten einde 'n lewe te kan interpreteer, ondersoek.

Deur al sy skryfwerk het Schoeman Suid-Afrika, waarheen hy in 1976 "blindelings en teësinnig teruggestrompel het", geleidelik beter leer ken en betrokke geraak by die land en sodoende uiteindelik ook ervaar dat hy "tuisgekom" het (483); dat hy "êrens tuisheer" (484).

Hiermee lê Schoeman uitdruklik 'n verband tussen geheue, of dan die geskiedenis, en identiteit. Identiteit, persoonlik sowel as kollektief, is vir Schoeman ten nouste gemoeid met ons vermoë om te onthou, om die verlede te ken. Individue en groepe se huidige bestaan word grootliks bepaal en gevorm deur herinneringe aan die verlede en deur toekomsverwagtings. Hierdie beskouing stem grootliks ooreen met die beskouings van Ricoeur (1988: 244-249).

Ook oor Die laaste Afrikaanse boek merk Schoeman op dat die verslag oor sy lewe ook 'n verslag geword het van sestig jaar se Suid-Afrikaanse geskiedenis en "'n rekord van 'n wêreld wat in my eie tyd tot niet gegaan het of besig is om rondom my uitmekaar te val waar ek sit en skryf: laat ek ook dit dus opteken en beskryf voordat ook dit vergete raak" (483-4).

Hiermee word ook eksplisiet gestel dat Die laaste Afrikaanse boek nie gewoon 'n outobiografie is nie, nie net die lewensverhaal van die outeur is nie, maar dat dit 'n sosiale geskiedenis van Suid-Afrika word. Die outobiografiese aantekeninge is dus 'n bolwerk teen die vergeet van 'n wêreld wat besig is om rondom die skrywer uitmekaar te val.

Die subtitel "outobiografiese aantekeninge" kan dus gelees word as aantekeninge van die hoogs subjektiewe (en daarom "outobiografiese") ervarings waarin 'n verlore tydvak, 'n verbygaande wêreld, vasgelê word. Die outobiografiese, baie subjektiewe aantekeninge van sy eietydse geskiedenis word 'n bolwerk teen die vergetelheid van dit wat besig is om rondom hom te verdwyn en te verkrummel. Daarom noem Schoeman die boek uitdruklik nie 'n outobiografie nie. (3) Maar "outobiografiese aantekeninge" is óók outobiografie. En as sodanig is dit óók 'n bolwerk teen Schoeman se eie verdwyning in vergetelheid, en uiteindelik ook die vind van 'n eie tuiste en individuele identiteit. (4)

3. Bolwerk van stemme

Die opteken van stemme uit die verlede staan sentraal in Schoeman se stemmedriël. (5) Telkens word deur hierdie "stemme" wat aan die woord kom, iets weergegee van 'n wêreld wat in vergetelheid verdwyn het. Die stem

van die ou vrou in Hierdie lewe (1993) word "'n herinnering aan die leefwyse en "die hele plattelandse kultuur wat deur die Afrikaanssprekende tot stand gebring en vir meer as twee honderd jaar hier gehandhaaf is, maar wat intussen ... onherroeplik ten onder gegaan het"" (Kannemeyer, 1998: 247). In Die uur van die engel (1995) word op verskeie maniere, deur verskillende "stemme" gepoog om Daniël Steenkamp se visioen van die engel in herinnering te roep, maar slegs die "getuienis" het bewaar gebly, "die belewenis waarna dit verwys, het onredbaar verlore gegaan en kan nie meer op oortuigende wyse herwin word nie" (Schoeman, 1995: 46).

Die getuienis van die stemme uit die verlede is dus ook hier die enigste bolwerk teen vergetelheid. In Verliesfontein (1998) dring die stem van Kallie Magistraat daarop aan om vertel te word, dat sý lewe nie in vergetelheid moet verdwyn nie: "Kyk na my; luister na my. Ek het ook eens gelewe." (Schoeman, 1998: 148). Soos Kallie verlang dat oor sý bestaan getuig moet word, is dit in Die laaste Afrikaanse boek Schoeman se eie stem wat opgeteken word, wat daarop aandring om gehoor te word, wat eis: "Kyk na my; luister na my. Ek het ook eens gelewe." Schoeman se eie stem word 'n getuie van die belewenis wat "onredbaar verlore gegaan het" en word gekenmerk deur dieselfde dringendheid van Kallie Magistraat se stem.

Oor die opteken van die "stemme" skryf Schoeman baie in sy outobiografiese aantekeninge. Hy vergelyk die gevoel wat hy soms kry wanneer hy artefakte en dokumente uit die verlede hanteer, met 'n aandrang van stemme uit die verlede om gehoor te word. Schoeman verwys herhaaldelik na die drama Will Shakespeare, deur Clemence Dane, wat hy as kind gelees het. In een toneel uit die drama wat Schoeman diep beïndruk het, sien Anne Hatheway hoedat 'n jong Shakespeare omring word deur die skimme van die karakters wat hy eendag sal skep (207). Wanneer hy probeer wegloop, dring die stemme daarop aan dat hy hulle onderskeie stories moet vertel: "Tell my story! And mine! And mine! And mine!" (547). Die byna waansinnige aandrang van al die karakters dat hulle stories nie vergeet moet word nie, dat dit opgeteken moet word, dien vir Schoeman om sy eie ervaring met die opteken van "al die stemme" (uit die verlede) te verduidelik. Dit geld sy fiksiekarakters eweseer as byvoorbeeld die "stem" van die slavin Armosyn (in Armosyn van die Kaap [2001]) of die ander biografieë. (6) Hierdie onvermydelike dwang om die stemme uit die verlede op te teken, brei uiteindelik uit om ook sy eie stem in te sluit. Ook Schoeman se eie storie dring daarop aan om vertel te word.

Schoeman se eie stem, sy eie lewensverhaal, word soos die ander stemme wat hy, volgens eie beskrywing, byna koersagtig opteken. Hy kan byna outomaties te werk gaan. Hy verduidelik selfs op 'n stadium hoeveel bladsye hy per aand skryf. Sy eie bestaan word deur hierdie getuienis uit die vergetelheid ontruk, net soos die bejaarde vrou van Hierdie lewe, net soos die siener-digter in Uur van die Engel, net soos Kallie Magistraat in Verliesfontein, net soos die slavin in Armosyn van die Kaap. Selfs in Afskeid en vertrek (1990), wat nie in die eerste plek gemoeid is met die verlede nie, is die besef van die hoofkarakter dat hy "getuie" is, dat hy as kunstenaar, as digter, maar net kan waarneem en opteken in 'n land waarin so baie deur geweld vernietig word. In

Verliesfontein wat as "Stemme 1" ook 'n oorsig oor die stemmedrieluik bied, sê die verteller:

Die verlede glip weg en raak verlore, vloei weg soos water, stroom weg soos sand, en ons hoor die lae geruis en merk hoe dit verlore gaan. Ek is al wat dit sien, die enigste waarnemer, die enigste getuie: die stof op die blink swart stewels, die spore van die perde in die pad, die wiegende gordyn voor die venster of die lintjie op die drumpel; ek is al wat daarvan weet, en as ek dit nie opteken nie, sal dit verlore gaan asof dit nooit bestaan het nie. Ek is al wat hoor, en as daar stemme uit hierdie duister sou opklink, sal die woorde verlore gaan as ek nie luister en dit opteken nie.

(Schoeman, 1998: 89)

In Die laaste Afrikaanse boek stel Schoeman dieselfde gedagte so:

As ek dit nie opteken nie, voel ek toenemend namate ek ouer word en Suid- Afrika al hoe vinniger rondom my verander, as ek dit nie opteken nie, sal niemand anders dit doen nie; as ek hul stemme nie vaslê nie, sal dit vir goed verwaai en wegsterf in die stilte. Tell my story! And mine! And mine! And mine! (674).

Deur die onderskeie stemme op te teken, het Schoeman aan sy fiktiewe karakters, aan die historiese figure, en uiteindelik in Die laaste Afrikaanse boek ook aan homself, 'n geskiedenis en 'n plek gegee. En deur 'n geskiedenis en 'n plek, verkry hulle ook 'n identiteit.

Identiteit ontstaan, soos reeds hierbo aangetoon, vir Paul Ricoeur in vertelling. Die skep van plots, of handelingskomposisie, staan sentraal in die werk van Paul Ricoeur oor identiteit. Reeds in *Time and Narrative* roer Ricoeur die saak van "narratiewe identiteit" aan maar wat hy in *Oneself as Another* (1992) probeer doen, is om 'n teorie van narratief te rekonstrueer vanuit die perspektief van die bydrae wat dit lewer tot die konstituering van die self (1992: 114). In *Time and Narrative* was die begrip "narratiewe identiteit" vir Ricoeur die manier om die narratiewe van geskiedenis en die narratiewe van fiksie te versoen. Hy som dié poging soos volg op in *Oneself as Another*:

Following the intuitive preunderstanding we have of these things, do we not consider human lives to be more readable when they have been interpreted in terms of the stories that people tell about them? And are not these life stories in turn made more intelligible when the narrative models of plots – borrowed from history or from fiction (drama or novel) are applied to them? It therefore seems possible to take the following chain of assertions as valid: self-understanding is an interpretation; interpretation of the self, in turn, finds in the narrative, among other signs and symbols, a privileged form of

mediation; the latter borrows from history as well as from fiction, making a life story a fictional history or, if one prefers, a historical fiction, interweaving the historiographic style of biographies with the novelistic style of autobiographies.

(Ricoeur, 1992: 114)

Na aanleiding van hierdie redenasie van Ricoeur, word Schoeman se "bolwerk teen tyd en vergetelheid", ondersoek ten einde te kyk hoedat 'n eie identiteit tot stand kom in die vertelproses.

Die bolwerk teen tyd en vergetelheid, die storie wat gemaak word oor die verlede, bied uiteindelik 'n historiese bewussyn. Ricoeur onderskei tussen "insidente" en "gebeurtenisse". Dit is juis deur vertelling, deur die individuele insidente wat plaasvind op te neem in 'n plot, dat van individuele insidente, gebeurtenisse met kousale verbande gemaak word. Deur die insidente in 'n plot op te neem word betekenis daaraan gegee. Die narratief oor die verlede bied uiteindelik aan die leser 'n historiese bewussyn omdat dit losstaande insidente in tyd orden. Dit is hierdie historiese bewussyn wat ook vir Schoeman so belangrik is – in sy outobiografie, maar eweneens in sy fiksie. (Dink byvoorbeeld aan die kommer wat by die verteller ontstaan in Verliesfontein oor die motorbestuurder se totale gebrek aan 'n historiese bewussyn – volledig bespreek in Burger, 2002.) Deur 'n historiese bewussyn aan ons te skenk, verskaf narratiewe ook 'n identiteit.

4. Neerslag van stemme in 'n verhaal

Uiteindelik vind die stemme neerslag in 'n narratief. Die laaste Afrikaanse boek is immers ook 'n lewensverhaal. Die verlede word weergegee as 'n narratief. 'n Plot word geskep om die flitse, skerwe, splinters van herinneringe, te orden en te integreer. Schoeman skryf oor die manier waarop hy sy eie ervarings opteken:

Flitse, fragmente, splinters, skerwe: dit is my eie ervarings en herinnerings, my eie getuienis; dit is my eie lewe waarvan ek hier verslag lewer, met al sy beperkings, en op hulle manier is selfs die beperkings seker veelseggend genoeg (271).

Die persoonlike herinnerings word veral aangevul deur aanhalings uit 'n leeftyd se leeswerk en deur doelbewuste navorsing oor die verlede. Wanneer Schoeman skryf oor die invloede van boeke wat hy gelees het, lê hy klem op die ingewikkelde aard van die geheue:

Deur my verbeelding omgesit, skryf ek asof dit [die invloede van boeke op sy verbeelding – WDB] so 'n regstreekse en eenvoudige proses was; dog niks wat met die geheue of

verbeelding te make het, is eenvoudig of regstreeks nie (242).

Boonop is die geheue nie net ingewikkeld nie maar dikwels gewoon onbetroubaar. Een voorbeeld van die onbetroubaarheid van selfs sy eie fenomenale geheue lê Schoeman eksplisiet bloot wanneer hy eers beweer die foto's van Lomax het die impuls gegee vir die skryf van "Veldslag" maar dan dui hy in die volgende paragraaf aan dat dit tog nie moontlik kon wees nie aangesien die boek van Lomax met 'n versameling van foto's wat tydens die oorlog geneem is, eers in 1964 uitgegee is – vier jaar ná die skryf van "Veldslag". Hy merk dan op:

Mens skryf wat mens onthou, sóos mens dit onthou, te goeder trou; en wat ek hierbo geskryf het, laat ek staan as illustrasie van die bedrieglikheid van die geheue. Wat mens onthou, is ten slotte nie noodwendig wat in feite gebeur het nie, maar dit wat vir jou belangrik is of was, dit wat vir jou belangrik lyk, en ook jou vertolking van die gewens is subjektief (300).

Soos Schoeman dus oor die verlede skryf in die openingsin van Verliesfontein, is die verlede 'n ander land. Daar is geen maklike manier om daardie ander land te bereik nie omdat die geheue nie altyd betroubaar is nie, die artefakte en argiewe, die "spore van die verlede" wat in die hede bewaar gebly het, is eweneens onbetroubaar. En boonop word al hierdie spore, die navorsing, uiteindelik deur die verbeelding georden in 'n plot.

4.1 Plot, karakter, identiteit

Die vertellende subjek, Schoeman, skep 'n plot, waarin hyself 'n karakter is wat aangedui word deur die persoonlike voornaamwoord "ek". Deur die handelingskomposisie (emplotment) kom die storie van die self tot stand. Ricoeur gebruik Aristoteles se idee van handelingkomposisie, die maak van 'n plot, as 'n proses waardeur die sintese van uiteenlopende elemente plaasvind ("a synthesis of heterogeneous elements" [Ricoeur, 1991: 21]). Uiteenlopende gebeurtenisse word van betekenis voorsien wanneer hulle in die plot van 'n betekenisvolle storie opgeneem word. Die losstaande gebeurtenis kry slegs betekenis in die plot (7) omdat 'n plot meer is as die opeenvolging van gebeurtenisse, 'n plot skep betekenis uit die eenvoudige opeenvolging: "In short, emplotment is the operation that draws a configuration out of a simple succession" (Ricoeur, 1984: 65).

Hierdie "konfigurasië" word deur Ricoeur beskryf as 'n "saambegryp" ("grasping together"). In hierdie verband is die stam van die woord "begryp" beduidend. Dit impliseer dat die konfigurasië, deur die plot, 'n "saam-gryp" is, die kry van 'n greep op 'n reeks uiteenlopende gebeurtenisse. Hierdie "saamgryp" van uiteenlopende gebeurtenisse word moontlik gemaak deur die leser se vermoë om 'n storie te volg. Om 'n storie te kan volg, is om te verstaan hoedat al die gebeurtenisse kan lei tot 'n slot wat nie voorsien kon word nie, maar wat geloofwaardig is in die lig van al die voorafgaande gebeurtenisse. Schoeman maak dus 'n plot van sy lewe deur sekere momente te selekteer,

sekere herinneringe neer te skryf en om hierdie herinneringe, aanhalings en sy besinning daaroor, te organiseer in 'n begin, middel en betekenisvolle einde.

Maar Schoeman dink juis na oor die vertelling. Hy is dus nie alleen die vertellende subjek en die vertelde subjek nie, hy reflekteer ook oor die handeling en gevoelens van die vertelde subjek. Die vertellende subjek is dus terselfdertyd ook die interpreteerder van sy eie narratief. Maar, soos Paul Ricoeur verduidelik, wanneer 'n mens 'n verhaal lees, is die leser nooit onaangeraak deur die leesproses nie.

Die wêreld wat gekonfigureer is deur die plot, word gerefigureer deur die leser. Dit beteken nie dat die betekenis van die plot ontrafel word deur die leser nie, dat betekenis in of agter die vertelling "ontdek" word nie. Deur die leesproses ontstaan 'n moontlike wêreld "voor" die teks en die leser betree hierdie moontlike wêreld deur middel van die verbeelding. Sodoende ervaar die leser gelyktydig die wêreld van ervaring en lyding (die wêreld van die leser) en die wêreld van die teks. Hierdie proses laat die leser nie onaangeraak nie. As ons sê dat ons "ontroer" is deur 'n kunswerk, is dit in die sin van die stam van die woord – dat ek geroer het, beweeg het uit my wêreld in 'n ander wêreld in, en dat hierdie beweging my ervarings verander en my visie op my eie wêreld verander het.

As 'n nuwe "ek" nou uit die outobiografiese proses ontstaan, is dit 'n "ek" wat die produk is van vertelling én van interpretasie. Die interpreterende ek is egter nie 'n vaste, voorafbestaande subjek in 'n metafisiese sin nie. Die interpreterende ek word gekonstitueer deur die proses van vertelling en interpretasie en is daarom voortdurend aan die verander. Ten einde die wêreld van die teks toe te eien, moet die leser immers voortdurend sy/haar eie wêreld verlaat, al sy dit tydelik. "If fiction is a fundamental dimension of the reference of the text, it is no less a fundamental dimension of the subjectivity of the reader. As a reader I find myself only by losing myself" (Ricoeur, 1981: 144).
(8)

In Die laaste Afrikaanse boek is hierdie proses, waarvolgens 'n identiteit deur vertelling tot stand kom, opvallend. Die vertellende Schoeman versmelt herinneringe, aanhalings, en navorsing in 'n enkele plot. Die plot is grootliks die oeroue plot vir outobiografieë, naamlik die lewe as 'n reis. Conway (1998) wys daarop dat die "manlike" outobiografie (van Augustinus via Rousseau tot die hede) geskoei is op die lees van Homerus se Odysseus. Die lewe is 'n lang reis, vol moeilike probleme wat telkens oorkom moet word deur die harde werk, intelligensie, krag en geluk van die hoofkarakter. In Die laaste Afrikaanse boek wys Schoeman telkens doelbewus in Jungiaanse terme na die lewe as 'n reis, 'n lang en moeisame tog, as 'n individuasieproses – "'n lang labirintiese weg van selfverwesenliking" (405). Die vertelling self, hierdie "outobiografiese aantekeninge", is soos 'n mosaïek opgebou uit herinneringe en aanhalings uit ander tekste en word (om by die Jungiaanse terme te hou) sy mandala, 'n simboliese voorstelling van die heel / totale Self. Sy sorgvuldige aantekeninge van wat dikwels as onbenullige besonderhede voorkom, word aangebied in 'n proses wat aan vrye assosiasie herinner en dit lyk soms asof hy

soveel afdwaal dat sprake van 'n sentrale verhaallyn ondermyn word. Schoeman verduidelik egter dikwels dat hy gedrewe is om hierdie (oënskyklik onbelangrike) dinge op te teken en hy herhaal telkens dat niks toevallig is nie, dat daar redes moet wees waarom hy sekere indrukke onthou. Hierdie herinnerings word toegelig deur verwysings na ander tekste. Saam vorm hierdie herinnerings en die verwysings uiteindelik 'n patroon – 'n samehangende voorstelling van 'n heel self: "Werklikheid, fiksie en verbeelding het mekaar ingehaal en oorvleuel, en die onderskeie fasette van my lewe het saamgesmelt tot 'n enkele geheel" skryf hy vier bladsye van die einde af.

Hierdie "geheel" wat geïnterpreteer word is dus die gevolg van die subjek wat terselfdertyd verteller en interpreteerder van sy eie lewe is. Die self is dus 'n "ondersoekte" lewe, soos Ricoeur dit stel: "a life purified and clarified by the cathartic effects of historical as well as fictional narratives carried by our culture" (Ricoeur, 1988: 246).

Dit is egter voorts interessant om daarop te let dat Ricoeur, binne die hermeneutiese tradisie, ook bewus is van die voorkennis (horison) van die individu, selfs voordat daar nog 'n eie poging is om te vertel. Die individu is altyd reeds gebed in 'n kultuur, in 'n taal, in 'n manier van verstaan (wat Ricoeur mimesis1 noem). Daar is 'n soort "voorverstaan" van tyd en van plot wat die verteller reeds het, selfs voordat hy begin vertel. Hierdie "plots" word deur ons kultuur aan ons gebied, redeneer Jill Ker Conway (1998). Conway onderskei veral twee basiese plots wat in die Westerse wêreld die struktuur verskaf vir byna alle outobiografiese vertellings. Aan die een kant is daar die "manlike" outobiografieë (na aanleiding van Homerus se Odysseus). Hierin is die hoofkarakter 'n heldefiguur wat deur sy eie deursettingsvermoë en harde werk uiteindelik talle probleme en lyding te bowe kom en sukses behaal. Hierdie struktuur is bv. volgens haar aangepas deur Augustinus vir die meer godsdienstige weergawe (die "held" wat allerlei versoekings van sonde moet teëstaan) en uiteindelik op bevrydende wyse benut deur Rousseau.

Hierteenoor stel Conway die ontwikkeling van die vroulike outobiografie wat volgens haar gewortel is in religieuse geskifte deur vroue waarin die klem val op 'n intense nie-verbale kontak met God. Vroue skryf slegs oor hulle eie emosionele ervarings van God, in openbarings wat hulle ervaar (passief ondergaan). Een van eerste voorbeelde is die Heilige Theresa van Avila (Conway, 1998: 12) wat 'n mistiese ervaring van God in haar outobiografie uitdruk. In hierdie soort geskifte staan die emosionele, mistieke ervaring van 'n verhouding met God sentraal, eerder as die reis, die soektog, wat sentraal staan in die manlike outobiografieë.

Die sekulêre vorm van die vrouevertellings spruit uit die kleinburgerlike bemoeienis met romantiese liefde, die huwelik en gesinslewe. Selfs wanneer vroue hoogs individualistiese outobiografieë skryf, met politieke en intellektuele doelwitte, word dit meestal geplaas in die gesinslewe of in die huwelik.

Die argetipiese vroulike geskiedenis verskyn in die vroeë 19de eeu in die vorm van die gesekulariseerde romanse – die lewensplot is die erotiese soektog na die ideale man (met eiendom en sosiale mobiliteit). Die vrou is net emosies en weinig intellek en moet net haar rol vervul as die ideale maat vir die selfskeppende held. Haar lewensverhaal eindig wanneer sy hierdie man kry, want daarna word haar bestaan voortgesit in hom.

The consuming bourgeois preoccupation with erotic adventure, family, property and the primacy of the emotional fulfillment of private life led to the transformation of the female life plot from the visionary encounter with God, a God often viewed in extremely abstract terms, to the quest of the ideal hero, a quest which gave shape to the fiction, theater, opera and ballet of nineteenth-century Europe.

(Conway, 1998: 14)

Die belangrikste eienskap van die Westerse romantiese heldin, is dat sy weinig beheer oor haar lot het. Sy moet wag dat sekere gesinsituasies of klasverskille of ander sosiale beperkings opgehef word, of deur ander vir haar uit die weg geruim word, sodat sy uiteindelik by die held kan uitkom. Sy het weinig mag om in eie belang op te tree.

Hierdie soort "vroulike" plot maak beslis een deel van die Schoeman-lewensplot uit. In sy keuse van leesstof maak Schoeman vroeg reeds die keuse vir meisiesboeke bo seunsboeke:

"Régte" seunsboeke soos die gewilde reekse oor die Hardy Boys of Biggles met hulle spanning, avontuur en lewensgevaar het my ewe koud gelaat as jag- of dierverhale, en wat ek in die jeugafdeling gelees het, was klassieke Engelstalige "meisiesboeke"... (197).

En verder:

Hierdie "meisiesboeke" het my iets gebied wat my bevrediging gegee het: nie aksie, dadigheid of fisieke avontuur nie, maar die subtiele innerlike spanning van onderlinge verhoudings tussen mense, dikwels in die klein, beskutte kring van die familie, die "stil avontuur" waaroor Elisabeth Eybers geskryf het... (197).

Dit is duidelik dat Schoeman in sy romans ook aansluiting gevind het by hierdie "'meisiesboeke" as model, maar ook in sy outobiografie is daar tot 'n groot mate sprake van die "passiewe ervaring van die lewe" soos wat Conway dit in vroulike outobiografieë aantoon. Schoeman beskryf dikwels gebeurtenisse asof dit vanself met hom gebeur, eerder as wat daar "inspanning van sy kant" is:

Na afloop van die Uniefees het ek my taamlik abrupt, soos genoem, sonder werk gevind, met die noodsaak om so gou doenlik iets anders te kry, 'n proses waarmee ek nie veel raad geweet het nie. Hier, soos so dikwels in my lewe, het dinge egter vanself gebeur sonder inspanning aan my kant, met 'n advertensie in die koerant vir 'n assistent by die openbare biblioteek (...) Ek is sonder moeite aangestel, en na 'n kort tydjie in die uitleenafdeling na die katalogiseerafdeling oorgeplaas; ek meen amper dat ek ook in die naslaanbiblioteek afgelos het (306).

Opvallend in hierdie aanhaling is die eksplisiete opmerking dat dinge in sy lewe gebeur "sonder inspanning van my kant". Hierdie indruk word versterk deur die gebruik van passiewe sinskonstruksies: "Ek is sonder moeite aangestel, (...) is (...) oorgeplaas".

Dit is egter nie moontlik om Schoeman se vertelling te beperk tot hierdie "passiewe" plot nie. Daar is dikwels ook sprake van "beslissende besluite" en optrede van sy kant. Hy skryf byvoorbeeld oor sy besluit om in 1976 na Suid-Afrika terug te keer, die volgende:

This article interrogates the representation of masculine subjectivity in autobiographical writing. In her book *Autobiography* Linda Anderson (2001) argues that insofar as autobiography has been seen as presenting a view of the subject as universal, it has also underpinned the centrality of masculine modes of subjectivity. A critical reading of Joseph Marble's autobiography, Ek, Joseph Daniel Marble (1999), presents a more complex situation. Looking back at his youth as a gangster in a Johannesburg township in the 1970s, Marble is faced inevitably with the discontinuity that exists between his position as a (reformed) adult narrator who recounts the story of his life as a violent teenager. This discontinuity in the subjectivity of the autobiographer is not surprising in the light of the dissemination of the masculine subject across a wide range of intertextual discourses. Marble's macho-masculinity as a young gangster appears to have been constructed as a defence mechanism against the violence which threatened to destroy the integrity of his masculine subjectivity. The young Joseph Marble harnessed violent behaviour and sexual prowess in his attempts to present himself as a unified masculine subject. However, it becomes clear that, as an abused foster child, he resorted to overcompensatory male behaviour in an attempt to veil the insecurities that compromised his sense of self in a hostile environment.

In die eietydse Afrikaanse prosa is dit opvallend dat manlike skrywers vir wie manlikheid en identiteit 'n noemenswaardige skryfbelangstelling is, dikwels uiting gee aan 'n begrip van identiteit wat veelvoudigheid en versplintering vooropstel. Vir literêre skrywers soos Alexander Strachan, Koos Prinsloo, Breyten Breytenbach en Johann de Lange is die historiese gegewe van 'n soliede, outonome en enkelvoudige manlike subjektiwiteit nie meer 'n vanselfsprekendheid nie. Net soos so baie ander postmodernistiese skrywers het ook hulle die subjek as 'n problematiese konstruksie begin bejeën en hulle skeptisisme uitgebrei na die geslagtelike subjek en spesifiek die manlike subjek.

Feministiese teoretici soos Luce Irigaray (1985) en Hélène Cixous (1981) het in die jare sewentig en tagtig 'n liggaamlike beleving van vroulikheid as meervoudig en nietotaliserend voorgestaan. Die *écriture féminine* het egter

redelik gou begin weerklank vind in die postmodernistiese literatuur van vroue én mans. As Hélène Cixous in 2002 oor die outobiografie opmerk dat sy verkies om te verwys na 'n "autre-biografie" aangesien die "ek" volgens haar bestaan uit 'n veelvoud van stemme – "le moi est un peuple" (26) – profileer sy haarself nie soseer as 'n voorstander van 'n spesifiek vroulike skryfpraktyk nie, maar eerder as 'n geesgenoot van Montaigne. In sy essays uit die sestiende eeu het Michel de Montaigne naamlik reeds erkenning gegee aan die diverse aard van die self wat nouliks op enige stabiliteit kan aanspraak maak aangesien dit veranderlik en gefragmenteer is.

In sy boek *Doubling the Point* gebruik J.M. Coetzee (1992: 394) in die verbygaan die begrip "autre-biografie" om te wys op die diskontinuiteit wat hy ervaar tussen sy identiteit as volwasse skrywer en sy vroeëre identiteit as kind en student. Die jonger self word nie as die "ek" beskou nie, maar wel as 'n "hy", dit wil sê as 'n ander. Die manlike outobiografiese self is dus nie 'n enkelvoudige geheel nie en net soos die bogenoemde Afrikaanse skrywers onderwerp Coetzee die manlike subjek gereeld aan 'n grondige en soms meedoënlose ondersoek. Die twee parallelle krisisoomblikke in *Disgrace* (1999), die seksuele molesteringsaak met David Lurie in die beskuldigdebank en die latere verkragting van sy dogter deur swart jeugdige, vestig die aandag op 'n grimmige verskyningsvorm van manlike seksualiteit wat onverpoosd voortgaan om in Suid-Afrika die lewens van duisende vroue te verwoes. In sy outobiografiese teks *Dog Heart* toon Breyten Breytenbach (1998: 158) aan hoe die gefragmenteerde manlike subjek steeds betrokke kan wees by die verkragting en onderdrukking van vroue. Die gevaar bestaan dat die gefragmenteerde postmodernistiese manlike subjek gevaar kan word om op te tree in die belang van die sterk en hardnekkige diskoers van die gewelddadige manlike subjek in sy historiese betrokkenheid by die onderdrukking van die ander.

Literêre skrywers is dus sedert die jare tagtig en negentig betrokke by 'n soms intense vraagstelling oor manlike subjektiwiteit binne die denkraamwerk van die postmodernisme en die postkolonialisme. Manlike skrywers wie se literêre werk aansluiting vind by die populêre fiksie (byvoorbeeld Piet van Rooyen, Christiaan Bakkes en Dolf van Coller) toon ook dikwels 'n bewussyn van die uitdaging wat die postmodernisme en die feminisme stel aan manlike subjektiwiteit. Hierdie skrywers bemoei hulle selde met die fragmentasie van die subjek; dit is eerder geweld en die dood wat uitdrukking gee aan die ongemak met die identiteit van die manlike karakters. Skrywers van populêre sportverhale, avontuurverhale en speurverhale wend hulle steeds tot stereotipiese voorstellings van manlike identiteit en daar is feitlik nooit blyke van 'n kritiese verkenning van geslagtelike identiteit nie.

1. Seksualiteit en geweldpleging in die

konstruksie van 'n macho-manlike identiteit

In die lig van die vasstelling dat manlike skrywers wie se werk buite die literêre kanon staan selde krities omgaan met manlike subjektiwiteit, is die outobiografie van 'n manlike skrywer soos die voormalige bendelid Joseph Marble (1999) wat nouliks enige literêre opleiding geniet het, myns insiens 'n belangrike toetssteen en 'n moontlike korrektief op 'n ondersoek na manlikheid in die literêre prosa.

Die vraag is hoe Marble hom posisioneer in die outobiografie as 'n genre wat onderworpe is aan twee teenstellende kragte. Volgens Philippe Lejeune (1998: 54) het die outobiografie per definisie die funksie om die koherensie van die self te verseker. Hierdie konvensie in die outobiografie is gebaseer op die essensialistiese begrip van die self wat tydens die Romantiek ontstaan het: teen die einde van die agtiende eeu het die Romantici 'n begrip van die self begin aanhang waarvolgens elke individu sou beskik oor 'n verenigde, unieke self wat die uitdrukking is van 'n universele menslikheid. Vir outobiograwe is hierdie transendentale konsepsie van die self steeds baie aantreklik aangesien dit die belofte inhou van 'n onbemiddelde toegang tot die self en erkenning gee aan die stabiliserende heelheid van die self; die gevare en belemmerings van fragmentasie word sodoende afgeweer (Anderson, 2001: 5).

Lejeune (1989: 131) erken dat ook hy soos baie outobiograwe hardnekkig glo aan die deursigtigheid van taal en aan die bestaan van 'n afgeronde subjek, maar in dieselfde asem gee hy toe dat enige poging om die waarheid oor die self te vertel om sodoende gestalte te gee aan die self as 'n samehangende subjek, 'n hersenskim is. Eakin (1989: xxi) beklemtoon dat Lejeune wel deeglik daarvan bewus is dat die tradisionele outobiografie berus op 'n geloof in die outonome self wat taal voorafgaan. Hierdie individualistiese ideologie verdoesel egter die feit dat sowel die self as die lewensverhaal van die self konstruksies is wat kultureel bepaal word.

Die aanneemlike verwagting oor Ek, Joseph Daniel Marble is dat hierdie outobiografie van 'n man uit die werkersklas wat nie die voorreg gegun is om langer as nege jaar op die skoolbanke deur te bring nie, waarskynlik nie oor die literêre sofistikasie sal beskik om die self as 'n gedentraliseerde veelheid van stemme of 'n kulturele konstruksie voor te stel nie. Na verwagting sal Marble se outobiografie uitdrukking gee aan die tradisionele Romantiese beskouing van die self (wat immers steeds aanwesig is in die werk van menige outobiograaf) in die konstruksie van 'n soliede manlike identiteit sonder die kompliserende insigte van onder meer Cixous (2002), Coetzee (1992) en Lejeune (1989) oor die onsekere status van die vertellende subjek in die outobiografiese teks.

In hierdie ondersoek na Marble se representasie van sy manlike self word die genderbenadering wat gevolg word, verryk met insigte uit die literatuursosiologie en die genreteorie oor die outobiografie. Aangesien Marble sy outobiografie inkleef as 'n pleidooi vir die verbetering van die sosiale omstandighede van pleegkinders, spesifiek binne die konteks van die jare

sestig en sewentig, is dit nodig om ook sosiologiese en psigologiese bronne te raadpleeg oor die omstandighede wat die swart en gekleurde familiestrukture beïnvloed. Kennis van die sosiale konteks kan hier dien as 'n hulpmiddel om betekenis in die teks te ontsluit (Hall, 1979: 25). Uiteindelik is die vraagstelling in hierdie artikel egter gerig op die implikasies wat manlike subjektiwiteit en die genre van die outobiografie vir mekaar wedersyds inhou.

Marble is in 1964 in die Western Kleurlinggebied (tans Westbury) in Johannesburg gebore in 'n tyd toe hierdie woongebied geteister is deur die gewelddadige optrede van 'n aantal bendes. Joseph Marble se ongetroude ma, Gertrude, het haar kinders versorg met die verdienste wat sy uit drank- en daggahandel verkry het. Op sesjarige ouderdom word Joseph lid van die Young Fighters, die jeugvleuel van die berugte Spalding-bende. Hy word 'n wapendraer vir die volwasse bendelede aangesien die polisie nooit kinders van onwettige wapenbesit verdink het nie (Marble, 1999: 16; sien ook Cruywagen, 2003: 15).

Joseph word as sesjarige deur 'n twintigjarige vrou verlei en hy knoop kort hierna 'n seksuele verhouding met 'n volwasse swart vrou, Mapoelle, aan. Na sy ma se vonnis tot tronkstraf plaas die welsyn vir Joseph en sy susters onder pleegsorg in Noordgesig, 'n kleurlingbuurt digby Soweto. Hoewel die nuwe omgewing hom aanvanklik verwyder van die bendekultuur word hy gereeld geslaan en verneder deur sy pleegouers. Op skool word hy ook gedurig beseer in gevegte met ander skoliere. Hy sluit aan by die Seunsbrigade, 'n Christelike organisasie wat volgens paramilitêre beginsels georganiseer is. Sy lidmaatskap van die Seunsbrigade lei opnuut tot sy betrokkenheid by bendegeweld. Op sestienjarige ouderdom mag hy terugkeer na sy ma se huis in Western. Hy slaag slegs standaard sewe en tree later in diens van Telkom. Ek, Joseph Daniel Marble word gewy aan die skrywer se kinder- en jeugjare en baie min word vermeld oor sy lewe na sy finale vervreemding van sy pleegouers, enkele jare na sy agtiende verjaardag. Teen 2000, na die publikasie van sy boek, maak Marble 'n bestaan deur motors by groot maatskappye te was (Marble & Nieuwoudt, 2000: 5).

In sy boek stel Marble hom primêr aan die leser voor as 'n pleegkind wat groot ontberings beleef het nadat die welsyn hom uit die sorg van sy ma verwyder het. Die lewens van alle pleegkinderen wêreldwyd word geteleskopeer in Marble se lewe wanneer hy op 'n enigsins reduksionistiese wyse verklaar: "Dit is ook 'n storie oor al die kinders wat die hele wêreld oor onder pleegsorg is of was" (7). As subjek stel Marble hom dus voor as die woordvoerder van 'n menigte ander subjekte wat vermoedelik dieselfde ontbering as hy moes verduur. Die vraag ontstaan of die gemak waarmee Marble sy ervarings universaliseer, verband hou met sy situasie as 'n manlike subjek wat hom, ondanks sy onbevoorregte sosioekonomiese posisie, steeds kan beroep op die voorreg wat mans hulle oor die eeue heen toegeëien het om hulle ervaring van hulle subjektiwiteit voor te stel as algemeen geldend. Het vroulike outobiograwe dieselfde vrymoedigheid om namens soveel ander subjekte te praat? Wanneer Marble homself spesifiek as 'n seun karakteriseer, wend hy hom tot beskrywings van sy seksuele verowerings en die geweld van die

bendekultuur om gestalte te gee aan 'n macho-manlike identiteit.

Met verwysing na R. Brannon se navorsing identifiseer Edley en Wetherell (1996: 101) vier geïkoneerde kenmerke van manlikheid wat tans aan 'n intensiewe vraagstelling onderwerp word, maar nietemin steeds bepalend is in die skepping van manlike identiteit in die breë gemeenskap. Daar is eerstens "no sissy stuff" – dit wil sê die vermyding van alle vroulike en homoseksuele gedragspatrone; tweedens "the big wheel" – die verwerwing van sukses, status en die vermoë om as broodwinner op te tree; derdens "the sturdy oak" – innerlike krag, selfvertroue en onafhanklikheid; en vierdens "give 'em hell" – aggressie, geweld en waagmoed. As motivering vir sy stelling dat manlikheid tans in 'n krisis verkeer, merk Anthony Clare (2000: 68) op dat die kenmerke wat voorheen gegeld het as die grondslag vir 'n ideale vorm van manlikheid – dit wil sê om logies, gedissiplineerd, beheersd, rasioneel en aggressief te wees – in die hede gestigmatiseer word as afwykend of onwenslik. Die kenmerke wat in die verlede vroue uitgesonder het as swak en minderwaardig – dit wil sê om emosioneel, spontaan, intuïtief, ekspressief en empaties te wees – word egter toenemend beskou as tekenend van volwassenheid en heilsaamheid.

Weens hulle armoede en 'n gebrek aan geleenthede kan die mans in Joseph Marble se gemeenskap nie reken op finansiële stabiliteit, onafhanklikheid en 'n suksesvolle beroepslewe as steunpunte in die konstruksie van 'n manlike identiteit nie. Geweld en seksualiteit – "give 'em hell" en "no sissy stuff" – word aangegryp as die enigste beskikbare alternatiewe in die skepping van 'n (ongenaakbare) manlike identiteit. Die kommer by Westerse sosiale wetenskaplikes oor die superseksuele en super-macho identiteitskeuses onder onbevoorregte swart mans gaan dikwels gepaard met kommer oor die "ontmanliking" van swart mans weens rassisme en die gebrek aan geleenthede (Segal, 1997: 185). Die persepsie by sommige swart mans dat hulle magteloos is of "ontmanlik" word deur die maatskaplike bestel, lei tot oorkompensasie op byvoorbeeld seksuele gebied en deur aggressiewe, gewelddadige optrede.

1.1. Geweldpleging

Dit is moontlik om 'n verband te lê tussen die jeugdige kleurlingman, Joseph Marble, se neiging tot kriminele geweld en die matriargale familiesisteem wat dikwels voorkom in onbevoorregte swart en gekleurde gemeenskappe (Segal, 1997: 185). In die twintigste eeu het die rassiediskriminasie wat 'n integrale aspek was van die Suid-Afrikaanse regeringspolitiek daartoe bygedra dat die swart en gekleurde bevolkingsgroepe in armoede gedompel is. Dié armoede het die instandhouding van stabiele familiestrukture ernstig gekortwiek. Dit het toenemend die taak van vroue geword om alleen om te sien na hulle kinders. In haar gesprekke met swart Amerikaanse bendeledes het Susan Faludi (1999: 484) ook vasgestel dat die bendeledes by herhaling die afwesigheid van 'n vaderfiguur as 'n rede aangee vir hulle latere betrokkenheid by bendebedrywighede. Anthony Clare (2000: 174) toon verder aan dat die afwesigheid van 'n vaderfiguur ("paternal deprivation") by jong mans dikwels lei tot 'n vorm van manlikheid wat op protes berus: "protest masculinity, characterised by exaggerated attempts to prove manliness, is seen to arise from

a basic fear of being feminine that flourishes in the absence of male models".

Joseph se ma, Gertrude Marble, was die enigste familielid wat deurlopend by sy opvoeding betrokke was. Joseph se pa wou weliswaar met sy ma in die huwelik tree, maar is weens sy poliogebrek deur sy toekomstige skoonpa afgekeur as bruidegom vir sy dogter: "My oupa George wou weet wat kan sy met so 'n halfman doen wat nooit vir haar sal kan werk nie. Maar hy was verkeerd, want my vader was 'n gekwalifiseerde ketelmaker" (9). George Marble se opmerking dat Joseph se pa nie 'n volledige man is nie maar 'n "halfman" berus uiteraard op die konvensionele verwagting dat egte mans liggaamlik sterk moet wees en as broodwinner moet kan optree.

Die sewentien mense wat in die Marbles se drievreterhuisie gewoon het, was hoofsaaklik vroue. As kleuter het Joseph vir Patrick Adams, die man van sy tante, Gladys, as 'n vaderfiguur beskou (11). Patrick, 'n daggasmokkelaar, het egter sy vrou aangerand en hierdie onmin in die huishouding het volgens Joseph gelei tot bakleiery tussen Joseph en die ander kinders in die huis. Een van die mans wat uiteindelik vir Joseph 'n belangrike rolmodel geword het, is Desmond (Twakkie) Stuurman, leier van die Spalding-bende in Western. In die beskrywings van die veelvuldige bendegevegte in die outobiografie word Twakkie uitgesonder vir sy bewonderenswaardige kalmte: "'n Mens kon nie help om trots te voel as jy in sy teenwoordigheid was nie. Jy word dan net soos Twakkie, doodkalm. Vreesloos" (25). Volgens Joseph sou hy en sy maats Twakkie se teenstanders wreed vermoor het indien dit ooit van hulle verlang is.

Joseph het Twakkie se vreesloosheid nagevolg in sy latere bendegevegte. Hy druk dit soos volg uit: "Ek sê jou, ek het nie 'n bang haar op my kop gehad nie" (184). Naas hierdie onverskrokkenheid verkry sy ontluikende macho-manlike identiteit as bendelid ook gestalte deur die opsigtelike vertoon van trots en meerderwaardigheid. Die bors wat met trots uitgestoot word (32, 36 en 66) en die kop wat omhoog gehou word soos dié van 'n koning (94) gee uitdrukking aan die vertoon en gepronk wat dikwels op straathoeke binne die bendelede se afgebakende terrein plaasvind en sorg vir 'n gevoel van gemeenskaplikheid by die individuele bendelede. Hierdie openbare vertoon is veronderstel om vrees en respek by die gemeenskap in te boesem (Pinnock, 1997: 36). Marble gee egter toe dat hierdie bravade van die "breë bors" juis moes kompenseer vir 'n destabiliserende vrees – "die staalvingers van vrees" (36) – vir besering en vernedering deur ander seuns. Die tentoonstelling van manlikheid in die openbaar is ook vir Pierre Bourdieu (2001: 51-52) in sy boek *Masculine Domination* tipies van die voortdurende behoefte wat die "egte" man ervaar om die uitdagings aan te durf wat sy eerbaarheid en aansien sal verhoog in die openbare sfeer en ten aanskoue van ander mans wie se agting geld as bekragtiging van sy manlikheid.

Die ouderdom van die bendelede in Suid-Afrika wissel vandag van jonger as dertien tot in die vyftig, maar 'n aansienlike aantal bendelede sterf voor die ouderdom van dertig in geweldsvoorvalle (Brits, 2003: 42). Ook Twakkie Stuurman, Joseph se rolmodel, sterf op twintigjarige leeftyd in 1974 wanneer hy deur sy vyande, die Vultures- en Fast Guns-bendes, in die hospitaal

doodgekap word (16).

In Ek, Joseph Daniel Marble is die geweldpleging nie beperk tot die bendegevegte nie. Terwyl hy in pleegsorg is, is Joseph voortdurend betrokke by gevegte by die skool wat hy bywoon, maar hy word toenemend self die slagoffer van die huishoudelike geweld van sy pleegouers. Soms word hy deur individuele lede van sy pleegfamilie so wreed met 'n sambok geslaan dat hy beheer oor sy liggaamsfunksies verloor (165) en soms word hy tuis deur 'n hele groep mense aangerand.

Die kwesbaarheid van sy liggaam en sy stryd om die integriteit van sy liggaam te handhaaf, lei daartoe dat hy op tipies oorkompenserende manier gestalte gee aan sy liggaam as 'n bolwerk teen die vyandige gedrag van ander mense. Joseph gryp byvoorbeeld die geleentheid aan om bokslesse te neem sodat hy beter daartoe in staat sal wees om weerstand te bied teen die afknouery wat hy van Mark, sy pleegouers se seun, moet verduur (130). Boks word egter aan Joseph voorgestel as 'n sport vir egte mans wat hulle nie tot aggressiewe geweld hoef te wend nie. Die vaderlike Les Appolis vermaan Joseph nadat hy sy teenstanders herhaaldelik op 'n moedswillige manier beseer het: "Joseph, mens boks nie om ander persone seer te maak nie. Boks is 'n sport vir manne. Nie om geweld te gebruik nie" (156). Te midde van die voortdurende gewelddadige aanslae wat Joseph moet afweer, is dit vir hom baie moeilik om aansluiting te vind by die bokkers se geraffineerde siening van manlikheid en beheersde geweld. Nie al die moontlike alternatiewe in die vorming van 'n manlike identiteit staan tot Joseph se beskikking nie – as onbevoorregte pleegkind moet hy telkens terugval op genadelose geweldpleging om sy oorlewing in 'n ongenaakbare omgewing te verseker. Die luukse van die manlike gedragskode wat met die beheersde geweld van boks geassosieer word, is nie vir hom toeganklik nie. Dit is eers wanneer sy arbeidsvermoë as tiener vir werkgewers aantreklik word dat hy hom in 'n posisie bevind om 'n meer sosiaal aanvaarbare manlike identiteit op te bou.

Die grootste vernedering ervaar hy egter wanneer Ounooi, die suster van sy pleegmoeder, hom dwing om met vroueklere in die openbaar te verskyn (113, 157). Ounooi sou dan op straat haar vriende voorkeer met die volgende spottende woorde oor Joseph: "Hoe lyk die cherry? Wat dink julle van haar?" (113). Vir 'n seun wat gesteld is op die openbare beskerming en vertoon van sy manlike eer is hierdie straf 'n dramatisering van die ontmanliking waarteen hy hom voortdurend in sy vyandige omgewing verset met sy oorkompenserende macho-gedragskodes. Die funksie van die protes wat sy manlikheid bepaal (Clare, 2000: 174), is juis om hom te distansieer van die vroulike gedragspatrone wat die toon aangee in die matriargale gesinstruktuur waarin hy hom bevind.

Namate Joseph vervreemd raak van die bendelewe omdat hy besef het "dat dit nie reg was nie omdat so baie mense gesneuwel het" (173) en omdat sy arbeidsvermoë as tiener meer werd is as toe hy 'n jong kind was, bied werk en die vroulike ruimte van sy pleegmoeder se huis toenemend 'n ontsnaproete uit die destruktiewe rituele van die bendekultuur. Wanneer sy trawante van die

Hursthill Brothers-bende hom eendag versoek om deel te neem aan 'n weerwraakaanval op 'n ander bende is die sestienjarige Joseph se reaksie dat hy eers die sak met klere wat hy by hom gehad het by sy pleegouers se huis moes gaan besorg waarna hy by hulle sou aansluit. Hierna volg die volgende veelseggende woorde in die outobiografie: "Ongelukkig het my pleegmoeder my werk gegee toe ek by die huis kom, en ek kon toe nie saamgaan nie" (187). Indien Joseph hierdie rede aan sy bendemaats genoem het, sou hulle hom waarskynlik uitgejou het as lafhartig. Joseph heg egter steeds minder belang aan die manlike bravade en vertoon van die bendekultuur en spits hom steeds meer toe op die broodwinnersrol – vergelyk Brannon se "big wheel" wat verbind word met sukses en die vermoë om as broodwinner op te tree (Edley & Wetherell, 1996: 101) – as 'n alternatief vir die geweld waaromheen hy in die verlede sy manlike identiteit gekonstrueer het. Hy word die koster van 'n kerk en begin om tuinwerk te doen. Die geld wat hy met sy werk verdien, gee vir hom groter onafhanklikheid (196).

1.2. Seksualiteit

Naas geweldpleging is seksuele prestasie 'n kernelement van die jeugdige Joseph Marble se pogings om 'n soliede manlike identiteit te skep. As volwasse verteller handhaaf Marble 'n ambivalente perspektief op sy seksuele inisiasie en menige seksuele ervarings met volwasse vroue toe hy nouliks ses jaar oud was. Hy vertel meestal van sy seksuele ervarings met trots en selfvoldaanheid en stel homself voor as 'n jong Don Juan. Sy sogenaamde verowerings van vroue op 'n baie jong leeftyd word in diens gestel van sy konstruksie van 'n sterk macho-manlike self. Hy ondervang die leser se waarskynlike ongeloof met die volgende uitdagende woorde: "op sesjarige ouderdom het ek presies geweet wat om saam met 'n vrou te doen, en as jy iets te sê het, dan moet jy maar die welsyn bel" (19). Sy energieke soektog na seksmaats as kind word verwoord as 'n manlike strewe al kan hy as jong kind nouliks aanspraak maak op die status van 'n volwasse man. Hy sê: "Ja, 'n man weet nooit wat jy kan raakloop nie" (17; my kursivering).

By enkele geleenthede verwys hy na sy kontak met volwasse vroue as "[g]oed wat ek graag wil vergeet" (106) en hy ontwikkel 'n intense gevoel van haat teenoor die agtëntwintigjarige Ounooi wat hom seksueel misbruik en manipuleer om slegs haar eie behoeftes te bevredig (108). In Ek, Joseph Daniel Marble (71) en ook in 'n persoonderhoud (Marble & Nieuwoudt, 2000: 5) maak Marble die opmerking dat hy "vroeg ryp en vroeg vrot" was.

Marble beskou egter nooit openlik sy seksuele ervarings met volwasse vroue as voorvalle van seksuele molestering nie. Hoewel daar oënskynlik weinig tekens is van 'n psigologiese repressie van sy pynlike ervarings is dit moontlik dat Marble, soos elders in sy outobiografie, kompenseer vir hierdie aanslag op die integriteit van sy ontluikende subjektiwiteit met die konstruksie van 'n skynbaar volledig outonome, hipermanlike identiteit wat heel moontlik neerkom op 'n vorm van ontkenning. Sy verslag van sy seksuele aktiwiteite herinner in sommige opsigte aan Zackie Achmat se *mémorie* "My childhood as an adult molester" (Achmat, 1994) waarin die jeugdige verteller hom juis nie

as 'n slagoffer van seksuele molestering voorstel nie, maar as die inisieerder van seksuele kontak met volwassenes.

In Marble se teks word dit verder duidelik dat Marble sy verhouding met die volwasse vrou Mapoelle ten dele ervaar het as 'n manier om sy skeiding van sy ma tydens haar tronkstraf te verwerk. Kort na sy ma se gevangening koester Joseph nog die hoop dat sy sal terugkeer huis toe. Hy kom byvoorbeeld eendag huis toe met die verwagting om sy ma in haar kamer aan te tref. Hy kom egter af op Mapoelle, sy oom se vriendin wat pas haar intrek in sy ma se kamer geneem het. Marble beskryf dié toneel soos volg:

Sonder huiwering stoot ek die kamerdeur oop en skielik versteen ek. Hier voor my staan en speel 'n lieflike toneel hom af. Ek kon nie eers 'n woord uiter nie. My oom Boy se vriendin staan naak en was. Dit lyk nie of enigiets haar steur nie. Haar lieflike pruime staan penorent [...]. Ons kyk mekaar lank in die oë. Ons is bewus van mekaar" (54).

Kort na hierdie voorval slaap Joseph een nag saam met Mapoelle in sy ma se bed, 'n ervaring wat hy soos volg opsom: "Mapoelle het oornag 'n seun in 'n man verander" (57).

Marble beskryf sy "verowering" van Mapoelle deur gebruik te maak van geykte strategieë waardeur mans hulle seksuele begeerlikheid vir vroue formuleer. Hy wys byvoorbeeld daarop dat hy as jong kind reeds onder die vroulike geslag bekend was vir die aansienlike grootte van sy geslagsorgaan: "die meisiekinders in ons straat wou altyd saam met my pophuis speel en ek was altyd die pa – hulle het van die groot ding gehou" (57). Onder die volwasse vrou in sy woonbuurt het Joseph glo die reputasie opgebou dat hy tydens seksuele verkeer "lank vat en nie moeg word nie" (57). Volgens Marble is dit sy groot geslagsorgaan en seksuele stamina wat Mapoelle se begeerte vir hom aangewakker het. By Mapoelle wil die onvolwasse Joseph enersyds die troostende moederliefde vind wat hy pas verloor het met sy ma se gevangening; andersyds skeep sy vir hom die "geleentheid" om 'n vroegrype manlike seksuele identiteit aan te neem as 'n verdedigingsmeganisme teen die ontwinging wat sy ma se verwydering deur die polisie veroorsaak het.

Die verwantskap tussen moederliefde en seksuele liefde by die jong Joseph blyk ook uit sy liefde vir die welsynswerker, juffrou Piljani, wat uiteindelik besluit om die Marble-kindere onder pleegsorg te plaas. Die moederlike ontferming wat Joseph van die welsynswerker ontvang, wek liefde in hom op wat hy, na sy seksuele ervarings met Mapoelle en ander volwasse vroue, onmiddellik as 'n seksuele hunkering inkleef. Wanneer juffrou Piljani op Joseph se seksuele toenadering reageer deur hom daarop te wys dat sy net so oud soos sy ma is, aanvaar Joseph haar sonder huiwering soos sy "eie moeder" (76). In hierdie geval hoef hy hom nie tot die erotiese liefde te wend om sy behoefte aan moederliefde te bevredig nie. Hy kan juffrou Piljani se ontferming sonder meer as moederliefde aanvaar. As volwasse verteller is Joseph Marble dankbaar dat die welsynswerker hom tydelik kon stuit in sy

vroegrype seksuele gedrag: "Gelukkig het sy al klaar 'n verslag oor my opgetrek met behulp van ons bure en vriende, en ek kan sien sy weet wat in my gedagte omgaan wanneer sy oorkant my sit en haar bene oormekaar kruis" (76). Die ambivalensie van die volwasse verteller oor sy vroegrype seksualiteit kom hier na vore: hoewel die volwasse Marble sy seksuele verowerings as kind dikwels met manlike trots bejeën, vereenselwig hy hom hier met die welsynswerker se veroordeling van seks tussen kinders en volwassenes.

Dit is moontlik om te redeneer dat die tweedeling tussen die manlike subjek as jeugdige protagonis en die volwasse manlike subjek as verteller voltrek word wanneer die jong Joseph Marble sy identifikasie met sy moeder laat vaar. Na haar vrylating uit die tronk is dit voorlopig nog duidelik dat Joseph se voortgesette Oidipale liefde vir sy ma, Gertrude, steeds deur haar in stand gehou word. Sy belowe haar seun: "As ons ons eie plek kry, dan is jy my man. Jy is die baas van ons huis, ek sweer" (166; sien ook 206). Solank Gertrude die illusie by Joseph laat voortduur dat hy die funksie van 'n eggenoot in haar lewe vervul, is sy ma bepalend in die ontwikkeling van sy subjektiwiteit.

< selfstandigheid sy van begin die wat gebeurtenisse twee huwelik, daaropvolgende en arbeidsmark tot toetreding verslag 'n met Marble nie, het gehad kinders haar een as hom vir liefde genoeg nie ma dat vasstelling hierdie Na (211). nie" ons omgee geglo selfs Ek help. te haarself om lui Of trots. was Sy nie. hulp gegaan nooit "Sy sien: na behoorlik welsyn versuim se oor opmerkings enkele outobiografie, in hoofstuk voorlaaste lewe", nuwe jaar, Nuwe "'n getitel seun. tussen vervreemding gaandeweg lei "ontrou" teleurstelling Joseph lewe "man" enigste vrylating lank kennelik is – word swanger eens weer Gertrude wanneer verbreek egter band Oidipale>

2. Diskontinuiteit en "outobiokopie": implikasies vir die outobiografiese manlike subjek

J.M. Coetzee en Hélène Cixous se verwante opvattinge oor die autre-biografie is myns insiens ook van toepassing op Ek, Joseph Daniel Marble. Soos reeds aangedui, bestaan daar 'n diskontinuiteit tussen die stem van die volwasse self en die stem van die self as jeugdige protagonis in die outobiografie. Mineke Schipper (1991: 19) merk op dat hierdie alteriteit tussen die ouer verteller en die jonger protagonis 'n wesensverskynsel van die outobiografie is: "tussen onderwerp en lijdend voorwerp van die outobiografie, de auteur ik en de hoofpersoon ik, ligt onbereikbaar wat voorbij is: ik is altijd anders". In sy voorwoord en nawoord dui die volwasse Marble aan dat geweld en veelvuldige seksuele verowerings nie meer deel vorm van sy identiteit as 'n verantwoordelike vader, eggenoot en broodwinner nie. En in 'n onderhoud verklaar hy dat sy boek gaan oor "die ou Joseph": "Dis 'n waarskuwing aan ander mense wat by bendes betrokke is" (Marble & Nieuwoudt, 2000: 5).

Die breuk met die "ou Joseph", die gewelddadige bendelid, vind plaas wanneer

die adolessente Joseph na die breuk met sy ma daartoe in staat is om afstand te neem van 'n manlike identiteit wat sentreer rondom geweldpleging en seksuele prestasie. Die volwasse verteller konstrueer sy nuwe manlike identiteit rondom die ideaal van die verantwoordelike gesinsman en broodwinner – vergelyk Brannon se metafore van die "sturdy oak" en die "big wheel" (Edley & Wetherell, 1996: 101). Marble se outobiografie as 'n moontlike kans op sukses word in diens gestel van hierdie nuwe ideaal van manlikheid. Hy benader sy outobiografie dan ook as 'n geleentheid om groter finansiële onafhanklikheid vir homself en vir sy familie te verwerf en spreek die hoop uit dat "dié boek een van die blitsverkopers van die wêreld sal wees" (7). Hy het inspirasie geput uit Nelson Mandela se outobiografie *Long Walk to Freedom* en gehoop dat hy net soos Mandela sou "geld maak uit sy storie" (Marble & Rautenbach, 2000: 1). Marble hoop dat sy outobiografie sy familie tot stigting sal wees sodat hulle, nie net deur die moontlike finansiële sukses van die boek nie, maar ook in reaksie op die vermanende en inspirerende boodskap uit sy eie lewe sal ingryp om self 'n einde te maak aan hulle armoedige omstandighede. Hy wil sy familie "help om hulleself te kan help, omdat hul nog in armoede lewe" (215).

Die manlike subjek wat uiteindelik in Ek, Joseph Daniel Marble aan die leser geopenbaar word, is nie 'n enkelvoudige en onveranderlike gegewe nie. Weens die diskontinuiteit tussen die volwasse verteller en die jeugdige protagonis ontstaan daar 'n veelstemmigheid in die teks wat verder gekompliseer word wanneer 'n mens bewus word van die uiteenlopende diskoerse waarbinne Marble se teks gesitueer is. Jerome Bruner (2001: 36) merk tereg op dat die skepping van 'n self in 'n outobiografie in 'n hoë mate afhanklik is van die simboliese sisteem waarbinne die self funksioneer. Philippe Lejeune (1998: 13-16) maak verder die stelling dat die outobiografie altyd 'n "outobiokopie" is, dit wil sê 'n teks wat altyd reeds 'n kopie is van ander bestaande tekste, onvermydelik die resultaat van intertekstualiteit. Die oorspronklikheid van die self en sy of haar lewe word in werklikheid slegs 'n kode namate die self waargeneem word as 'n intertekstuele konstruksie.

Joseph Marble begin sy teks met 'n verwysing na die Waarheid- en Versoeningskommissie, 'n intertekstuele netwerk wat belangrike implikasies het vir 'n goeie begrip van die selfrepresentasie van die outobiografiese subjek. Marble verklaar dat die vergifnis wat 'n oogmerk was van die Waarheid- en Versoeningskommissie ook sy teks sal bepaal: "in die nuwe Suid-Afrika met sy Waarheid- en Versoeningskommissie moet ons maar vergewe wat in die verlede gebeur het" (7).

Nuttall en Michael (2000: 289) merk op dat die merkbare oplewing in die outobiografie as genre in die jare negentig in Suid-Afrika gestimuleer is deur die Waarheid- en Versoeningskommissie en verder simptome is van die groter ontspanning en kakofonie van stemme wat die nuwe bestel na die einde van apartheid tot gevolg gehad het. Teenoor die pogings van outobiograwe in die jare tagtig om genesing en vryheid te projekteer op die nasie van die toekoms, stel Nuttall en Michael (2000: 308) die outobiografieë van die jare negentig wat met die koms van die nuwe veelrassige demokrasie eerder toegespits is op 'n ondersoek van die verlede. In die jare negentig word

genesing en vryheid nagestreef in 'n herbesoek aan die trauma van die apartheidsverlede met die doel om dit te begrawe sodat vergifnis maar nie vergetelheid nie, 'n sentrale beginsel van die Waarheid- en Versoeningskommissie, bereik kan word. H.P. van Coller (1997 en 2002) het ook by herhaling daarop gewys dat die Afrikaanse literatuur in die jare negentig gekenmerk is deur 'n kritiese ondersoek van die verlede wat nie onverwant is aan die bedrywighele van die Waarheid- en Versoeningskommissie nie.

In Ek, Joseph Daniel Marble weerhou Joseph Marble hom daarvan om hom voor te stel as 'n slagoffer van die trauma van die apartheidsverlede. Sy betrokkenheid by die Soweto-opstand van 1976 word byvoorbeeld nie gerepresenteer as die optrede van 'n oortuigde anti-apartheidsaktivis nie. Dit is nie soseer uit beginsel dat Joseph begin deelneem aan die protesoptrede nie maar eerder vanweë die ongemotiveerde optrede van die polisie: "Party van die polisiemanne het onnodig traangas na ons geslinger. [...] Toe besluit ons dat ons nou tog klaar betrek was deur die polisie. Daar was nou geen ander uitweg as om ook klip te gooi nie" (123).

Dit is sekerlik moontlik om Marble se verslag oor sy traumatiese jeug as 'n vorm van getuigenis te beskou van die ontbering wat baie mense van kleur weens apartheid moes deurmaak. Vir Marble is sy poging om aansluiting by die Waarheid- en Versoeningskommissie te vind, egter primêr gerig op die kleiner kring van sy eie familie. Hy wil die atmosfeer van openhartige ondersoek, vergifnis en versoening wat die politieke klimaat van die jare negentig bepaal het, laat afwentel na sy familielewe en na homself. Hy probeer om "die reine waarheid" (7) bloot te lê in 'n klaarblyklike poging om sowel sy misstappe as sy ontbering as jeugdige te beskryf sodat hy homself kan vergewe en ook versoening en vergifnis met sy familie kan bewerkstellig. Marble se beklemtoning van sy individuele ervarings tydens die apartheidsperiode stem enigszins ooreen met die tendensie in die jare negentig by outobiografiese om voorkeur te gee aan hulle individuele ervarings bo die diskoers van gemeenskaplikheid en verbondenheid wat die outobiografiese tekste van die jare tagtig gekenmerk het (sien Nuttall en Michael, 2000: 299).

Dit is verder moontlik dat Joseph Marble hom daarvan weerhou om met 'n gekonsolideerde stem namens die slagoffers van apartheid te praat weens 'n gevoel van marginalisering: die Waarheid- en Versoeningskommissie het immers groter prominensie aan die betrokkenheid van swart en wit mense by die apartheidsgeskiedenis gegee. Vir 'n gekleurde werker vanuit 'n arm agtergrond soos Marble is dit in die lig van hierdie omstandighede nie vanselfsprekend dat hy sy individuele stem uitvergroot tot 'n meer universele stem nie. Die vanselfsprekendheid waarmee veral Westerse manlike outobiografiese volgens Linda Anderson (2001: 3) hulle subjektiwiteit as 'n universele gegewe voorstel, ontbreek dikwels by Joseph Marble wat deurgaans skryf vanuit sy individuele ervaring van die Suid-Afrikaanse geskiedenis as lid van die relatief klein en gemarginaliseerde kleurlinggemeenskap in Johannesburg. Dit is slegs in enkele gevalle, soos wanneer hy sy beproewinge as pleegkind as verteenwoordigend van alle pleegkinders se ervarings voorstel,

dat hy sy subjektiwiteit universaliseer.

Die diskoers rondom die Waarheid- en Vesoeningskommissie is egter nie die enigste aanduiding van die intertekstuele aard van Marble se outobiografie waardeur sy teks volgens Lejeune (1998: 13-16) se terminologie as 'n outobiokopie beskou kan word nie. In ooreenstemming met Anderson (2001: 80) se vasstelling dat die subjek van die outobiografie altyd buite sy eie grense tree deurdat hy onvermydelik verwickel word by 'n wye netwerk van intertekste en diskoerse, kan Joseph Marble ook nie sy subjektiwiteit definieer sonder om bewustelik (en soms onbewustelik) ander tekste te betrek nie. Wanneer die verteller die einde van sy pleegsorg by die Bezuidenhout-gesin in Noordgesig vergelyk met die bevryding van die Israeliete uit slawerny in Egipte openbaar hy hom ineens as 'n gelowige jong man wat inspirasie put uit die Eksodusverhaal waarin God optree as die hoeder van Israel: "O God, net soos jy vir Israel van ouds uit Egipteland gelei het na die beloofde land Kanaan [sic], lei my nou Heer, lei my nou Heer, want ek is mos U kind" (204). Anders as die Bezuidenhouts kan Marble, die protagonis in sy eie Eksodusgeskiedenis, net soos God se uitverkore volk klaarblyklik reken op sy beskerming. Eksodus word opgeroep as 'n parallel vir Joseph se geskiedenis as pleegkind.

Marble huiwer ook nie om die harde werk wat hy sonder betaling vir die Bezuidenhouts moes verrig, te vergelyk met die gedwonge werk wat die sprokieskarakter Aspoestertjie moes verrig het nie (165). Hierdie vergelyking met die vroulike Aspoestertjie herinner aan die insident toe Ounooi as straf vir Joseph gedwing het om soos 'n meisie aan te trek (113). Joseph het hierdie insident ervaar as 'n aanslag op die integriteit van sy manlike identiteit. Wanneer hy hom met die onderdrukte Aspoestertjie vergelyk, wil hy dan ook aandui dat sy pleegouers se houding teenoor hom neergekom het op 'n ontkenning van sy potensiaal en van sy ontluikende manlike identiteit.

In sy outobiografie verwys Marble verder gereeld na avontuurverhale en -films waaronder die strokiesverhale van Kuifie en Asterix asook die films van Bruce Lee en Chuck Norris. Sy vertelling vertoon dan ook sommige kenmerke van 'n avontuurverhaal en roep eggo's op van Afrikaanse jeugverhale oor ondeunde kinderbendes soos die kerngesonde Trompie (Topsy Smith) en Die Uile (Cor Dircks). In Ek, Joseph Daniel Marble word die jong Joseph se bendegevegte by herhaling gevolg deur tonele waarin volwassenes wat gesagsposisies beklee met hom in gesprek tree oor die redes vir sy geweld teenoor ander seuns. Hierdie tonele is klaarblyklik gebaseer op die topos in die Afrikaanse jeugverhale oor kinderbendes waarin 'n volwasse karakter, dikwels 'n ouer of 'n onderwyser, die onnutsige kinderkarakters tot verantwoording roep oor die gevolge van hulle kattedwaad. Soos in die geval van die helde in die jeugverhale tree Joseph in hierdie vermanende gesprekke gereeld as die onskuldige na vore al was hy ook betrokke by voorvalle van ernstige aanranding. Die verrassend vergewensgesinde woorde van Owen Veldman se ouma wie se kleinseun ernstig beseer is in 'n geveg met Joseph kom byvoorbeeld baie geforseerd en onoortuigend voor: "Ek het gewonder waarom jy vir Owen so aangerand het. Hy het my eenvoudig 'n klomp leuens vertel. Ek ken jou mos, en weet wat 'n soort kind jy is. Jy wil alleen gelos word, nè, my

seun. Is dit nie so nie?" (96). Die topos wat die held in die jeugverhaal gelyk gee in sy botsing met die gesag van volwassenes, bied aan Marble die geleentheid om sy aandeel aan geweldpleging te representeer as daad van selfverdediging. Daar word van die lesers verwag om te glo dat Joseph self nooit enige gevegte geïnisieer het nie.

Die verwagting wat vroeër in hierdie artikel uitgespreek is dat Marble as 'n skrywer wat slegs nege jaar op skool deurgebring het en vermoedelik nie oor die literêre sofistiekasie sou beskik om die self as 'n gedesentraliseerde veelheid van stemme voor te stel nie, moet in die lig van die bespreking van die literêrkulturele diskoerse wat neerslag vind in sy outobiografie heroorweeg word. In Ek, Joseph Daniel Marble blyk dit dat die outeur onder meer kennis dra van die gesprekke rondom die Waarheid- en Versoeningskommissie, Long Walk to Freedom van Nelson Mandela, die Bybel, Westerse sprokies, tekste uit die Afrikaanse jeugliteratuur en aksiefilms uit Hollywood. Hierdie relatief beperkte korpus tekste en diskoerse asook Marble se nuwe vertelstyl maak dit moeilik om sy boek as 'n gesofistikeerde literêre werk te bestempel. Dit is nietemin duidelik dat die onvermydelike intertekstualiteit waaraan geen teks kan ontkom nie, tot gevolg het dat die beeld van die self wat Marble representeer, gedeeltelik tot stand kom deur die veelheid van stemme uit die ander tekste waarna hy verwys. Hierdie intertekstuele desentralisering van die manlike subjek in Ek, Joseph Daniel Marble as 'n "outobiokopie" (Lejeune, 1998: 13-16) asook die diskontinuiteit tussen die volwasse verteller en die jeugdige protagonis lei gesamentlik tot 'n komplekse representasie van manlike subjektiwiteit wat beswaarlik versoenbaar is met die Romantiese siening van 'n verenigde self. (1)

Marble het die publikasie van sy outobiografie waarskynlik te danke aan die redelik resente ontwikkeling in die Westerse literatuur om die lewensverhale van benedeelde te publiseer. In Suid-Afrika het Don Mattera se outobiografiese vertelling van sy betrokkenheid by bendeaktiwiteite in die destydse Sophiatown met die titel *Memory is the Weapon* (1987) en Godfrey Moloi, die "godfather" van Soweto, se *My Life* (1991) die grondslag gelê van 'n subgenre binne die Suid- Afrikaanse outobiografie. Na die publikasie van hierdie outobiografieë in Suid- Afrika kon Joseph Marble in 1999 ook sy Afrikaanse verslag oor die bendekultuur die lig laat sien. Dit is ook in die jare negentig dat die swart Amerikaanse bendelid, Kody Scott aansienlike sukses behaal het met sy *mémoire* *Monster. The Autobiography of an L.A. Gang Member* (Faludi, 1999: 472).

3. Slot

Vroeër in hierdie artikel is opgemerk dat Ek, Joseph Daniel Marble 'n belangrike toetssteen en 'n moontlike korrektief op 'n ondersoek na manlikheid in die literêre prosa kan wees. Al kan Joseph Marble se outobiografie beswaarlik as 'n voorbeeld van postmodernistiese literêre fiksie beskou word,

is dit uiteindelik opvallend dat die manlike subjek wat hier na vore tree ten minste gedeeltelik ook onderworpe is aan dieselfde desentring en veelstemmigheid as die postmodernistiese manlike subjekte in die werk van Breytenbach, Prinsloo, Strachan, De Lange en andere. Die manlike subjek in Ek, Joseph Daniel Marble word op verskillende maniere gedesentreer: die kwesbaarheid van Joseph se jeugdige manlike identiteit binne sy vyandige omgewing het byvoorbeeld 'n ondermynende uitwerking wat hom sy toevlug laat neem tot 'n oorkompenserende macho-manlikheid. Hierdie hipermanlikheid is in der waarheid die masker wat 'n subjektiwiteit moet verbloem wat aan 'n radikale en destabiliserende fragmentasie onderworpe is.

Die tekstuele prosesse wat betrokke is by die outobiografie dra by tot die problematisering van manlike subjektiwiteit in die teks. Die manlike subjek word onder andere gedesentreer deur die diskontinuiteit wat ontstaan tussen enersyds die jeugdige protagonis, die macho-bendelid, en andersyds die volwasse verteller wat as verantwoordelike broodwinner, eggenoot en vader met ambivalente gevoelens terugkyk op sy verlede. Die intertekstuele netwerk waarbinne Marble se outobiografie, oftewel outobiokopie, tot stand kom, dra by tot 'n verstrooiing van die manlike subjek oor 'n wye verskeidenheid diskoerse wat die konstruksie van 'n gekonsolideerde subjek van meet af aan belemmer.

Linda Anderson (2001: 3-4) het sekerlik gelyk as sy die outobiografie as 'n genre beskryf wat veral sedert die negentiende eeu in die Weste deur mans uit die middelklas oorheers is en sedertdien ook gekenmerk word deur 'n voorkeur vir die universele subjek. Die ideale van outonomie, selfverwesening, outentisiteit en transendensie het weens die prominente werksaamheid van manlike skrywers en kritici op die gebied van die outobiografie deel geword van die genreverwagtinge oor die outobiografie. Anderson (2001: 11; 102-103) dui aan dat die genre van die outobiografie veral sedert die bydraes van vroulike outobiograwe in die twintigste eeu toenemend blyke gee van heterogeniteit hoewel dit tans steeds bewustelik uitgesluit word in die strewe van manlike outobiograwe na universaliteit, enkelvoudigheid en samehang. Anderson (2001: 98) vind aansluiting by Virginia Woolf in haar opmerking dat vroue hulle behoort te wend tot 'n vorm van representasie wat voorkeur gee aan veelvoudigheid: "a multiplicity which cannot be captured within one and the same, the singular "I" of masculine discourse".

Ondanks haar uitvoerige besprekings van Roland Barthes en Jacques Derrida se outobiografiese tekste versuim Anderson om volledig rekenskap te gee van die onlangse ontwikkelinge in die genre van die outobiografie en in die teorievorming oor manlikheid. Daar word immers toenemend erkenning gegee aan die bestaan van verskillende soorte manlikhede (sien Connell, 1995) wat 'n ongekwalfiseerde gelykstelling tussen 'n enkelvoudige manlikheid en 'n gekonsolideerde en universele subjektiwiteit toenemend onhoudbaar maak. 'n Kritikus soos Lejeune (1989 en 1998) het verder aangetoon dat talige en tekstuele faktore dit vir sowel manlike as vroulike outobiograwe onmoontlik maak om hulle vertellings te laat sentreer rondom 'n enkele gekonsolideerde

subjek.

'n Outobiografie soos Ek, Joseph Daniel Marble is byna onvermydelik 'n outobiokopie en 'n autre-biografie waarin veelstemmigheid die totstandkoming van 'n gekonsolideerde manlike subjek ondermyn. Marble se outobiografie kan as 'n toetssteen vir die representasie van manlikheid in die literêre prosa beskou word in soverre dit onvermydelik, net soos die werk van literêre skrywers, onderworpe is aan die tipies desentrerende werking van tekstuele prosesse. Die desentrering op tekstuele vlak het noodwendig tot gevolg dat die representasie van die manlike subjek meegevoer word in die momentum wat enige poging ondermyn om 'n gekonsolideerde sentrum na te streef.

As outeur stel Marble nie soos Strachan, Prinsloo en Breytenbach doelbewus ondersoek in na die strategieë en implikasies wat betrokke is by die desentrering van manlike subjektiwiteit nie. Die genre van die outobiografie, waarin die diskontinuiteit tussen die verteller en die jonger protagonis 'n genrekenmerk van die outobiografie geword het, fasiliteer egter Marble se representasie van 'n komplekse veelvoudige manlikheid: die jeugdige Joseph wat hom wend tot 'n macho-identiteit wat sentreer rondom seksuele prestasie en geweldpleging staan uiteindelik op gespanne voet met Marble as volwasse verteller wat homself voorstel as 'n verantwoordelike broodwinner en gesinsman. Die volwasse verteller beskou soms die macho-identiteit van sy jeugdige "ek" met trots en met 'n mate van identifikasie. Opvallender is egter die diskontinuiteit tussen verteller en protagonis: die jeugdige bendelid se mobilisering van 'n manlike identiteit rondom gewelddadigheid en seksuele verowering kontrasteer uiteindelik met die volwasse verteller wat hom identifiseer met sy rol as broodwinner, vader en eggenoot.

Program vir Afrikaans en Nederlands,
Universiteit van Natal, Durban

Bibliografie

Achmat, Zackie. 1994. My childhood as an adult molester: A Salt River moffie. In: Gevisser, Mark & Edwin Cameron (reds.). *Defiant Desire*. Johannesburg: Ravan, 325-341.

Anderson, Linda. 2001. *Autobiography*. London & New York: Routledge.

Bourdieu, Pierre. [1998] 2001. *Masculine Domination*. Cambridge & Oxford: Polity.

Breytenbach, Breyten. 1998. *Dog Heart. (A Travel Memoir)*. Cape Town, Pretoria & Johannesburg: Human & Rousseau.

Brits, Elsabé. 2003. "Murderburg". *Waarvandaan, waarheen?* Insig, Junie.

(4) What I am reading as Lottering's "answer" to Wicomb's question depends on the seclusion of Lottering's childhood home in the Ngome forest; it affords her a locatable origin and family ethos, and so her self-respect. Lottering's certainties set her apart from Wicomb's reading of the coloured people of the Cape, many of whom are the descendents of slaves, a diasporic origin about which there is an "amnesia" (Wicomb, 1998: 100) in formal and in folk history. Although the title of Wicomb's article suggests that what she says of the "shame" of coloured people in the Cape encompasses all coloured people in South Africa, she in fact repudiates the idea of "totalizing colouredness" and suggests instead the notion of "multiple belongings" (105). For further discussion of coloured identity as a cultural, not racial, matter see Erasmus (2001).

(5) The splitting of the autobiographical "I" is customarily sanctioned in written autobiography when several aspects of the self are being represented (for example, those that have existed over time as in younger experiencing selves and an older writing self), but autobiography as distinct from fiction has seldom, if ever, invited a reader to contemplate a singly-sourced "I" that represents two distinct people.

(6) Coullie proposes that Kuzwayo carves out a "new discursive practice" which, drawing on both western and traditional black autobiographical discourse, creates new "positions for the autobiographical subject" (1996: 132). She suggests that the praise poem, in which the individual subject is also "a palimpsest of the innumerable selves of South African black women" (140) is one of the traditional discursive practices which makes possible Kuzwayo's auto/biography.

(7) Annari van der Merwe at Kwela Books told me in a telephone call (9/5/03) more about the origins of Agnes Lottering's book. As she understands it, the book began with the anthropologist Robert Papini (then working at Durban's Kwa Muhle Museum) who was interested in Agnes's extraordinary life. Lottering confirms that she met Papini when she went to the museum looking for information about the customs she had known in Ngome; information which she seems not to have found. He interviewed her and proposed his annotated version of her story to Kwela Books who responded that they would rather publish her story in unmediated form. Agnes then submitted a handwritten document which the publisher's reader praised but suggested that Agnes be asked to tell more fully what, for example, had happened to her parents. Some time later the manuscript was returned, now twice its original length. Winnefred's story had been added and it was to be able to do this that Agnes Lottering consulted her aunt. At this stage Kwela Books asked Peter Strauss to be her editor. His task was to order and structure the material, but

without changing Agnes's content or style. Peter Strauss confirms that the double use of the first-person was Agnes's independent choice; he has also indicated that several passages of narrative had to be cut.

Annari van der Merwe did not see the final result until after the first edition had appeared; then she thought that there was too little about Agnes's childhood in her section. For the second edition, the last chapter was dropped and Agnes was asked to write about her childhood (keeping to the length of what had been cut). So Agnes extended the first chapter of her story and added one or two other brief sections. The new passages arrived at Kwela Books typed in block capitals throughout. This was done by Agnes's daughter because her mother had had a stroke and could not write. Then another version arrived which had been revised by a relative who had "corrected" the story-telling by adding explanations and commentary. Kwela Books have not published this latter version. The photographs were all provided by Agnes.

[\(8\)](#) Winnefred's ordeal is narrativised as a dream during which she lies insensible for three days in a cave.

[\(9\)](#) As she says in the narrative present, "Something inside me likes to believe that I really had that baby, and somewhere he is alive today" (246).

[\(10\)](#) Pioneer life seems to have demanded extremes of masculinity and of femininity. In women this showed itself as a strange blend of hardy independence and sexual submission (Driver, 1988; Daymond, 1994) as in Daphne Rooke's novel, *Mittee* (1987).

[\(11\)](#) Information from Agnes Lottering, July 2003.

[\(12\)](#) The narrative indicates many points at which Benjamin allows the mutual respect between cultures at Ngome to come apart. When he teases a Zulu woman, Hoswayo, by suggesting that she should invite her dead father to his marriage feast, Hoswayo rebukes him, "Oh son of the white chief, your own mother was a Zulu. Why then do you mock the customs of your womb? We have listened to your father and done some of the customs of the white man ... Why then do you so hate our customs? You should not treat this matter lightly for it is true that the spirits don't die ... " (106).

[\(13\)](#) This was translated by Agnes Lottering as meaning something like "you are a chip off the old block" (July 2003).

[\(14\)](#) Nuttall and Michael consider the "trope of transgression" to be a significant marker of the autobiographies of the 1990s and point to Ramphela's (1995) having to "rewrite available versions of adulthood, especially as an independent woman in a conservative patriarchal society that infantilizes women" (2000: 311). Lottering is up against comparable forces, but her wish to celebrate her lost world and her love for Pieter leads her in a different direction, namely that of using her trope of original innocence in order to

contain or even mask any sense of transgression.

(15) Discourses are "ways of constituting knowledge" including subjectivity (Weedon, 1987: 107-135), and we inhabit discourses rather than freely choosing what suits us; nevertheless, it seems appropriate to use "choice" when indicating that Lottering was obscuring certain painful realities when using a literary trope of "original innocence" as one of her key modes of self-representation.

(16) At the time it is only the idea of fleeing to Swaziland and Winnefred's warning to Agnes that she, but not Pieter, will go to jail if their act is discovered (178) that touches directly on the power of apartheid. Otherwise it is Tobile's curiosity about how umlungu men and women make love (219) that strikes the note of cultural interchange that is still part of Agnes's world.

(17) Benjamin seems not to have been able to accept that his wife was an innocent victim of the Chief's designs and when their next child is born, his suspicions overcome him and he turns violent. As Agnes sees it, her parents' relationship never really recovers.

[Elektroniese weergawes
van T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir
outeurs](#)

[Bo](#)

"Ons samelewing sal nog ingewikkelder gemaak word." Twee vertelmomente van Anna Barry se Boereoorlogdagboek Ons Japie (1960) [\(1\)](#)

- Ena Jansen -

Abstract

A young South African girl Anna Barry kept a detailed diary during the South African War (1899-1902) which differs in many respects from all other published autobiographical accounts by South African Boer women who wrote mainly about their experiences in the concentration camps. Anna Barry's family members were initially staunch supporters of the Boer war effort. Her brother Japie died in a prisoner of war camp on Ceylon, but her father and uncles swore the oath of allegiance to the British during the winter of 1900. The family then crossed the border into Basutoland. This article focuses on Anna Barry's identity changes because of her confrontations with loss, borderlines and shifting images of nationhood. Barry's little-known diary *Ons Japie: dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog* was published sixty years after the war. I structure my article by differentiating between the time during which the diary was written (1899-1902) which I consider to be, in Pierre Bourdieu's terms, the "first moment of telling", and the time of publication (1960) which can be described as a "second moment of telling". I therefore focus firstly on the content of the diary and then on the presentation of it, i.e. the format of the published diary.

1. Inleiding

In hierdie artikel analiseer ek die identiteitskonstruksie van 'n Suid-Afrikaanse vrou aan die hand van haar dagboek oor die Suid-Afrikaanse Oorlog, oftewel die Tweede Anglo-Boereoorlog. Ek gee 'n omskrywing van die vorm en inhoud van die boeiende egodokument en identifiseer twee "momente van vertelling" daarvan. Ek gaan hierby onder andere uit van Pierre Bourdieu (1986: 69-72) se opvatting dat 'n lewensverhaal 'n "illusie" is wat vir die oomblik van die vertelling geskep en gestruktureer word deur die verhaalverteller se posisie in tyd en ruimte. Die moment van vertelling bepaal dus 'n variabele presentasie van herinneringe. Die eerste moment van vertelling van Anna Barry (1884-1974) se dagboek is wanneer sy dit skryf tussen 1899 en 1902. Die tweede vertelmoment is wanneer sy haar teks in 1960

publiseer. Dié vertelmoment val saam met die halfeeufes van die Unie van Suid-Afrika en die Republiekwording van Suid-Afrika kort daarna en is volgens my 'n poging van die skryfster tot 'n hernieude identiteitskonstruksie deurdat sy die waardigheid en verwickelde lojaliteit van haar familie te midde van komplekse omstandighede uit die verlede op 'n baie spesifieke manier in die hede van die publikasiemoment op die voorgrond stel. Sowel die titel van haar boek, *Ons Japie*, as die voorwerk, bylaes en foto's is daarom ook van belang.

In die diskoers van lyding en verset wat so kenmerkend is van die outeurs van herinneringsgeskrifte uit die Boereoorlog-tyd (sien o.a. Jansen, 1999; Van Niekerk, 2001, Stanley, 2002), is Anna Barry 'n boeiende buitebeentjie. In talle opsigte is haar gepubliseerde dagboek 'n uitsonderlike geskrif wat nooit verveel nie.

1.1 Identiteit as konseptuele instrument

Outobiografiese tekste soos dagboeke en lewensverhale is nie slegs ryk bronne vir historici nie, maar ook vir identiteitsondersoek. Die insig dat identiteit nie 'n vasstaande iets is wat jy "besit" en aan "vassit" vir die res van jou lewe nie, maar dat dit voortdurend verander, dus 'n proses en konstruksie is, het gemeengoed geword. Identiteit, hoe konflikterend en gefragmenteerd ook, gee aan individue en aan groepe mense 'n plek. Dit verteenwoordig die skakel tussen "ek" of "ons" en die gemeenskap waarin 'n individu of groep leef. Identiteit is 'n konseptuele instrument waarmee sosiale, kulturele, politieke en persoonlike veranderinge verstaan kan word. In talle teoretiese studies en gevallestudies oor die soeke na identiteit, die behoud en verlies daarvan op internasionale, nasionale en persoonlike vlak word dramatiese gebeure soos oorlog en migrasie, maar ook veranderinge op persoonliker vlak soos gesinsformasie en werkstatus aangedui as van invloed op 'n individu se gevoel van "wie jy is". Sekse, etnisiteit, sosiale klas, geloof, taal, seksuele oriëntasie, gesondheid en leeftyd is verder enkele van die belangrikste komponente van identiteitskonstruksies. Veranderinge in een of meer van hierdie omstandighede kan lei tot 'n bevraagtekening van eie identiteit.

Trouens, "identity only becomes an issue when it is in crisis, when something assumed to be fixed, coherent and stable is displaced by the experiences of doubt and uncertainty", soos wat Mercer (1990) dit bondig saamvat. Identiteit word op 'n opvallende wyse gemarkeer deur polarisasie ten tyde van nasionale of etniese konflik, deur die markering van insluiting en uitsluiting, van "insiders" en "outsiders", van "ons" en "hulle". Dat identiteit ten nouste saamhang met verskil, is daarom tereg deur Kathryn Woodward in die titel van haar bekende handboek *Identity and Difference* (1997) op die voorgrond gestel.

In Anna Barry se dagboek kan haar prosesse van identiteitskonstruksie op die voet gevolg word teen eers die agtergrond van die Anglo-Boereoorlog en dan weer in 1960. Sy het pas vyftien jaar oud geword toe die oorlog uitbreek het. Dat sy op daardie moment 'n goed-ontwikkelde ek-bewussyn besit het, bekend

was met die boekstawingsmag van woorde asook 'n helder historiese aanvoeling gehad het, (2) blyk uit die sin waarmee sy op 26 September 1899 haar dagboek begin: "Ek het besluit om 'n dagboek te hou want daar is sterk gerugte van oorlog teen Engeland en as ons in 'n oorlog gedompel word, sal daar dinge gebeur wat van groot historiese belang sal wees" (1).

Die oorlog het op 11 Oktober 1899 begin en sou voortduur tot 31 Mei 1902. Meer as drie jaar lank hou Barry haar dagboek by en sy skryf ten slotte op 3 Januarie 1903:

Ons verneem dat die Britse regering Engelse setlaars op die plase wat oom Jan Keyter verkoop het gaan vestig. Die plase is oor die ganse Ficksburgdistrik versprei en dit sal beteken dat daar nou nog 'n ander element in ons gemeenskap ingevoer word en ons samelewing dus nog ingewikkelder gemaak word. Nou sal daar wees "Wilde Boere", "mak Engelse", "vlugtelinge", "Khaki-boere", "hensoppers", "krygsgevangenes" en "Engelse Khaki's". Ons sal almal bure wees en met mekaar in aanraking kom. [...] [O]ns vertrou dat ons nasie, hoewel oorwonne, 'n toekoms het. Mag president Brand se leuse: "Alles sal regkom", ook ons leuse bly (114).

Anna Barry se aanvanklik eenduidige ervaring van "ons" teen "Engeland" verander tydens die oorlog tot haar bewussyn van die kompleksiteit en die gefragmenteerdheid van wat sy deurentyd as "ons nasie" bly beskryf. Die insig dat die "ons" en die "nasie" waartoe sy duidelik wil behoort, nie 'n vasstaande iets is nie maar onderworpe is aan sosiale, kulturele, ekonomiese, politieke en persoonlike veranderinge word met verloop van tyd steeds duideliker in die dagboek.

Ander vroue wat oorlogsdagboeke en -memoires gepubliseer het of deel gehad het aan die versamelings van honderde vroue se getuienisverklarings, was oortuig van hulle plek in die lydingsgeskiedenis van die Afrikaner-"volk" en van hulle eie martelaars- of heldinnerol daarin, (3) maar uit Anna Barry se dagboek blyk dat die oorlog vir haar 'n uiters verwarrende ervaring was. Aan die einde van haar dagboek benadruk sy daarom juis die gefragmenteerdheid van die "nasie" of "volk" in 'n poging om ruimte vir ook haar en haar familie in 'n komplekse geheel te beding. Dat Anna Barry nie soos byvoorbeeld die eweneens jong maar wel agt jaar ouer Johanna van Warmelo (1876-1964) (4) kort na afloop van die oorlog die openbaarheid opgesoek het deur haar dagboek te probeer publiseer nie, is dan ook begryplik. Sy het immers nooit 'n voet in een van die berugte konsentrasiekampe gesit wat so dramaties bygedra het tot die status van lyding wat aan Boerevroue toegeken is en wat gekonsolideer is in die oprigting van die Vrouemonument nie. (5)

Anna Barry was ten tyde van die oorlog jonger as alle ander vroue wat ook dagboeke gehou het en wat later gepubliseer is. Terwyl die meeste ander Boereoorlogtekste geskryf is deur vroue wie se subjekposisie deur hulle moederskap en getroude status bepaal word, is Anna nog ongetroud ten tyde

van die oorlog. Haar gesinsposisie is wel ook in haar geval van bepaalde belang en haar gevoel van identiteit wissel voortdurend na gelang van die besluite en lotgevalle van haar broer en vader. Sy is sowel die suster van 'n dapper jong Boereverkenner wat nooit wou oorgee nie maar dan in krygsgevangeneskap op Ceylon sterf, as die dogter van 'n vader wat weliswaar eers veldkornet is, maar dan die eed van neutraliteit aan Brittanje aflê en gaan skuil in Basoetoland. (6) Alhoewel Anna Barry die grootste fokus op haar broer plaas deur sy naam as titel aan haar dagboek te gee, is dit die rol van haar vader wat tot gevolg het dat haar gepubliseerde dagboek in talle opsigte afwyk van die oorheersende vrouevertoog tydens die Anglo-Boereoorlog.

Anna se vader Thomas Barry was 'n telg uit die beroemde, oorspronklik Ierse, Barry-familie van Swellendam. Hy het op sewentienjarige leeftyd van Swellendam eers na die Harrismith-distrik gegaan om 'n plaas van 'n familielid te bestuur. Anna skryf: "My moeder, Johanna de Villiers, wie se ouers op Ficksburg gewoon het, was destyds op 'n naburige plaas by haar suster op skool, en hier het sy my vader ontmoet. Toe sy sewentien en hy drie-en-twintig jaar oud was, is hulle getroud" (1).

Haar broer Jacob (Japie) is in 1883 gebore en sy in 1884. Haar pa het die plaas Abrikooskop in 1885 gekoop en haar susters Tiny en Hilda is in 1885 en 1888 in Ficksburg gebore. Terwyl die meeste egodokumente van Boerevroue oor hulle kampvering handel, bepaal die vertroude familieplaas vir die grootste gedeelte van die oorlog Anna Barry se waarnemingsposisie. Abrikooskop is geleë hoog teen die hang van een van die mooi sandsteenformasies in die Oos-Vrystaatse distrik Ficksburg met 'n uitsig op gebiede waar sommige veldslae plaasgevind het. Haar dagboek is dus nie slegs 'n intieme toevoeging tot die meervoudige weergawes van die oorloggebeure nie, maar bowendien 'n ryk historiese bron omdat dit so 'n duidelike beeld gee van die omstandighede in die Oos-Vrystaat tydens die oorlog.

1.2 Die belang van demografiese gegewens: die grens tussen Basoetoland en die Vrystaat

Die feit dat die Barry's se plaas Abrikooskop ongeveer vyftien kilometer buite die dorp Ficksburg geleë is en dat die grens met Basoetoland, die Caledonrivier, (7) op die suidelike grens van die dorp en distrik loop, is van ingrypende belang vir die verloop van die Barry-gesin se lewens. Dit het allerlei moontlikhede geskep wat sou bydra tot die keuses wat Anna se vader en ander familielede gemaak het.

Anna benadruk self die nabyheid van die grens: "Ek en my suster Tiny was van die begin van 1899 op Kommandonek op skool. Dit is op die Basoetolandse grens, aan die Caledonrivier geleë" (1). Wanneer haar vader op 29 September 1899 opgekommandeer word en die plaas verlaat, is dit nog nie met die direkte doel om teen die Engelse te gaan veg nie: "hy moet vir beskerming teen Basoeto invalle na die grenslaer aan die walle van die Caledonrivier gaan" (2). Eloff (1985: 1) beskryf die situasie so: "Vir Vrystaatse burgers langs die grens met Basoetoland was die tydperk wat die oorlog tussen Brittanje en die

Boererepublieke voorafgegaan het, vol vertwyfeling en onrustige afwagting." Die Basoetos, waarvan sommige – soos die Barry's se "troue ou Willem" – wel gewaardeerde plaaswerkers op Vrystaatse plase was, is oor die algemeen as die vyand beskou en die grens is voortdurend met geskille en gevaar geassosieer. (8) So skryf Anna Barry op 20 Mei 1900:

Ons kaffers was vanoggend vroeg hier om te vertel dat ons beeste in die nag gesteel is. Moeder het hulle dadelik op die spoor gesit en vanmiddag het ou Willem teruggekom en gesê dat die spoor oor die Caledonrivier gaan; dus is dit die Basoeto's wat die diewe is" (14).

Basoetoland het buite die oorlogsgebied van die Anglo-Boereoorlog geval. Die klein land was lonkend digby vir die talle Oos-Vrystaatse boere wat die Vrystaatse Republiek se deelname aan die Anglo-Boereoorlog nie (meer) ondersteun het nie: aan die anderkant van 'n rivier waarin hulle in vreedsame tye dikwels geswem en langs piekniek gehou het. Eloff (1985: 2) skryf:

Terwyl daar by baie Vrystaters 'n soort oorlog-psigose posgevat het omdat hulle bevrees was dat die Basoeto as Britse onderdane hulle aan die kant van hul beskermheer sou skaar en die Vrystaat onverhoeds kon binneval, het ander Vrystaters juis in Basoetoland veilige asiel gaan soek.

In Julie 1900 het talle Republikeinse burgers daagliks hulle wapens by die verskillende Britse grensposte ingelewer en dan oor die grens na Basoetoland getrek. Die stroom vlugteling na Basoetoland het al hoe meer toegeneem en teen Augustus 1900 het soveel wapenneerlêers (die sogenaamde "hendsoppers") probeer om hulle vee per trein na Basoetoland te vervoer, dat daar aansienlike spoorwegprobleme ontstaan het. Nadat die Britse leër in September 1900 verplig was om weens militêre druk van die Republikeinse magte die grensdistrikte Ficksburg en Ladybrand tydelik te ontruim, is die wapenneerlêers wat nog daar gewoon het onbeskermd gelaat en het hulle in nog groter getalle na Basoetoland gevlug. Ook burgers wat op parool vrygelaat was en die eed van getrouheid of neutraliteit afgelê het, is in die loop van 1901 deur Britse offisiere na Basoetoland gestuur om hulle daar skuil te hou. Hierdie mense – meestal vrouens, kinders en enkele bejaarde mans – kon nie toegelaat word om op plase aan te bly nie uit vrees dat hul lewens in gevaar gestel kon word tydens Britse dryfjagte en opruimingsoperasies in distrikte langs die Basoetolandse grens. Blankes in die Vrystaat is ook deur ander oorwegings gelei om hulle as vlugteling na die oostelike buurstaat te begeef. Om te voorkom dat hulle gevang en na Britse konsentrasie- of krygsgevangenekampe gestuur word, het baie Vrystaters by die Basoetolandse regering om asiel aangeklop. Ander het weer om materiële redes en uit eiebelang na Basoetoland gevlug. (9)

In Julie 1901 was daar 2 043 blanke Vrystaatse vlugteling in Basoetoland: 483 volwasse mans, 403 vrouens en 1 157 kinders. Onder hierdie vlugteling was daar na bewering twee voormalige Republikeinse kommandante, twee

veldkornette en een generaal (Eloff 1985: 3). Anna Barry se pa was een van hierdie veldkornette. Vergeleke met die "bittereinders" en lojale Vrystaters wat aansienlike materiële skade gely het, kon die uitgewekenes hulle boerdery- en ander bedrywighede in die na-oorlogse periode met relatief min probleme voortsit. Op grond van die "verraad" wat vlugteling teenoor die vaderland gepleeg het en die onetiese gedrag waaraan party hulle skuldig gemaak het, was bittereinders in die voormalige Boererepubliek met 'n gevoel van wrewel, selfs haat en bitterheid jeens hierdie uitgewekenes vervul (Eloff 1985: 3). Hierdie wrewel het ook die gesin Barry getref. Dit was die oorsaak van Anna se groot twyfel en onsekerheid, vir haar besef dat identiteit, in die reeds genoemde Mercer se terminologie, inderdaad 'n "issue" is. Haar gevoel van "wie is ek" is tussen die jare 1899 en 1902 dus volledig bepaal deur die dramatiese gebeure van oorlog en die tydelike migrasie na Basoetoland. Hierby was haar posisie as jong meisie, dus sekse, die belangrikste komponent in haar identiteitskonstruksie en daarom bestee ek baie aandag aan die invloed van die lotgevalle van manlike gesinslede op Anna se identiteitsbesef. [\(10\)](#)

2. Eerste vertelmoment: Anna Barry skryf haar dagboek

Die eerste vertelmoment van Barry se dagboek is die inskripsies wat sy, meestal daaglik, gemaak het tussen 26 September 1899 en 13 Januarie 1903. Volgens die inleiding van haar dagboek het sy aanvanklik ink gehad en 'n swart boek met 'n harde band, maar met verloop van tyd het haar ink en papier opgebraak:

Toe moes ek ink maak van roet en asyn en flentertjies papier, o.a. my vader se runderpesvorms [...]. Dikwels moes ek kruis en dwars op dieselfde vel skryf om papier te bespaar. Met die rondswerwery en die jarelange bewaring van die dagboek het dan ook sommige velletjies papier verlore gegaan en tot my leed is daar nou sekere gapinge in die boek (ongenommerde bladsy).

2.1 Anna se identiteitsbesef tydens die oorlog

Anna Barry se familiebesef en haar posisie as jong vrou het 'n groot invloed gehad op die manier waarop sy die oorlog beleef het. Die meeste slagoffers van die Anglo-Boereoorlog was Afrikaner-vroue en kinders, [\(11\)](#) maar soos die meeste oorloë is ook die Boereoorlog as veral 'n mannesaak beskou. Anna skryf op 29 Oktober 1899: "Gisteraand het ons vier kinders na ete op die gras onder die groot boom gelê en gesels. En ons het gewonder wat nog vir ons voorlê. Ons het almal besluit om alles in ons vermoë vir ons land en volk te doen" (4).

Van hulle vier kinders is dit egter slegs die seun Japie wat kan aanmeld en

aktief deelneem aan die oorlog. Hy is nog minderjarig en toevallig weens siekte op die plaas terug van Stellenbosch waar hy skoolgaan. "Ons Japie is in 'n korporaalskap van sewentien man onder Roelof van der Merwe" (4), skryf Anna later trots.

Haar vader word verkies tot veldkornet van die Ficksburgse kommando en 'n broer van hulle moeder, oom Jan de Villiers, tot veldkornet van die Senekalse kommando's. Vader Barry se status as veldkornet is 'n groot aanwinst vir sy dogters se posisie. So skryf Anna op 5 Oktober 1899: "Vader het 'n mooi groot tent en almal was só vriendelik met die veldkornet se dogters!" (3). Hulle ma se oudste broer, oom Japie de Villiers, is kommandant van die Harrismithse kommando by Ladysmith waar ook sy twee seuns Paul en Piet veg (3). Paul de Villiers, 'n ander broer van hulle moeder, is kommandant van die Ficksburgse kommando. Talle manlike lede van die familie is dus aktief en selfs in leiersposisies betrokke by die oorlog. Wanneer oom Japie de Villiers tydens 'n veldslag by Platrand (5) sterf, skryf Anna: "Ons kom al hoe meer onder die indruk van wat oorlog nou eintlik vir die familie beteken" (6).

2.2 Die posisie van vroue

Anna beklemtoon dikwels die hulpeloosheid van vroue. Anna se moeder kry hierin die sentrale hulpelose rol. So vra hulle vader aan "elkeen van ons [...] om ons moeder op te pas en haar te gehoorsaam. Ou aia Sophie het op haar knieë gegaan, Vader se hand gesoen en gesê: "Ek sal die oumiesies vir Oubaas oppas"" (7). Anna is ook baie beskermend en skryf op 21 Februarie 1900 oor haar moeder:

Ek sal my belofte aan Vader om haar soveel moontlik op te pas, probeer hou. 'n Vrou se lot in oorlogtyd is eensaamheid, verlange en wag, wag op nuus van hulle dierbares. As ons net self meer kan doen. Moeder sê ons kan veel vir ons land en volk doen met gebede, maar ek word opstandig en voel ek wil self opofferings maak en swaar kry (8).

Die onaktiewe waarnemersposisie van die vroue word gekenmerk deur frustrasie en onmag. As die stryd toeneem, is die spanning van "wag, wag, wag" en die dae van "onrus en angs" wanneer die "gebulder van kanonne" aanhou, dikwels onuitstaanbaar vir Anna (21).

Sy en haar susters doen tipiese vrouedinge. Hulle borduur die Vrystaatse wapen op hoedbande vir die manlike lede van die familie (3) en met haar moeder woon Anna Rooikruisklasse op Kommando-nek by en leer hoe om wonde skoon te maak en te verbind (4), 'n vaardigheid wat hulle later gebruik wanneer Japie swaar gewond tuiskom (12). Die oorlogsgebeure is dikwels digby Abrikooskop en die vroue kan van alles waarneem. Op 5 Januarie 1900 skryf Anna: "Ons hoor vandag duidelik kanonskote in die Maluti's van Natal se kant" (5) en op 12 Junie 1900: "Van die bergtop [agter die plaashuis – EJ] kan ons met 'n verkyker massas troepe op Hammonia sien rondmaal" (16). Op 18 Junie 1900 meld sy dat die Ficksburgse kommando met talle familieledes

digby die plaas gestasioneer is. "Dit is dus vir ons baie gelukkige dae" (17). Die Barry-vroue bied "huislike gerief" en is druk besig "met die voorbereiding van koek, brood en ander lekkernye vir die besoekers" (p. 18). Op 28 Junie skryf Anna:

Die aangename dae vlieg verby. Ons onthaal, kook, bak en maak klere heel. Japie en sy maats kom gereeld saans met verlof huis toe en dan maak ons musiek en sing saam. Maar die skaduwee van Vader is altyd in die agtergrond; ons weet nog nie waar hy is nie en verlang werklik na nuus (18).

Op 12 Julie klim hulle weer teen die berg uit en sy herken selfs vir Japie op sy wit perd en beskryf die volgende toneel: "Toe hulle by Moreson se rand uitry, spring hulle van hulle perde af [...]. Toe hoor ons die skote – een sarsie na die ander, en ons sien net Engelse voetvolk terughardloop langs Moreson se rand af" (19). Op 23 Julie 1900 skryf Anna:

Is dit verkeerd om moed te verloor? [...] Ek is nog maar 'n kind en twyfel soms aan wat reg is, maar as ek dink aan al die ander burgers wat reeds hulle lewe vir ons vryheid gelaat het, voel ek dat as ons wankelmoedig word en nie in die stryd volhard nie, ons hulle in die steek laat. Maar hoe kan ek praat? Ek is 'n vrou, veilig in ons huis en ek waag self nie my lewe nie (22).

Kort hierna word hulle huis minder veilig. Op 27 Julie word al hulle tee, koffie en suiker op "die mees onbeleefde wyse" deur Engelse soldate opgekommandeer, op 28 Julie word hulle "spider" (die ou ruim rytuig), alle skape, perde, koeie, kalwers en hoendereiers weggeneem. "Al wat vanaand op die plaas lewendig is, is ons vier vrouens, die hoenders, twee katte en ons hond Sultan" (23), skryf Anna.

Die situasie op Abrikooskop word veel meer kompleks wanneer Anna Barry gebrandmerk word as die dogter en niggie van "hendsoppers". Dan het die aksies wat sy saam met haar moeder en susters onderneem om die Boeresak met hulle bak- en naaldwerk te ondersteun, weinig effek.

2.3 Vader en die ooms

Die "skaduwee van Vader" (18) is die bepalende faktor vir Anna Barry se identiteitsbesef, sowel tydens maar ook nog lank ná die oorlog. As veldkornet van die Ficksburgse kommando wat kort ná die begin van die oorlog reeds "300 manskappe verloor (het), meestal gevangenes" (8), veg hy by Koedoesrand, naby Bloemfontein en by Sannaspos. Nadat sy ryperd Peits onder hom doodgeskiet word en hy reeds twee weke lank dieselfde klere dra, skryf hy 'n moedelse brief huis toe: "President Steyn was gister hier. Dit lyk vreeslik sleg met ons saak" (8).

Op 2 April 1900 (9) daag hy onverwags op die plaas op: "Hy lyk sleg, moeg en mismoedig". Meer as 'n bladsy lank volg een van die uitvoerigste inskripsies in

Anna se dagboek waarin die burgers se ontevredenheid oor verwarrende bevele om Bloemfontein gewonne te gee en na die Transvaal uit te wyk, beskryf word. Volgens haar vader is veral die Ficksburgers "besonder bevrees dat die Basoeto's op hulle plase 'n aanval sou maak, en hulle het eenparig geweier om die bevel te gehoorsaam". Anna skryf dat die gevolg hiervan was dat haar vader en oom, bevelvoerders van die Ficksburgse en Senekalse kommando's, "toe aan generaal De Wet van die gebeure gaan rapporteer, en daarop het hy aan hulle verlof gegee om vir 'n week huis toe te gaan. Vader is moedeloos en neerslagtig en hy voel dat die Vrystaters se moed gebreek is omdat hulle hoofstad sonder weerstand prysgegee is, en omdat nou van hulle verwag word om alles wat vir hulle dierbaar is, hulle families, plase en wonings aan die genade van die vyand oor te laat" (11). Anna verneem wel dat President Steyn in 'n toespraak "spesiale melding gemaak het van die dapperheid van die Ficksburgse kommando onder bevel van my vader te Sannaspos" (11). Op 18 Mei kom Vader met 'n dag verlof weer op die plaas aan:

Hy is mismoedig en sê dat die offisiere nie die minste idee van die planne van die krygsowerhede het nie. Die burgers is opstandig en ontevrede. 'n Verkeerde gees is aan die toeneem, dog Vader, as veldkornet, moet die bevele uitvoer. Baie burgers sê openlik dat hulle nie hulle plase gaan agterlaat sonder 'n poging om hulle families en besittings te verdedig nie (13).

Op 24 Mei kom hy weer vir 'n nag huis toe van die Lindley-distrik want "hy was te ongerus oor ons". Anna skryf: "Hy vertel dat lord Roberts 'n proklamasie uitgereik het waarin hy belowe dat elke burger wat vrywillig oorgee die beskerming van die Britse troepe sal geniet en sy besittings sal behou" (14).

'n Week later word hy gewond na die plaas terugbring saam met 'n ander gewonde burger. Hierdie "Mnr. Vermaak" (vermoedelik een van die skuilname wat Barry gebruik in haar dagboek) "probeer om Vader oor te haal om saam met hom op Ficksburg te gaan wapens neerlê en dan aldaar mediese behandeling te ontvang. [...] Vader weier egter om te gaan oorgee" (15). [\(12\)](#)

"Mnr. Vermaak" gaan wel na Ficksburg. Op 7 Junie maak hulle vader die gesin wakker en "wys [deur die eetkamervenster – EJ] hoe dit teen die bergrand, agter ons huis van Khaki's wemel". Nog voor hy kan vlug is die Engelse in die huis en word hy beveel om saam te gaan, met die versekering "hulle sal nie 'n gewonde man molesteer nie" (16).

Hierna begin 'n periode van groot onsekerheid vir die gesin. Op 9 Junie 1900 wag hulle die hele dag op sy terugkeer, op 12 Junie "leef [hulle] in angs en eensaamheid en daar is geen tyding van Vader of Japie nie" (16). Op 11 Julie 1900 is daar besoek van kommandolede, selfs van koloniale rebelle, en Anna skryf:

"Ons was maande laas so gelukkig soos nou en soms voel ek skuldig, want ons weet nog steeds nie waar Vader is nie en die

stryd om vryheid is nog in volle swang. Maar ek troos my daaraan dat ons ons burgers opbeur en vir hulle tot diens is" (19).

Meer as 'n maand na hulle gewonde vader deur die Engelse "as gevangene weggeneem is" (20) en hulle steeds niks van hom hoor nie, skryf Anna op 14 Julie 1900: "Daar is 'n gerug dat generaal Brabant van Hammonia 'n proklamasie uitgevaardig het dat, indien die burgers nie oorgee nie, hy die Basoeto's op die vrouens en kinders sal loslaat". Die volgende dag besoek president Steyn die Ficksburgse Kommando. Hy bemoedig die burgers en waarsku hulle teen die proklamasie. Allerlei beangstigende berigte bereik die vroue op "Abrikooskop". Op 16 Julie 1900 skryf Anna:

Dit word vertel dat oom Jan Keyter, wat met 'n suster van Moeder getroud is, oorgegee het. Hy is volksraadslid van Ficksburg en sy voorbeeld sal 'n groot invloed op die distrik hê. Ook oom Leonard Bornmann, wat met die oudste suster van Moeder getroud is, het oorgegee. Hy is 'n baie vooraanstaande persoon (21).

Sy het dan nog geen idee dat ook haar vader die eed van neutraliteit afgelê het nie, waarskynlik terselfdertyd as die ander ooms. (13) Dan, op 2 Augustus 1900, is daar nuus. Sy skryf: "Tot ons grootste verbasing kom Vader gisteraand hier aan. Hy het die tien myl van Ficksburg met 'n groot pak op sy rug geloop. Vanaf die 7de Junie het ons geen tyding van hom gehad nie en ons was so bly om hom te sien". 'n Uitgebreide vertelling oor sy lotgevalle volg. Hy sou in Ficksburg geweier het om aan die Britse offisiere inligting "ten opsigte van my eie mense" te gee, maar hy is toe wel "onder invloed van die lieue ou dokter [Taylor] op parool losgelaat [...], nadat hy die Eed van Neutraliteit afgelê het. Oom Jan Keyter, Moeder se swaer [oor wie Anna vroeër reeds met verbystering geskryf het dat hy volgens berigte oorgegee het - EJ], het hom toe genooi om by hom en tant Nellie te kom bly en daar was hy die hele tyd tuis. Ons waardeer hulle goedheid" (26 en 27), skryf Anna gelate.

Vanaf Augustus 1900 volg allerlei inskripsies oor onderhandelinge wat haar vader reeds in Julie op tou begin sit het om weiding vir sy vee in Basoetoland te huur. 'n Skermutseling tussen Boere-kommando's en die Engelse word op Ficksburg verwag en die Britse troepe begin dan om die dorp te ontruim:

Winkeliers, handelaars en 'n menigte van die inwoners het oor die Caledonrivier na Thlotse gevlug. Ook [Vader] het opdrag gekry om na Thlotse te gaan [...]. Dit is vir hom bitter om saam met die "mak Engelse" te vlug en hy begin reeds twyfel of hy ooit die Eed van Neutraliteit moes geneem het. Hy is dus in 'n ongelukkige posisie en terselfdertyd baie ongerus om ons hier op die plaas sonder beskerming te laat. Ons toestand is waarlik onbenydenswaardig en Moeder se droefheid is so hartverskeurend (35).

Haar broer, oom Paul de Villiers, het oorgegee en woon gewoon weer in Ficksburg en kry al sy vee terug. Op 12 Augustus skryf Anna dat "daar van die

kant van die families van sy burgers 'n bitter gevoel teen hom [is] omdat hulle hom aanspreeklik hou vir die oorgawe van sy kommando en omdat hy nou nie sy lot met hulle inwerp nie" (30).

2.4 Japie

In teenstelling tot haar vader en ooms, bly Japie steeds 'n begeesterde vegter. Nadat hy hom as minderjarige gaan aanmeld het, was hy tot sy eie misnoeë eind- 1899 eers weer maande terug op die plaas om te oes, maar ná die val van Bloemfontein in Maart 1900 word Japie weer opgeroep: "Ons susters het vir hom sy goed help inpak. Ons sal hom mis. [...] Nou is altwee ons dierbares op kommando, ons vrouens is alleen op die plaas en ons voel so verlate" (9). Op 4 April 1900 rapporteer Anna dat 'n besoeker aan die plaas vertel dat Japie steeds dapper veg. Op 15 April word die onverskrokke Japie vir 'n tweede keer gewond tydens 'n geveg by Wepener en vanaf 25 April word hy twee weke lank tuis verpleeg. Maande later kom Japie een aand weer onverwags op die plaas aan: "13 Junie. Gisteraand toe ek sit en klavier oefen, kom Tiny in my oor fluister: "Japie is hier!"" (17). Hy is ondertussen lid van die Ficksburgse verkennerskorps en hoop om aan te sluit by Danie Theron se beroemde korps. Meer as 'n maand na hulle gewonde vader deur die Engelse "as gevangene weggeneem is" (20) en hulle steeds niks van hom hoor nie, skryf Anna op 14 Julie: "Daar is 'n gerug dat generaal Brabant van Hammonia 'n proklamasie uitgevaardig het dat, indien die burgers nie oorgee nie, hy die Basoeto's op die vrouens en kinders sal loslaat". In teenstelling tot sy vader wat duidelik ore het na die proklamasie, is Japie begeester deur President Steyn se waarskuwing daarteen en op 15 Julie rapporteer sy suster Anna in haar dagboek sy woorde: "Al is daar ook nog vier burgers in die veld oor, wil ek een van hulle wees" (20).

As minderjarige is Japie egter deur sy ouers aan sy oom Paul de Villiers, die kommandant van die Ficksburg-kommando se voogskap toevertrou. Tydens die slag van Moolmanshoek word Japie saam met ander burgers as gevolg van oom Paul se besluit om oor te gee krygsgevangene geneem en via Winburg en Groenpunt per skip na Ceylon weggevoer. (14) Op 23 Januarie 1901 bereik die berig Abrikooskop dat hy reeds op 23 Desember 1900 daar aan ingewandekoors gesterf het. Japie is die enigste helder baken in Anna se onheroïese familiegeskiedenis. Terwyl alle ander manlike lede van die familie oorgee, bly Japie se status deur sy dood op Ceylon onaantasbaar.

2.5 Die posisie van vroue (vervolg)

Die optrede van Anna se vader en ooms het reeds vroeg in die oorlog groot gevolge vir die Barry-vroue se posisie op Abrikooskop gehad. Op 15 Oktober 1900 skryf Anna verbitterd: "Om te dink dat ons nie meer een familielid onder die vegtende burgers het nie" (37). Sy weet ondertussen dat hulle vader nou in 'n Basoetohut woon by Teya-Teyaneng. Op 20 November kom Hermaans Theron op besoek en "volgens hom noem die burgers Vader 'n "hensopper" en ons Engelsgesind. Dit is 'n skok vir ons en dit maak ons baie seer" (39). Op 25 November skryf sy: "Ons voel nou selfs verlate en verstote deur ons eie

mense" (39). Op 9 Desember word haar moeder op Ficksburg deur Kommandant Steyn "verskriklik beledig. Hy het ons "hensoppers" genoem en gesê dat al ons goed gekonfiskeer sal word. Moeder het baie verdrietig huis toe gekom" (40). Terwyl sy weg was

het hier 'n burger by name Jordaan, aangekom en hy was vreeslik brutaal teenoor ons dogters wat hy as "julle Engelse" uitgeskel het. Ons was byna in trane, maar Moeder het ons getroos deur te sê dat hy sommer 'n "skorriemorrie" moet wees, want geen ordentlike jong Afrikaner sal hom ooit so teenoor dames gedra nie. Boonop is hy ook nog 'n lafaard, want hy weet ons kan ons nie teenoor hom verdedig nie. Tog voel ons baie hartseer en verlate in hierdie dae (41).

Telkens probeer Anna aan haarself die gedrag van haar vader (39) en haar ooms (42) te verduidelik, maar haar verbolgenheid oor die feit dat geen familielid meer veg nie, is duidelik.

Op 22 Julie 1901 skryf Anna oor die ingewikkelde besluite oor die Eedaflegging deur 'n oom wat sy eed later weer verbreek:

Die oorlogstoestande word al hoe meer ingewikkeld: Ons het "hensoppers" en "eedbrekers" verag toe ons hulle eers teengekom het, en nou is daar agbare lede van ons eie familie, manne van beginsel, wat tot die laaste kategorie behoort. Ek voel verward en weet nie hoe om tussen reg en verkeerd te onderskei nie (62). [\(15\)](#)

'n Groep burgers onder korporaal Matthyse vestig hulle op die werf en hy vertel, weer tot Anna se groot verontwaardiging, dat hulle "teen ons gewaarsku is, dat ons Engelsgesind is en dat ons rapporte na Basoetoland deurstuur, maar nou dat hy ons leer ken het, is hy oortuig dat dit kwaadwillige en valse beskuldigings is. Hoe is dit moontlik dat hulle ons kan verdink?" (51). Die woorde "eensaam", "bedruk", "verdriet" en "verwoes" oorheers haar dagboek in 1901 (vanaf p. 44), veral nadat hulle op 13 Januarie 1901 hoor dat Japie "al weke in sy graf" is. Die situasie op die plaas raak onhoudbaar en gevaarlik, maar hulle wil Abrikooskop nie verlaat nie uit vrees dat die plaashuis afgebrand sal word. Anna weet ondertussen dat ander Boerevroue se lot veel erger as hulle s'n is want sy hoor van die "aaklige" konsentrasiekampe en ook van die vrouelaer wat saam met die hooflaer van mans rondttrek (53).

Anna praat konsekwent van "ons" as sy na die burgers en Boerekommando's verwys. Wanneer Boeremanskappe nog soms op hulle werf oorbly, is Anna altyd gelukkig en ook duidelik trots (57). Sy is daarom ook uiters verontwaardig wanneer dit blyk dat een van die boere hulle as "verraaiers" gaan aangee het: "Die hele affêre is 'n vreeslike skok vir ons, want mandelank het ons alles in ons vermoë gedoen vir die burgers hier op ons werf" (64). As gevolg van allerlei beskuldigings teen hulle kry hulle opdrag om ôf na die

vrouelaer in Moolmanshoek te gaan òf "oor die veglinie" gesit te word (65).

Anna se dagboekinskrywing van drie bladsye op 29 September 1901 is in baie opsigte gelyk aan die verhale wat algemeen bekend is van getuienisverklarings deur ander boerevroue. Engelse soldate brand die stalle en skure af en Anna, haar susters en moeder word "gevang" en op 'n wa gelaai met sommige van hulle besittings en na Ficksburg geneem. Die hele toon van die dagboek verander egter hierna. (16)

Die onafwendbaarheid om "oor die lyn" te gaan, om buite spel geplaas te word in die geselskap van lotgenote, is 'n skok maar dit los tydelik Anna se teleurstelling, verskeurdheid en twyfel op. In alle opsigte is die kort verblyf op Ficksburg 'n oorgangsfase en reeds 'n verademing. Anna is selfs "jammer" om daarvan weg te gaan, "want ons het uitnodigings gehad om na 'n konsert te gaan en om te gaan tennis speel. Ons jong vriendinne vertel ons van al die vrolikheid wat hulle geniet, en ek kan nie help om na al die maande van afsondering op Abrikooskop ook na vermaak te verlang nie" (74).

Die dagboekgedeelte tussen 16 Oktober 1901 en 18 Junie 1902 wanneer Anna en haar susters en moeder in Basoetoland woon by hulle vader, wyk in alle opsigte af van die vertoog van Boerevrouetekste vir die ooreenstemmende tyd toe die omstandighede in konsentrasiekampe op 'n dieptepunt was. Ná maande van vrees en onveiligheid op Abrikooskop is dit 'n enorme oplugting om in Basoetoland te wees. "Dit was heerlik, veral die gevoel van veiligheid was wonderlik", skryf sy op 22 Oktober 1901 (75). Dit is opmerklik dat Anna se vyandbeeld van die Basoeto's bowendien volledig verander. Oor kaptein Januari skryf sy: "Hy is so 'n goeie mens en ons het die hoogste agting vir hom. Hy het vyf vrouens en die jongste een is pragtig" (p. 77; sien ook p. 83). Sy verwys ook na "'n deftige ou Indiër, Sahib Noor Mohammed" wat 'n winkelier is (80). Daar is voortdurend aangename geselskap van ander "vlugtelinge"; "dit is verbasend om te sien hoeveel Vrystaters daar oor die ganse Basoetoland verspreid woon" (77). Tog tref Anna 'n groot onderskeid tussen haarself en byvoorbeeld die meisies Dora en Gertie de la Harpe uit Bloemfontein wanneer sy oor hulle sê: "Hulle het nie een lid van hulle groot familie in die oorlog verloor nie, daar is nie een in 'n krygsgevangenekamp of in 'n vrouekamp nie en maande gelede het hulle reeds oor die Caledon gevlug. Ons verskil hemelsbreed in ons opvattinge t.o.v. die oorlog en ons onafhanklikheid" (84). Hierdie verskille staan sosiale verkeer egter nie in die weg nie en Anna skryf dikwels oor pieknieks en tenniswedstryde, visvang en swem in die pragtige natuur, haar verlange om uiteindelik weer skool toe te kan gaan en selfs Frans te leer op die Khana-sendingstasie.

Soms maak sy haar sake oor die toekoms ná die oorlog, telkens in verband met die verraad van familieledes. So skryf sy op 24 Maart 1902:

Vader het van Ficksburg teruggekom met die nuus dat Oom Jan Keyter op Bloemfontein sy 36 plase aan die Britse regering vir £26,700 verkoop het. Nou wil hy ook sy erwe op Ficksburg verkoop en dan na die Kaapkolonie verhuis. [...] 'n Mens vra

jou af: wat gaan ons toekoms na die oorlog in die Vrystaat wees? (87-88).

Tussen piekniekverhale deur verneem hulle die nuus dat vrede op 31 Mei 1902 gesluit is. "Ons was almal baie opgewonde oor die nuus, het 'n kring gevorm en "Home Sweet Home" gesing, maar na die eerste uitbarsting van vreugde het ons almal stil geword" (93). Almal ervaar dit as vernederend om onderdane van die Britse Ryk te wees. In die helder maanlignag van 20 Junie 1902 is die gesin Barry, sonder die enigste seun Japie, terug op die plaas. Van die huis is slegs 'n "geraamte" oor, geskeurde boeke en stukkende glas lê oor die werf verstrooi tussen ysterkatels in verwronge patrone. Al die stalle en skure is afgebrand. Die walglike reuk van 'n dooie perd kom uit die kombuis. Met hulp van twee gehuurde Basoeto's word opgeruim, die plaasgereedskap wat begrawe was, word weer opgegrawe. Hulle vee wei weer ná byna twee jaar in Basoetoland vet en gesond op die plaas. Haar vader verleen dikwels hulp aan bure wat minder gelukkig is en Anna vertel talle verhale van tuiskoms, skade en 'n nuwe begin.

Sy besin ook dikwels oor die "mengelmoes waaruit ons samelewing gaan bestaan" (101). In Basoetoland reeds het haar ouers bespiegel oor "hoe moeilik en ingewikkeld die samelewing nou sal wees. [...] Die gruwelike oorlog sal nog baie wrang vrugte dra en daar sal 'n ongekende verdeling ontstaan onder die Boerebevolking op die platteland. Die vreedsame, gelukkige samelewing van die ou Republikeinse dae, toe nooit aan politieke en rasseverskille gedink is nie, is saam met ons onafhanklikheid verlore," skryf Anna (96). Hulle verneem van "Bittereinders" en "wilde Boere" wat besluit het om 'n spesiale knopie te dra wat hulle van die "hensoppers", die "vlugteling" en die "Khaki-boere" of "National Scouts" sal onderskei. Anna skryf op 27 Oktober 1902 hieroor: "Dit is baie jammer want ons moet tog almal saam worstel om ons land weer op te bou en ons kan dit nie doen as ons verdeeld is nie. O, die vloek wat die oorlog nalaat!" (109).

3. Tweede vertelmoment: die publikasie van Ons Japie

Ná die oorlog het doelbewuste en volgehoue pogings deur politieke leiers uiteindelik begin lei tot versoening tussen die verskillende groepe waardeur "rou oorlogswonde gaandeweg geheel is en die bittere gevoelens deur vergewensgesindheid en verdraagsaamheid getemper is" (Eloff, 1985: 4). Anna Barry het skynbaar besef dat 'n uitgawe van haar dagboek toe aanvaarbaar sou wees. (17) Die publikasie van Ons Japie sestig jaar nadat dit geskryf is, moet daarom myns insiens teen die agtergrond van 'n groter konteks gelees word: die jaar 1960 toe die wrywing tussen hendsoppers en bittereinders begin wegval het ten tyde van die viering van die halfeeufees van die Unie van Suid-Afrika (18) en toe die land al op die drumpel gestaan het van

Republiekwording in Mei 1961. (19) Dit is moeilik om te sê in watter mate Anna Barry self in daardie stadium republikeins-gesind was, maar die feit dat sy Afrikaanse Pers-Boekhandel bereid gevind het om haar dagboek uit te gee, is myns insiens wel 'n aanduiding van toleransie vanuit die Afrikaner-establishment jeens 'n geskrif uit voormalige hendsopper-geledere.

Die titel, Ons Japie. Dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog, sowel as die opdrag ("Opgedra aan die nagedagtenis van my broer Japie Barry wat op 23 Desember 1900 op 17-jarige leeftyd as krygsgevangene in Ceylon oorlede is") dui op Anna Barry se behoefte om die één lid van die gesin wie se identiteit as "lojale Boer" nie bevraagteken kan word nie, voorop te stel. Sy noem die oorlog in haar inleiding die "Tweede Vryheidsoorlog" – 'n duidelike aanduiding van haar persoonlike lojaliteit. Anna Barry gebruik haar nooiensvan as outeursnaam maar sy sluit die "Ter inleiding" van anderhalwe bladsy wel af met die dubbele ondertekening van sowel haar getroude as haar meisiesnaam: "J.M.C. Reitz (Anna Barry)". Hiermee volg sy nie gewoon die konvensie van die tyd om as getroude vrou haar man se naam te vermeld nie, maar demonstreer sy tegelykertyd haar persoonlike "goeie" alliansie deur haar inlywing by een van die beroemde Afrikaner-families uit die dae van die Vrystaatse Republiek op die voorgrond te stel. Haar man, Charlie Reitz, was 'n broerskind van F.W. Reitz, die president van die Oranje-Vrystaat voor president Steyn. Sy neef Deneys Reitz se dagboek Commando is een van die bekendste egodokumente uit die Anglo-Boereoorlog. (20) Vir Anna Barry sou 'n huwelik met Reitz dan ook sekerlik 'n verhoogde status in die na-oorlogse Afrikaner-gemeenskap beteken het. Anna Barry gebruik die private domein van haar dagboek as 'n argivariese ruimte waaruit sy haar eie geskiedenis en die ambivalensies daarvan aanbied sodat haar dagboek as 'n familieargief beskou kan word, 'n bewysbron van die lewe wat die gesin tydens die oorlog gelei het. Uit korrespondensie met haar seuns en ander familielede (21) blyk duidelik dat die dagboek in manuskripvorm reeds voor publikasie bekend was in die familiekring.

In die tipografiese aanbod van die dagboek word die jare wat die oorlog geduur het benadruk: 1899 (1), 1900 (5), 1901 (44), 1902 (81), met ter afsluiting nog enkele dae in 1903 (113). Die plekke waar sy haar in hierdie jare bevind, is die oorkoepelende indelingskategorie van die dagboek en dit blyk dat Anna Barry se plek in haar gesin en die distrik waaruit sy gekom het van groot belang was vir haar identiteitsbesef. Haar verhaal begin en eindig op die familieplaas. Onder die opskrif "Abrikooskop" word 'n periode van byna twee jaar op die plaas beskryf vanaf 26 September 1899 (1) tot 10 September 1901 (69). In die kort afdeling getitel "Ficksburg" volg inskripsies van ongeveer twee weke, 29 September 1901 (70) tot 13 Oktober 1901 (74). Daarna volg die afdeling "Basoetoland" waarin Anna se agt maande lange verblyf daar beskryf word vanaf 16 Oktober 1901 (74) tot 18 Junie 1902 (96). Die terugkoms op die plaas vorm die sluitstuk van die dagboek. Die laaste afdeling dra weer die naam "Abrikooskop" waardeur die tuiskoms benadruk word. Dit strek vanaf 23 Junie 1902 (96) tot 13 Januarie 1903 (114).

In die Vrystaatse Argiefbewaarplek is slegs enkele bladsye van die

oorspronklike handgeskrewe dagboek bewaar. (22) Anna Barry se skrif loop, weens papierbesparing, kruis en dwars oor die bladsy in 'n rasterpatroon. Of die meeste ander oorspronklike bladsye vernietig is of toevallig verdwyn het, weet ek nie. Daar is wel 'n handskrifkopie wat klaarblyklik veel later deur Anna Barry self oorgeskryf is. Dan is daar ook nog 'n getikte kopie wat in allerlei opsigte verskil van die meer onlangse handgeskrewe kopie. (23) Sonder intensiewe argiefondersoek is dit onmoontlik om te sê in watter mate die dagboek inhoudelik verander het tussen die eerste moment van vertelling (1899-1903) en die publikasie daarvan (1960). In watter mate Anna Barry selfsensuur toegepas het tussen die verskillende vertelmomente, kan wel vir 'n gedeelte van die dagboek vasgestel word met 'n moeisame vergelykende ondersoek. (24)

Oor die waarheidsgehalte van haar dagboek skryf Anna Barry self in haar inleiding die volgende:

Die dagboek maak geen aanspraak op absolute historiese juistheid nie. Wat ek self beleef het, is outentiek, maar my verhale van hoorsê is hoorsê, en het later soms geblyk onwaar te wees. Die foutiewe verhale het ek egter nie by die oorskryf verander nie, want dit sou 'n verkeerde beeld skep van ons lewe in die dae. Die onbetroubare stories en riemtelegramme wat ons bereik het, was per slot van rekening deel van ons lewe soos ons dit ervaar het. Dit is uit die teks van die dagboek in ieder geval duidelik wanneer ek praat waarvan ek weet, wanneer ek inligting uit 'n betroubare bron herhaal en wanneer ek blote gerugte aangeteken het (ongenommerde bladsy).

3.1 Taal

Anna Barry het advies en hulp van ander mense gehad by die publikasie van haar dagboek. In haar inleiding (een en 'n half ongenommerde bladsye) bedank sy byvoorbeeld "dr. J.J. Oberholtser van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat [...] vir die moeite wat hy geneem het om hierdie werk persklaar te maak". Hy het waarskynlik veral met die Afrikaanse taalvorm gehelp. Haar dagboek is uiteindelik in Afrikaans gepubliseer, maar dit is die derde taal wat in verband met die dagboek ter sake is. Uit korrespondensie met haar seuns kort na die publikasie van *Ons Japie*, wat trouens in Engels gevoer word waaruit blyk dat Engels weer eens Anna Barry se gemaklikste skriftelike kommunikasie-middel geword het, blyk dat die seuns die "goeie Afrikaans" waarin die dagboek oorgeskryf is, besonder vind en as 'n aanwinst beskou. Taal, wat reeds 'n belangrike rol gespeel het in Anna se ontwikkelende selfbeeld tydens die eerste vertelmoment van haar dagboek tussen 1899 en 1902, is dus weer van belang tydens die tweede vertelmoment. Anna Barry verduidelik in haar inleiding dat die Barry's Vrystaatse Republiekeine was, (25) maar "(v)oor die oorlog was ons huistaal Engels en daarom het ek dan ook gedurende die eerste maande my dagboek in Engels gehou". Engels was nie net die Barry's se huistaal nie, maar was trouens by talle Republikeinsgesinde Vrystaatse families teen die einde van die negentiende eeu gebruiklik. (26)

"Nadat oom Japie de Villiers op Platrand gesneuwel het en ná die vernederende behandeling wat ons van die Britse troepe ontvang het, het daar egter by my so 'n bitter gevoel ontstaan dat ek na Nederlands oorgeslaan het."

Reeds op 7 Januarie 1900 (5) het die Barrys die nuus van oom Japie se dood ontvang sodat ons mag aanneem dat slegs 'n baie klein gedeelte van die oorspronklike dagboek in Engels geskryf is en dat Anna Barry haar hele dagboek verder in Nederlands geskryf het. Op versoek van haar moeder wat die dagboek eers jare na die oorlog gelees het, moes sy "belowe (...) om dit in 'n leesbare vorm" oor te skryf, "sodat ons familie dit as 'n nagedagtenis aan my broer kon hê." Sy skryf dan: "Dit het ek onlangs gedoen sonder om aan die wese of die inhoud te toring. Ek het dit slegs in Afrikaans oorgeskryf en 'n paar sinne weggelaat, wat die gevoelens van ander families kan krenk". [\(27\)](#)

3.2 "Woord vooraf"

Hierdie dagboek word nie soos die meeste ander vroue-egodokumente deur manlike outoriteitsfigure soos kommissarisse van ede of dominees en magistrate ingelei wat die waarheidsgehalte daarvan moet sanksioneer nie. Hier is slegs 'n onpretensieuse "Woord vooraf" (een en 'n half ongenommerde bladsye) deur "Trudie Kestell" wat weliswaar 'n predikantsdogter was. [\(28\)](#) Dat Trudie Kestell verwys na die "hegte vriendskapsband tussen die twee families" moes Anna Barry deug gedoen het omdat die Kestells bekende bittereinders was. Trudie Kestell vind dit "merkwaardig dat die jong meisie dit volgehou het om die dagboek te skrywe." Dit lyk asof Kestell die moeite wat dit Barry moes gekos het om die manuskrip te ontsyfer en oor te skryf hoog ag: "Dit moes 'n reuse taak gewees het om dit oor te skryf". Op 'n naïewe toon verwys sy na kamee's in die dagboek ("Dit maak seer om die kalwertjies in die nag te hoor", "Arme mnr. Clark se valstande word uit die glas in sy slaapkamer gesteel", "Siek oom Andries slaap met 'n byl langs hom – later lê 'n byl langs Moeder se Bybel"), en sy spreek die belangrike versoenende bede uit dat die verskillende groeperinge "almal sal bure wees". Haar "Woord vooraf" is 'n demonstrasie hiervan.

3.3 "Ter inleiding"

Anna skuif, ten spyte van die fokus in die titel op haar broer Japie, haar moeder na vore as "Boereheldin" in die "Ter inleiding" (een en 'n half ongenommerde bladsye). In vergelyking met soveel "volksmoeders" wat in die meeste Boereoorloggeskrifte na vore kom as martelaarsfigure wat "bittere lydingskelke" geledig het, is dit duidelik dat Anna Barry met moeite 'n helderol vir haar moeder bymekaar kan skraap. In 2.2 het ek reeds daarop gewys dat Anna haar moeder dikwels beskryf as die vrou wat volgens haar vader die meeste beskerming nodig gehad het. Anna beskryf dikwels dat haar moeder maer en siek van kommer is.

Deurentyd kom mevrou Barry as 'n godvresende en gekultiveerde vrou na vore wat baie gesteld was daarop dat Anna as oudste dogter steeds sou "skoolhou" vir haar jonger susters. Sy roem haar moeder dus nie op grond van 'n

lydingsgeskiedenis nie, maar heel sober skryf sy:

Dat my moeder as Boereheldin uit die verhaal te voorskyn sou tree, kon sy nooit beseef het nie. Ek noem maar een voorbeeld: te midde van die oorlogsmoeilikhede het sy gesorg dat haar drie dogters geestelik nie verwaarloos nie. Sy het aan my, die oudste, opdrag gegee om in die ou boeke van my broer te studeer en dan my bymekaargeskraapte kennis aan my susters oor te dra. Die "skooljuffrou" en die leerlinge het almal steen en been gekla, en eers veel later in ons lewe het ons beseef dat die nuttige arbeid op vasgestelde tye ons redding was (bladsynommer – nie beskikbaar nie).

Dat die "redding" van haar en haar susters veral figuurlik opgeneem moet word, is duidelik vir diegene wat die dagboek lees.

3.4 Bylaes

Agter in die boek verskyn drie bylaes (114-118). Die eerste is 'n uitvoerige uiteensetting van Anna Barry se voorouers aan vaders- én aan moederskant. Alhoewel albei haar ouers uit beroemde Kaapse families stam (die vader van die Swellendamse Barry's wat met Van Reenen- en Van Breda-vroue getroud is; haar moeder van die Becks en de Villiers' uit die Boland), is dit opmerklik dat Anna Barry veral klem plaas op die rol wat haar direkte grootvaders in die Vrystaat tydens die Basoeto-oorloë gespeel het. Toe was daar immers nog geen sprake van verdeelde lojaliteite nie en veral die De Villiers' en aangetroude Keyters is ryklik met grond beloon vir hulle aandeel aan dié oorloë. Die tweede bylaag is 'n brief van J. Wille, 'n vriend van Japie. Hy het dit in die Diyatalawa-kamp op Ceylon op 28 Mei 1901 in Nederlandsagtige Afrikaans geskryf en hy vertel uitvoerig oor die omstandighede van Japie se sterfbed. Die derde bylaag is 'n beskrywing van 'n besoek wat Anna Barry en haar man (sy gee geen besonderhede oor hom nie) aan Japie se "eensame graf" by die Diyatalawa-kamp gebring het. Die besoek was "agt-en-dertig jaar na Japie se dood", dus waarskynlik in 1938. (29) Sy beskryf die reis soontoe, die kranse blomme wat hulle saamneem, 'n Sinhalese man wat Japie nog onthou en die foto's wat 'n fotograaf van haar en haar man by die graf neem.

Die grafsteen is ná die oorlog deur haar vader laat oprig, maar Anna was die enigste van die familiekring wat die voorreg gehad het om die graf te kon besoek. Sy was "diep ontroerd en het bitter geween". Die laaste sin is "Vaarwel Japie!

Maar nooit sal ons jou vergeet nie" en sy onderteken haar roerende verslag en ook die boek as "Anna Barry". Hiermee benadruk sy ten slotte haar rol in die Barry-gesin saam met haar moeder, vader, broer en susters.

3.5 Foto's

In Ons Japie is vier familiefoto's en 'n tekening. Die boek is dus ook 'n klein

familiefoto-album. In die lig van die geskiedenis wat in Anna Barry se dagboek vertel word, dra die foto's 'n emosionele gewig alhoewel daar niks in die foto's self is wat die ingewikkelde geskiedenis van verlies onthul wat met hulle saamhang nie. Sy gebruik foto's van haar gesinslede soos wat hulle kort voor of ná die oorlog moes gelyk het sodat sy die foto's duidelik in die narratiewe konteks van haar dagboek plaas. Foto's is 'n belangrike skakel tussen direkte familieherinnering en wat Hirsch (2002: 17) "postmemory" noem, tussen wat ek hier die eerste en die tweede vertelmoment noem. Hirsch (2002: 5) skryf oor die konservering van familieherinneringe deur foto's: "Family is structured by desire and disappointment, love and loss. Photographs, as the only material traces of an irrecoverable past, derive their power and their important cultural role from their embeddedness in the fundamental rites of family life." In Hirsch se terminologie sou sulke foto's as die ondersteuning van 'n soort familiemitologie gesien kan word:

[...] an image to live up to, an image shaping the desire of the individual living in a social group. This myth or image – whatever its content may be for a specific group – dominates lived reality, even though it can exist in conflict with it and can be ruled by different interest. It survives by means of its narrative and imaginary power, a power that photographs have a particular capacity to tap. I would like to suggest that photographs locate themselves precisely in the space of contradiction between the myth of the ideal family and the lived reality of family life (Hirsch, 2002: 8).

Anna Barry se gebruik van die foto's ondersteun die imago wat sy van haar familie wil projekteer: as waardig, sterk en trots. Heeltemal voor in die boek is 'n formele vollengte ateljeefoto van 'n ernstig-kykende mooi jongman met die onderskrif "Ons Japie". Dit is waarskynlik geneem nadat hy in 1898 aan die Victoria College op Stellenbosch gaan studeer het. Met Susan Sontag (1989: 70) se uitspraak in gedagte dat alle foto's "memento mori" is, dat dood en lewe gelyktydig in foto's teenwoordig is, is Japie se foto 'n treffende inleiding tot die boek. Sontag stel tereg: "Photographs state the innocence, the vulnerability of lives heading toward their own destruction and this link between photography and death haunts all photo's of people". Verder is daar 'n vollengte ateljeefoto van 'n slanke en waardige "Moeder" (teenoor p. 20), 'n portret van 'n ernstig-kykende "Vader" (teenoor p. 50), 'n groepsportretfoto van "Drie susters" wat almal besonder aantreklik is (teenoor p. 80) en 'n waterverftekening met die onderskrif "Woonhuis. Die huis se strooidak is na die oorlog verwyder" (teenoor p. 94).

Die foto's en tekening ondersteun die beeld wat Anna Barry steeds in haar dagboek sentraal stel van die familie op die familieplaas as weliswaar 'n kragtige sentrum, maar wat blootgestel staan aan die historiese en kulturele aanslae van die tyd. Die huisgesin wat tradisioneel die laaste bastion van beskerming teen oorlog, verwerping, verbanning en kulturele "displacement" behoort te wees, blyk uit die eerste moment van vertelling, die verhaal van haar dagboek, weerloos soos alle gesinne. Slegs tydens 'n tweede moment van

vertelling kan die familie se identiteit mede deur middel van foto's geherstruktureer en in 'n geïdealiseerde vorm bestendig word.

4. Slot

Deur twee vertelmomente van Anna Barry se dagboek te onderskei wil ek aantoon dat sy in 1960 'n ander beeld of mite van haar familie kon skep as wat moontlik was direk na afloop van die oorlog. Sestig jaar ná die eerste vertelmoment struktureer sy 'n kader waaruit haar soeke na eenheid of kohesie duidelik blyk, iets wat volgens teoretici soos Gilroy (1997) en Woodward (1997) tipies van selfrepresentasie is. Met hierdie kader, bestaande uit titel, bylaes en foto's, slaag Anna Barry daarin om eerherstel vir die familie te beding sonder dat sy haar familie se ingewikkelde rol en posisie tydens die oorlog in die hoofteks verdoesel. Deur haar opgetekende verslag van die belewenisse van haar en haar ouers, broer en susters, van familie en vriende te publiseer, beding Anna Barry uiteindelik vir haarself en die hele gesin 'n plek in die geskrewe geskiedenis, op die kruispunt tussen die private en die openbare terrein, die persoonlike en die politieke. [\(30\)](#)

Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam.
"Honorary Professorial Research Fellow" – Universiteit van die Witwatersrand

Bibliografie

Barry, Anna. 1960. *Ons Japie*. Dagboek gehou gedurende die Driejarige Oorlog. Johannesburg & Kaapstad: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Bourdieu, Pierre. 1986. *L'illusion biographique*. *Actes de la Recherche en Sciences Sociales*, janvier. 62/ 63: 69-72.

Bradford, Helen. 2002. *Gentlemen and Boers. Afrikaner Nationalism, Gender, and Colonial Warfare in the South African War.* In: Cuthbertson, Greg, Albert Grundlingh en Mary-Lynn Suttie, (reds.). 2002. *Writing a Wider War. Rethinking Gender, Race, and Identity in the South African War, 1899-1902*. Athens, Ohio: Ohio University Press, 37-66.

Carroll, Lewis. 1972. *The Annotated Alice. Alice's Adventures in Wonderland and Through the Looking-Glass. With an Introduction and Notes by Martin Gardner*. Harmondsworth: Penguin Books.

Coetzee, Christoffel. 1998. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Kaapstad: Queillerie.

Coetzer, Owen. 2000. *Fire in the sky. The destruction of the Orange Free State*

1899- 1902. Weltevreden Park: Covos-Day Books.

Eldredge, Elizabeth A. 1993. *A South African Kingdom. The pursuit of security in nineteenth-century Lesotho.* Cambridge: Cambridge University Press.

Eloff, C.C. 1985. Vrystaatse vlugtelinge in Basoetoland tydens die Anglo-Boereoorlog. *Military History Journal*, 6:5. Op 5/25/03 van internet gehaal.

Gilroy, Paul. 1997. *Diaspora and the detours of Identity.* In: Woodward, Kathryn. (red.). *Identity and Difference.* London: Sage Publications, 299-343.

Giliomee, Hermann. 2003. *The Afrikaners. Biography of a People.* London: Hurst & Company.

Groenewald, Coen. 1992. *Bannelinge oor die oseaan. Boerekrygsgevangenes 1899- 1902.* Pretoria: J.P. van der Walt.

Grundlingh, A.M. 1979. *Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad.* Pretoria & Kaapstad: H.A.U.M.

Grundlingh, A.M. 2002. *The National Women's Monument: The Making and Mutation of Meaning in Afrikaner Memory of the South African War.* In: Cuthbertson, Greg, Albert Grundlingh en Mary-Lynn Suttie, (reds.). 2002. *Writing a Wider War. Rethinking Gender, Race, and Identity in the South African War, 1899-1902.* Athens, Ohio: Ohio University Press, 18-36.

Hall, Stuart. 1990. "Cultural identity and diaspora". In Rutherford, J. (red.). 1990. *Identity: community, culture, difference.* Londen: Lawrence & Wishart.

Hamilton, Carolyn. 1999. *Where is the border now? The new politics of identity in South Africa.* In: Rosler, Michael en Tobias Wendl (reds.). *Frontiers and borderlands: anthropological perspectives.* New York: Peter Lang.

Harlow, Barbara. 1987. *Resistance Literature.* New York: Methuen.

Hirsch, Marianne. 2002. *Family Frames. Photography, Narrative and Postmemory.* Cambridge, Massachusetts & London: Harvard University Press.

Hobhouse, Emily. 1902. *The Brunt of the War and Where it Fell.* London: Methuen.

Hobhouse, Emily. 1927. *War Without Glamour. Women's War Experiences Written By Themselves, 1899-1902.* Bloemfontein: Nasionale Pers.

Jansen, Ena. 1998. "Eene eeuw van onrecht" – De etische en esthetische problemen van getuigenverklaringen. Van Johanna van Warmelo tot Antjie Krog. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 5(2): 113-127. Sien ook die "Addendum" met note in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 1999, 6 (1):

120- 128.

Jansen, Ena. 1999. "Ek ook het besluit om van my bittere lydingskelk te vertel." Het meervoudige (post) koloniale vertoog in autobiografiese vrouwentekste over de Zuid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 6 (2): 162-186.

Kestell, J.D. [1903]1976. *Through Shot and Flame. Met de Boerenkommando's*. Volume 8. Johannesburg: Africana Reprint Library.

Krebs, Paula M. 1999. *Gender, Race, and the Writing of Empire. Public Discourse and the Boer War*. Cambridge: Cambridge University Press.

Marais, Pets. 1993. *Penkoppe van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*. Pretoria: J.P. van der Walt.

Marais, Pets. 1999. *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Pretoria: J.P. van der Walt.

Mercer, K. 1990. "Welcome to the jungle." In J. Rutherford (red.). 1990. *Identity: community, culture, difference*. Londen: Lawrence & Wishart.

Murray, Colin. 1992. *Black Mountain. Land, class and power in the Eastern Orange Free State 1880s-1980s*. Edinburgh: Edinburgh University Press. International African Library.

Neethling, E. 1938. *Mag ons vergeet?* Kaapstad: Nasionale Pers.

Nijhoff, Gerhard. 2000. *Levensverhalen. Over de methode van autobiografisch onderzoek in de sociologie*. Amsterdam: Boom.

Plaatje, Sol. [1916]1982. *Native Life in South Africa. Before and since the European War and the Boer Rebellion*. Johannesburg: Ravan Press.

Postma, M.M. 1939. *Stemme uit die verlede*. Johannesburg & Pretoria: Voortrekker Pers.

Pretorius, Fransjohan. [1991]1999. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad ens.: Human & Rousseau.

Schoeman, Karel (red.). 1989. *The Early Days of the Orange Free State*. Charles Warden, W.D. Savage, Martha Jane Kirk. Cape Town & Pretoria: Human & Rousseau. *Vrijstatia* 10.

Schoeman, Karel (red.). 1992. *The British Presence in the Transorange 1845-1854*. Cape Town & Johannesburg: Human & Rousseau. *Vrijstatia* 13.

Scholtz, G.D. 1936. *Die konstitusie en die staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902*. Amsterdam: N.V. Swets & Zeitlinger Boekhandel &

Uitgeversmaatschappij.

Sontag, Susan. 1989. *On Photography*. New York: Anchor Doubleday.

Stanley, Liz. 2002. Women's South African War Testimonies: remembering, forgetting and forgiving in *Should We Forget?* *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 9(1): 95-118.

Thorp, Carolyn R. 2000. *Hunter-gatherers and farmers: an enduring frontier in the Caledon Valley, South Africa*. Oxford: Archaeopress.

Van Niekerk, Annemarié. 2001. "Finding my own voice"? Women's ego texts from the South African War – a genre exploration. *Stilet*, XIII (2): 103-122.

Warwick, Peter. 1983. *Black People and the South African War 1899-1902*. Johannesburg: Ravan. Cambridge: Cambridge University Press.

Winterbach, Ingrid. 2002. *Niggie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Woodward, Kathryn. 1997. *Identity and Difference*. London: Sage Publications.

(1) Danksy steun van die Van Ewijck Stigting vir navorsingsaktiwiteite van die Bijzondere hoogleraar Afrikaanse letterkunde in Amsterdam kon ek 'n ondersoeksreis na Ficksburg en Bloemfontein in Junie 2003 onderneem. My hartlike dank aan die historikus en plaasboer mnr. Felix Sorour van die distrik Ficksburg vir sy gasvryheid en die waardevolle gesprek wat ek met hom gevoer het op 13 Junie 2003, vir die vriendelike ontvangs deur die MacKaskill-gesin wat tans in "die onderste plaashuis" op Abrikooskop woon, advies van Marlene Israel, bibliotekaresse op Ficksburg, en die hulp van die personeel van die Letterkundige Museum (veral Ena van der Walt en Erika Terblanche) en van die Vrystaatse Argiefbewaarplek (veral Ferdi Wheeler). My dank aan Pamela Pattynama wat my op die reis vergesel het. Verder dank ek twee anonieme keurders vir hulle waardevolle wenke.

(2) Die konvensie van dagboek-hou was sekerlik by geletterde mense soos die Barry's goed bekend. Bowendien was dit moontlik dat Anna selfs Lewis Carroll se *Alice's Adventures in Wonderland* uit 1865 geken het. Haar impuls om eers in oorlogstyd 'n dagboek te hou, sluit naamlik goed aan by die volgende aanhaling uit Alice: "The horror of that moment, the King went on, I shall never, never forget!" "You will, though," the Queen said, "if you don't make a memorandum of it" (Carroll, 1972: 189-190).

(3) Barbara Harlow stel in *Resistance Literature* (1987) dat tekste wat ten tye van onderdrukking en gevangenskap geskryf word, dus onder uitsonderlik beperkende omstandighede, 'n manier is waarop vroue toegang kry tot die

geskiedenis en tot mag. Harlow betoog dat vroue wat onder sulke omstandighede skryf 'n belangrike vorm van subversie uitoefen deur die ondermyning van die ek, die heilige subjek van die outobiografiese vertelling. In plaas daarvan dat hulle die individuele, burgerlike outeur vooropstel, word 'n kollektiewe outeursentiteit gekonstrueer, 'n soort kollektiewe bewussyn wat "outoriteit/ outeurskap" gee aan die identiteit van die individuele skryfsters wie se getuienisse in druk verskyn (sien Harlow, 1987: 120 en Jansen, 1999: 166). In verband met die Boerevroue se tekste glo ek nog steeds dat dit geld vir die versamelboeke. Kaplan omskryf ingrypende historiese omstandighede met behulp van die noemers "politics of location" en "discourse of situation" (sien Jansen, 1999: 170). Tekste wat onder duidelik dieselfde gemarkeerde omstandighede soos die kampe in die Anglo-Boereoorlog geskryf is, het sekerlik onderling veel ooreenkomste, maar Barry se dagboek het my daarvan oortuig dat 'n mens tog versigtiger moet wees met die konstruksie van monolitiese kategorieë omdat ander meer individuele tekste anders ook uit die outobiografiese vertoog van sogenaamde "outlaw genres" uitgesluit kan word.

(4) Van Warmelo het twee boeke oor haar oorlogservaringe geskryf waarin sy haarself onderskeidelik as lydend en as heldhaftig op die voorgrond stel: Het concentratiekamp van Irène (1905) oor haar rol as verpleegster en Die Kappie Kommando of Boervrouen in Geheime Dienst (1912, vertaal as The Petticoat Commando, 1912), oor haar rol as spioen (sien Jansen, 1998).

(5) Sien Grundlingh (in Cuthbertson, 2002: 18-36) se "gelaagde analise" van die "boodskap" van die Vrouemonument.

(6) Ceylon word tans Sri Lanka genoem en Basoetoland heet Lesotho.

(7) Oor die belang van grense in Suid-Afrika word tans heelwat geskryf. Vergelyk Hamilton (1999) en Thorp (2000).

(8) Tydens talle Basoeto-oorloë wat reeds voor Anna Barry se geboorte plaasgevind het, die eerste was in 1858 en die tweede in 1865, het die grense gereeld verskuif en die strydende partye het telkens weer oor die nuwe grense getrek om vee te steel of terug te steel. In 1866 is tydelik vrede gesluit. Die Basoeto is uiteindelik gedwing om beskerming van die Britse kroon te vra en op 12 Maart 1868 is Basoetoland deur Groot-Brittanje geannekseer. Vyandighede is formeel beëindig op 12 Februarie 1869, maar veral droogtes sou telkens, byvoorbeeld in 1877 en 1880-81, lei tot onrus op die grense (Schoeman, 1989: 81 en Eldredge, 1993: 79). Tydens die 1890's was die omstandighede weer sleg. Albei groepe was uitgeput deur droogtes, maar presies tydens die jare van die Anglo-Boereoorlog was omstandighede besonder gunstig in Basoetoeland. Die verwarrende omstandighede in die hele gebied van suidelike Afrika op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog het ook dadelik die onstabiele vrede tussen die twee gebiede ontwig.

(9) Alhoewel Basoetoland tydens die 1890's geteister is deur spinkaanplae, runderpes, droogte en 'n burgeroorlog tussen Masupha en Lerotholi, het omstandighede dramaties verbeter. Teen 1900 was die landbouomstandighede

in Basoetoland uitstekend en die oeste in die jare 1900 en 1901 was uiters suksesvol. Feitlik sonder uitsondering het vlugteling na Basoetoland soveel vee, graan en ander besittings as moontlik met hulle saamgeneem om te verhoed dat dit deur Boeremagte of Britse troepe opgekommandeer word (Eloff 1985:1). Die geweldige toevoer van vee – Eloff vermeld 138 127 stuks, waaronder meer as 20 000 beeste, 110 000 skape, byna 5 000 bokke en meer as 2 000 perde – het uiteindelik tot oorbeweiding asook die uitbreek van veesiektes gelei. Bowendien was die winter in 1902 vroeg en besonder straf. Die gevolg was dat toe die vlugteling-Boere vanaf Junie 1902 begin teruggaan het na die Vrystaat, Basoetoland in 'n erbarmlike toestand was. Vir die eerste keer ooit moes in 1903 voedsel ingevoer word: "Regional politics entailing war and dispossession, colonial rule and taxation, had undermined the once successful BaSotho agricultural economy. The BaSotho continued to sell their grain to meet an increased tax burden, so that grain continued to be exported, but Lesotho, once the grain basket of the Cape Colony and Orange Free State, was no longer self-sufficient in food production." (Eldredge, 1993: 81).

(10) In haar artikel "Gentlemen and Boers: Afrikaner Nationalism, Gender, and Colonial Warfare in the South African War" gee Helen Bradford (in Cuthbertson e.a., 2002: 37-66) 'n boeiende uiteensetting van die gevolge vir die gang van die oorlog van Boere-mans se verknogtheid aan hulle plase en gesinne. Met verwysing na generaal J.C. Smuts wat reeds tydens die oorlog daarop gewys het dat "the Boers are an intensely domestic people", motiveer sy waarom so baie ouer mans nie bereid was om voort te gaan met die oorlog nie vanuit hulle behoefte om gesinne en eiendomme te beskerm. "Penkoppe" kon veel makliker voortgaan om die oorlog as 'n avontuur te beskou en selfs te gebruik "to assert their virility" (47). Die feit dat vroue dikwels veel strydlustiger as hulle mans was, is uit talle bronne bekend. Vergelyk Bradford se samevatting: "Troops began expressing unease about the depth of female hatred, warning that the "Boer woman – strong, fierce, and uncompromising – is a force to be reckoned with"". Bradford voeg by: "A longer historical perspective is badly needed to explain what contemporaries saw: anti-imperialism had a gender gap." (47). Sy wys ook daarop dat vroue se "subpolitieke" status ironies genoeg aan hulle groter politieke vryheid gegee het: "Women did not have to take oaths of neutrality or surrender their guns" (48). Hulle aansien in die maatskappy het uiteraard wel afgehang van hulle mans se beslissings om wel of nie te veg nie.

(11) Ongeveer 26 000 Boerevroue en -kinders het in konsentrasiekampe gesterf. Dit was ewe veel as alle Britse en Boeresoldate saam wat op sowel die slagveld as in krygsgevangenekampe gesterf het. Volgens die amptelike Britse syfer het iets meer as 14 000 swart Suid-Afrikaners in kampe omgekom.

(12) Alhoewel Anna, haar moeder en susters alles in hulle vermoë doen om Boeretroepe by te staan wat die plaas besoek, is daar in die gepubliseerde weergawe van die dagboek geen sprake van die "depth of female hatred" en 'n terugjaag van die mans na die front soos wat soms voorgekom het nie (sien Bradford, 2002:48).

(13) Sien Bradford (2002: 46-47) vir 'n bespreking van die feit dat historici van mening was dat die meeste bittereinders plaasbesitters sou gewees het en hendsoppers veral landlose Afrikaners. Sy skryf: "Yet contemporaries failed to see a pattern of landed men staying on commando. They, unlike historians, noticed confiscation of property and the prominence of notables among those who fled or surrendered. Many wealthy farmers, officers, and middle-class men were the first to abandon the cause, they commented."

(14) Japie was een van die Royal Turks, 'n groep van 17 jongmanne onder korporaalskap van Roelof van der Merwe. Marais (1993: 68) skryf: "[D]it is [...] baie moontlik dat hulle as penkopgroepie bly bestaan het tot hulle in Augustus saam met die groot groep manskappe onder generaal Marthinus Prinsloo by Moolmanshoek in die Brandwaterkom oorgegee het, want Anna skryf in daardie maand dat hulle familie nie kon glo dat Japie en sy besondere vriende, wat sy by die naam noem, sou oorgee nie. Generaal Marthinus Prinsloo het op 29 Julie 1900 oorgegee, en daarna het verskeie groepies en individue in die begin van Augustus sy voorbeeld gevolg."

(15) Marais (1999: 255) wys daarop dat die kwelling van mans wat die Eed van Neutraliteit gesweer het, en soms weer verbreek het, 'n "sielestryd" was. Anna Barry sou dus in haar eie kwelling oor die daede van haar ooms veral "uit godsdienstegevoel redeneer, nie uit vaderslandsliefde nie. Omdat die Here hierby betrokke was, het dit nie by hulle opgekom dat 'n eed wat onder dwang afgelê is, nie geldig was nie, ook volgens die Haagse Konvensie."

(16) Die illusie van 'n kollektiewe martelaarsgeskiedenis vir alle Afrikanervroue is gevoed deur die wyse waarop soveel vroue oor die moment waarop hulle plaashuise vernietig is en hulle die plaas moes verlaat vertel het in "oral history"-onderhoude en skriftelike beëdigde getuienisverklarings, dikwels volgens 'n voorgeskrewe stramien. Sien Emily Hobhouse se beroemde boeke *The Brunt of the War and Where It Fell* (1902) en *War without Glamour or: Women's War Experiences written by Themselves, 1899-1902* (1927), asook E. Neethling se *Mag ons vergeet?* (1938) en M.M. Postma se *Stemme uit die verlede* (1939).

(17) Sy het selfs die waardering gekry van die goewerneur-generaal van Suid-Afrika, C.R. Swart. In dié verband spreek 'n brief wat Anna Barry aan haar seun in Pretoria skryf op 11 Junie 1960 boekdele: "My beloved Son – Thanks again for your praise of "Ons Japie" it is so rewarding. It has been a colossal undertaking for me – lack of ability, a very full life at home, & odd moments all too often interrupted are not conducive to writing." In 'n volgende artikel skryf ek meer hieroor.

(18) Versoening tussen bittereinders, joiners en hendsoppers het waarskynlik eers heeltemal weggeval toe die laaste van die bittereinders of hulle onmiddellike nasate in die jare tagtig oorlede is.

(19) Giliomee (2003: 519-532) skryf uitgebreid oor die jare nadat H.F. Verwoerd in 1958 aan bewind gekom het. Om 'n indruk van die tyd te kry, is

die volgende paragraaf op p. 525 van belang: "In the third quarter of 1960 Afrikaners were caught up in enthusiasm generated by the referendum on a republic that Verwoerd called for October. Verwoerd had taken a huge risk because the NP had not yet secured the majority of votes in any general election, but he never seemed to doubt victory. He sensed that almost all Afrikaners supported a republic, as did quite a minority of English-speakers [...]. Verwoerd argued that only a republic could bring about white unity, which, in turn, was imperative for an effective response to the racial problem. When republican supporters scored a narrow majority of 74,600 votes, Verwoerd told a victory celebration that the whites were now a united people: "We have risen above pettiness and selfishness ... The English-speaking and the Afrikaans-speaking sections have become like the new bride and bridegroom who enter upon the new life in love together and to live together as lifemates."

[\(20\)](#) Uit aantekeninge van Charles John Hobern Reitz in die Vrystaatse argief blyk dat hy by die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog as prokureursklerk in Bloemfontein gewerk het en 'n tyd lank president Steyn se persoonlike sekretaris was. Alhoewel ook hy die eed van neutraliteit afgelê het toe Bloemfontein beset is, was die omstandighede waaronder hy dit gedoen het, veel minder kompromitterend as in die geval van Anna se ooms en haar vader Thomas Barry. So skryf Bradford (2002: 41): "When Roberts occupied Bloemfontein, a local ruling stated that unless they surrendered, all men within a ten-mile radius risked loss of their property." Reitz was 'n gesiene lid van die Bloemfonteinse regs- en bedryfslewe. Hy was 38 jaar lank sekretaris van die Vrystaatse Orde van Prokureurs en direkteur van allerlei rade. Die gesin Reitz het in die Koning Edwardstraat in Bloemfontein gewoon.

[\(21\)](#) Dit word saam met die manuskrip van die boek bewaar in die Vrystaatse Argiefbewaarplek in Bloemfontein.

[\(22\)](#) Op die omslag van lêer A553.3 staan: "Ons Japie. 1. Eers 'n handskrif ek dink deur Professor Oberholtzer geskryf. 2. Getikte een deur ek dink mw. Oberholtzer. 3, Briewe ontvang na die verskyning van die boek." Wie die "ek" is, is onvermeld, maar dit is waarskynlik Karel Schoeman. Barry spel die van "Oberholtser" in haar "Ter inleiding". Sien 3.1.

[\(23\)](#) Op die omslag van die Anna Barry-argief in Bloemfontein is die volgende teks getik en onderteken deur Karel Schoeman op 18 Julie 1984: "O.V.S. ARGIEFBEWAAARPLEK per KAAPSE ARGIEFBEWAAARPLEK. Dokumente i.v.m. die Anglo-Boereoorlog te Ficksburg en omstreke en die boek ONS JAPIE deur Anna Barry (mev. C.J. Reitz van Bloemfontein) wat later met behulp daarvan geskryf is. Deur Karel Schoeman aan die Kaapse Argiefbewaarplek oorhandig vir deursending, namens: Mnr. J.F. Reitz, Spray, Hoofweg 105, 7945 St James. Erken asb. Ontvangs aan lg."

[\(24\)](#) Ek hoop om die argiefondersoek wat ek in Junie 2003 in Ficksburg en Bloemfontein gedoen het oor 'n jaar of wat af te rond.

(25) 'n Voorbeeld hiervan is te vind op 29 Julie 1900, nadat Anna Barry se vader na Ficksburg geneem is om verpleeg te word waar hy ook die eed van neutraliteit sou sweer. Anna tref 'n Engelse offisier in die plaashuis aan waar hy deur die ou familie- Bybel blaai waarin die gesin se name geskryf is. Hy sê dan aan haar: ""I see your name is Barry. How come a man with the good old English name of Barry to be fighting against Her Majesty?" Ek antwoord: "My father is not an Englishman. He and his father were born in South Africa and his grandfather was an Irishman." Hy glimlag en sê: "Do you know that his name will tell against him?" Ek sê: "It was his duty to fight for our Republic"" (24).

(26) Die korrespondensie tussen president Marthinus Steyn en sy vrou Tibbie Fraser is waarskynlik die bekendste voorbeeld van hierdie omgangsvorm.

(27) Die polemieë in verband met die eerste uitgawe van Grundlingh (1979) se boek oor die "hendsoppers" en "Joiners" is 'n verdere bewys hiervan. My dank aan een van die keurders vir hierdie opmerking. In my vervolgartikel gaan ek trouens verder op hierdie saak in.

(28) Haar vader was beroemd vir sy "donderpreke". In haar dagboek verwys Anna Barry ook na hom. Ds. Kestell het 'n boek oor sy oorlogservaringe gepubliseer: *Through Shot and Flame. Met de Boerenkommando's*. 'n Duitse uitgawe is ook gepubliseer. Vir hierdie inligting dank ek mnr. Felix Sorour. Hy het my ook gewys op die talle praktiese bydraes wat die Barry's aan die Ficksburgse gemeenskap gelewer het, o.a. die "Japie Barry Nursing Home".

(29) Dit is moontlik dat die besoek van Anna Barry en haar man geïnspireer is deur die Groot Trek-eeufesviering. In daardie tyd is naamlik besonder baie egodokumente oor die Boereoorlog gepubliseer. Vir die publikasie van Anna Barry se dagboek sou die tyd toe nog nie ryp gewees het nie. Paul Gilroy (in Woodward, 1997: 304) wys in sy bespreking van opvallende twintigste-eeuse voorbeelde van sogenaamde "spectacles of identity" op die simboliese Ossewatrek van 1938 as die mees essensialistiese poging om 'n Afrikaner-identiteit te vestig, 'n identiteit wat sy bestending sou soek in die oorwinning van die Nasionale Party in 1948. Tereg beskou Gilroy die Anglo-Boereoorlog nie as 'n dergelike moment waarop Afrikaneridentiteit eksklusief en effektief gevestig is nie omdat die Boere die oorlog verloor het en trouens reeds lank voor die Vrede van Vereeniging dit al duidelik was hoe divers "die" Afrikaner was. Grundlingh se boek *Die "Hendsoppers" en "Joiners"* (1979) en romans soos Christoffel Coetzee se *Wat het geword van generaal Mannetjies Mentz* (1998) en Ingrid Winterbach se *Niggie* (2002) is boeiende uitwerkings hiervan.

(30) Hoeseer die beeld wat die omringende gemeenskap van Anna Barry gehad het gewysig is van die eerste vertelmoment tot ná die tweede vertelmoment, sal blyk uit 'n ondersoek na die resepsie van haar dagboek. Ek het reeds 'n groot deel van hierdie resepsie-onderzoek gedoen, maar ruimtebeperking dwing my om dit later in 'n vervolgartikel te publiseer.

[Elektroniese weergawes
van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir
outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands &
Afrikaans

10de Jaargang, Nommer 2. Desember
2003

Herinnerd Indië: Autobiografische teksten van Indische migrantenschrijvers

- Pamela Pattynama -

Abstract

This article explores texts written by two generations of Indo-Dutch migrant authors as autobiographical memory literature. In these texts the remembrance of the former Dutch colony called the Dutch East Indies has a pivotal role. As memory is discursive and never individually owned, this collective memory of the East Indies is always in flux. Postmodern theories on memory, culture and subjectivity are used to examine how the remembered East Indies works in the distinct series of texts and in Dutch postcolonial culture in general. Conclusion is that in the Dutch postcolonial context, autobiographical texts written by Indo-Dutch migrant authors are a case in point par excellence of the way in which national memory, autobiography and identity become interwoven.

Van oudsher heeft de autobiografische tekst op een geïnteresseerd leespubliek kunnen rekenen. Veel lezers hebben blijkbaar plezier in persoonlijke lotgevallen en waar gebeurde avonturen. Ondertussen zijn ook literaire critici zich intensief bezig gaan houden met levensverhalen. Na de "linguistic turn" en de opgang van postmoderne subjecttheorieën zijn zij geïnteresseerd geraakt in de culturele implicaties van herinneringsprocessen. Langzamerhand kunnen we zelfs wel spreken van een ware explosie aan aandacht voor levensverhalen. De autobiografische tekst is zelfs zo in aanzien gestegen, dat sommigen ervoor pleiten haar als beginsel te nemen voor inzichten in de postmoderne en postkoloniale cultuur als geheel (Ashley, Gilmore & Peters, 1994). Niet iedereen is het daarmee eens, maar in ieder geval hebben traditionele ijkpunten als "waarheid", "authenticiteit" en "gelijkenis" plaats moeten maken voor vragen over de ontologische status van het autobiografische Ik. Veel postmoderne critici zien elk subject als onderdeel en effect van een wijdvertakt en gecompliceerd cultureel netwerk waarin sociale machtsrelaties op elkaar inwerken. Het autobiografische subject vormt vanuit hun optiek geen afgerond beeld en nog minder een optelsom van herinneringen die uit een ver en verstaend verleden zijn opgegraven. Toch zijn juist herinneringen en herinneringsprocessen zich steeds meer op de voorgrond gaan dringen van de aandacht voor de autobiografie. Steeds minder wordt de autobiografie uitgelegd als "archeologisch" herinneringsproces.

In plaats van uit te gaan van een afgerond identiteitsbeeld, vinden hedendaagse cultuurwetenschappers inspiratie in de door Michel Foucault (1977) geopperde "genealogie". Ook in mijn benadering van subjectiviteit is de Foucauldiaanse

genealogie zeer bruikbaar, vooral omdat de methode zo geschikt is voor identiteitsprocessen die niet langs gebaande wegen gaan. Een feministisch voorbeeld van onderzoek naar ongebaande wegen geeft Leigh Gilmore in haar *Autobiographics* (1994). In een aantal levensverhalen van vrouwen traceert zij wat John Paul Eakin een "intricate process of self-discovery and self-creation" noemt (1985: 3). Gilmore is niet geïnteresseerd in de "oorsprong" van vrouwelijke identiteit. Zij volgt de autobiografische zwerftochten van een verward Ik dat zich steeds anders voordoet. Uit haar studie blijkt vooral dat het Ik zichzelf in de postmoderne autobiografie eerder zoekt dan vindt. Gedurende deze zoektochten worden herinneringen geconstrueerd, in plaats van opgedolven.

De autobiografische tekst bezien als narratieve zoektocht waarbij heden en verleden door elkaar heen lopen: voor wie zo leest, vervagen de traditionele grenzen tussen literatuur, geschiedenis en autobiografie. Neem bijvoorbeeld de op historische feiten berustende bestseller van Arthur Japin, *De zwarte met het witte hart* (1997). De roman geeft een beeldrijk verslag van het nationale koloniale en imperialistische verleden. De lezer wordt langs de verschillende locaties gevoerd die het buitengewone leven van twee Ashanti prinsjes hebben bepaald. Halverwege de negentiende eeuw werden deze prinsjes cadeau gedaan aan Nederland als onderpand voor een slaventransport uit Ghana. Opmerkelijk is dat auteur Japin meent dat zijn boek "eigenlijk" autobiografisch is: "dat isolement van die twee jongens, neergezet in een vreemd land, gaat over mijzelf (...) ook ik hoorde als kind nooit bij een groep" (Zwijgers, 2002: 7). Japins persoonlijke biografie speelt totaal geen rol in de roman. Wat mij intrigeert, is dat de roman desondanks om herinneringen draait en wel degelijk de conventies van de autobiografie volgt. In *De zwarte met het witte hart* kijkt de oude prins Kwasi Boachi terug op zijn leven. Hij is al oud en verblijft op zijn koffieplantage in Nederlands-Indië. Blijkbaar spelen in en om de roman verschillende soorten van herinnering. Bij mij roepen die verschillende herinneringen vragen op naar de relatie tussen (literaire) autobiografie, geschiedschrijving en identiteit. Nederlands-Indië figureert hier immers niet toevallig als kruispunt van herinnering, terugblik en zelfrepresentatie. (1) In de Nederlandse literatuur is de exkolonie onverbloemd verbonden met herinnering én met autobiografisch schrijven. Bovendien bezet Indië in de Nederlandse geschiedschrijving en in het culturele zelfbeeld een omstreden positie.

Dit essay gaat over dat omstreden Indië. Centraal staat de functie die het herinnerde Indië inneemt in de Nederlandse postkoloniale cultuur. Een aantal teksten van eerste en tweede generatie Indische migrantenschrijvers wordt hierbij als uitgangspunt genomen. In beide generaties worden herinnering en locatie met elkaar verbonden en wordt er een performatieve handeling van zelfrepresentatie tot stand gebracht. Mijn punt is dat de (tegen)herinnering aan Indië, en dus de zelfrepresentatie die daarop wordt geconstrueerd, een andere functie vervult in de verhalen van de eerste dan in die van de tweede migranten generatie. De eerste generatie die zelf in Indië heeft gewoond representeert "eigen ervaring", terwijl de tweede generatie schrijvers zogenaamde postherinneringen in het leven roept. (2)

1. Exotisch buitenbeentje

Nederlands-Indië is verleden tijd. Sinds de erkenning van de republiek Indonesia in 1949 is de vroegere Nederlandse kolonie van de wereldkaart weggevaagd. Als geografische ruimte mag Indië dan verdwenen zijn, als herinnering is het gebied een blijvende aanwezigheid op de culturele landkaart van Nederland. Hoewel het niet altijd openlijk wordt erkend zit Indië in het hart van de Nederlandse cultuur. (3) Er bestaat dan ook een imposante reeks romans, verhalen, levensgeschiedenissen en beelden die teruggaan op de historische ontmoetingen tussen Nederland en haar ex-kolonie. Indische verhalen waren al populair tijdens het imperialistische tijdperk. Ze droegen bij aan nationale trots – waar een klein land groot in kan zijn – en boden het calvinistische moederland met "pikanterieën" en overspelige personages een erotisch escapisme. (4) Met het afsluiten van het koloniale tijdperk heeft vooral het beeld van Indië als "verzonken continent" opgang gemaakt. Tot op heden is "tropisch Nederland" naast de Tweede Wereldoorlog zelfs een van de meest populaire motieven in de nationale literatuur (Franken, 1996). Elk jaar weer komen nieuwe Indische romans in een mum van tijd bovenaan de bestsellers lijsten terecht. Opvallend is dat nog steeds een aantal publicaties afkomstig is uit de eerste generatie Indische migranten. Zij hebben gezamenlijk een schokkende historische periode meegemaakt die hen tot "lotgemeenschap" heeft gemaakt. (5) Nadat Nederland in 1949 onwillig haar zo profijtelijke kolonie prijs gaf volgde een landverhuizing en diaspora waarbij Indische migranten Nederland binnenstroomden en zich verder over de wereld verspreidden (Willems, 2001). De groep was etnisch heterogeen. Er waren mensen bij met een Aziatische, of "volbloed blanke" achtergrond maar de meesten waren van gemengde afkomst, zogenoemde Indo-Europeanen of Indo's.

De nieuwkomers hadden net de Japanse bezetting van Indië en de daarop volgende Indonesische onafhankelijkheidsoorlog achter de rug toen zij arriveerden. Voor deze lotgenoten zijn de oorlogen met hun kampen, de migratie en diaspora, en het verlies van Indië in de loop der jaren tot herinnering geworden, die een sterk symbolische en emotionele, vaak traumatische lading bezit. Veelal bleef Indië de primaire bron van identificatie, voorgoed ingeweven in het patroon van hun verdere levensloop: Indië was alles. Alles. (Stolk, 1996). (6)

